


# C.R. SWART: SY ROL AS MINISTER, 1948–1959.

[illegible] B.A-Honns., B.Ed.,

Verhandeling ter voltooiing van die graad

MAGISTER ARTIUM in GESKIEDENIS.

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte.

Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

1985

# VOORWOORD.

Die doel van hierdie studie was om die hoogtepunte van C.R. Swart se ministersjare uit te lig. Die dinge wat hy as minister gedoen het, en wat 'n invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing gehad het, word hierin van nader bekyk. Swart het by geleentheid verklaar dat hy deur en deur 'n republikein is en het d.m.v. wetgewing probeer om die strewe na 'n republiek te versterk. Suid-Afrika moes 'n onafhanklike land wees, en dit moes gewaarborg word deur wetgewing. Swart het ook aanspraak gemaak op die Eerste Ministerskap, hoofsaaklik omdat hy sy lewe aan die Suid-Afrikaanse politiek gewy het. Om hierdie rede word 'n hoofstuk aan hierdie belangrike gebeurtenis in sy lewe as minister gewy.

Terwyl ek besig was met hierdie studie, het C.R. Swart op 16 Julie 1982 in die Universitas-hospitaal in Bloemfontein gesterf.

Saam met die volk van Suid-Afrika word sy nagedagtenis deur hierdie studie gehuldig. Onvergeetlik is die persoonlike hulp van sy kant in die vorm van persoonlike onderhoude, briewe en telefoongesprekke. Afdrukke van sy twee oorspronklike briewe aan my is gebind as bylaes B en C op bl. 182 en 184. Die foto van C.R. Swart voor die titelblad is 'n afdruk van J.Kruger se boek Staatspresident C.R. Swart en die handtekening onderaan 'n reproduksie van die een onder aan die brief op bl. 183.

My hartlike dank aan die volgende persone :

Prof. G.N. v.d. Bergh, hoof van die Departement Geskiedenis aan die Potchefstroom se Universiteit vir C.H.O., en my studieleier, vir sy hulp.

My vrou, Christine, vir haar ondersteuning en hulp met die tikwerk.

Mnr. G.M. Ferreira vir die oorlees van die werk.

G.J. KRUGER

REITZ

11 Junie 1985.

## HOOFSTUK III.

## OPTREDE TEEN DIE KOMMUNISME.


| | | |
|---|---|---|
| 3.1. | Stand van die Kommunisme in Suid-Afrika teen 1950........... | 42 |
| 3.1.1. | Inleiding.................... | 42 |
| 3.1.2. | Die eerste fase: 1900 - 1934... | 42 |
| 3.1.3. | Die tweede fase: 1934 - 1950... | 47 |
| 3.2. | Swart en die Nasionale Party se houding teenoor die Kom=munisme ...................... | 52 |
| 3.3. | Die wetsontwerp op die Onder=drukking van Kommunisme......... | 61 |
| 3.4. | Die Verenigde Party se reaksie.. | 68 |
| 3.5. | Die verloop van die wetsontwerp. | 70 |
| 3.6. | Die reaksie teen die wetsontwerp | 72 |
| 3.7. | Die betekenis van die wet ...... | 77 |


## HOOFSTUK IV.

## OPTREDE OM BINNELANDSE VEILIGHEID TE VERSEKER.


| | | |
|---|---|---|
| 4.1. | Agtergrond ................... | 82 |
| 4.2. | Motivering vir die wetsontwerpe.. | 87 |
| 4.3. | Die inhoud van die wetsontwerpe | 91 |
| 4.3.1. | Die wetsontwerp op Openbare Veiligheid ................... | 91 |

4.3.2. Die Strafregwysigings-wets=
ontwerp.......................... 94
4.4. Die reaksie van die Opposisie .. 95
4.5. Die reaksie in die pers ........ 98

HOOFSTUK V.

DIE AANWYS VAN APARTE GERIEWE VIR BLANKES EN SWARTES.

5.1. Agtergrond ..................... 107
5.1.2. Die tydperk 1948-1953........... 109
5.2. Optrede ........................ 113
5.3. Die reaksie .................... 118
5.4. Die betekenis van die wet ...... 124

HOOFSTUK V1.

DIE VERBETERING VAN DIE GEVANGENIS- EN POLISIEDIENS.

6.1. DIE GEVANGENISDIENS........... 127
6.1.1. Die Wet op Gevangenisse ....... 127
6.1.2. Die reaksie ................... 137
6.1.3. Die verbetering van die toe=
stande van die personeel van
die Gevangenisdiens............ 139
6.2. DIE POLISIEDIENS ............. 140

6.2.1. Agtergrond .................... 140
6.2.2. Die ontstaan van die Veilig=
heidspolisie.................... 142
6.2.3. Die instelling van die blits=
patrollie...................... 143

## HOOFSTUK VII.

## DIE STRYD OM DIE EERSTE MINISTER=SKAP, 1958.

7.1. Agtergrond..................... 146
7.2. Die goewerneur-generaal se
optrede........................ 151
7.3. Die verkiesing van die premier.. 154

## HOOFSTUK VIII.

SLOTBESKOUING........................... 162

BRONNELYS............................. 171
BYLAE A: ENGELSE SAMEVATTING ....... 180
BYLAE B: BRIEF VAN C.R. SWART ..... 182
BYLAE C: BRIEF VAN C.R. SWART ..... 184
BYLAE D: C.R. SWART SE HISTORIESE
BOODSKAP...................... 185
BYLAE E: TOEGANG TOT SWARTWOONGE=
BIEDE 186

# C.R. SWART: SY ROL AS MINISTER, 1948 - 1959.

## HOOFSTUK I.

## LEWENSGESKIEDENIS.

### 1.1. Lewensgeskiedenis tot 1948.

Charles Robberts Swart is op 5 Desember 1894 op die plaas Morgenzon in die distrik Winburg[1] in die Oranje-Vrystaat gebore as derde kind van ses van Hermanus Bernardus Swart en Aletta Catharina Swart, gebore Robberts. Maklike kin= derjare het hy nie beleef nie. In die twee Boererepublieke in Suidelike Afrika het groot onrus geheers a.g.v. die toe= nemende belangstelling van Brittanje in die rykdomme, soos bv. die goud aan die Witwatersrand, van die twee state. Skaars was hy vyf jaar oud toe dit uitloop op die Tweede Vryheidsoorlog in 1899. Sy vader was op Kommando en is gedurende die slag van Paardeberg gewond en gevange geneem. Hy is tot aan die einde van die oorlog in krygsgevangekam= pe by Simonsstad en Groenpunt gevange gehou. Sy moeder en haar kinders is deur die Engelse magte na die konsentrasie= kamp by Winburg geneem. Daar het hulle gebly tot aan die einde van die oorlog.[2]

Op sewejarige ouderdom en met die gesin terug op die plaas, het 'n skoolloopbaan begin wat sou afstuur op 'n baie suk=

---

1. Die plaas is in die huidige distrik Marquard.
2. J. Kruger, Staatspresident C.R. Swart, p. 4.

sesvolle loopbaan.[3] In 1902 het hy vir die eerste keer die "Goewermentskool" besoek. In die Engelse atmosfeer wat daar geheers het, was hy baie ontuis. As gevolg van die kennis wat hy van Engels in die konsentrasiekamp opgedoen het, het dit geblyk asof hy die Engelse onderwyseres soms beter verstaan het as wat sy hom verstaan het vanweë haar gebrekkige kennis van Afrikaans. Gelukkig vir hom is die C.N.O-skole in daardie stadium as reaksie teen Milner se verengelsinsbeleid in die gewese republiek, gestig. 'n C.N.O.-skool of Kerkskool, soos dit ook genoem is, is in Winburg in 'n pakkamer in die agterplaas van een van die huise op die dorp gestig.

Toe na enkele jare die "Goewerment-" en C.N.O.-skole saamgesmelt het, is daar vasgestel dat die C.N.O-skool leerlinge 'n hele jaar voor die regeringskole met hulle werk was. Hierby het die jong Swart ook gebaat. Hy was in standerd drie, maar is oorgeplaas na standerd vyf. Aangesien die aantal leerlinge nie 'n aparte leerkrag vir elke standerd geregverdig het nie, en a.g.v. die tekort aan onderwysers, het hy hom die volgende jaar in dieselfde klaskamer as die standerd sewe-leerling bevind. Hy het daarop aangedring om die hoër eksamen, die sg. "School Higher" te skryf.[4] Hy het dit geslaag en die daaropvolgende jaar

3. Ibid., p. 9.

4. Ibid., p. 10.

ook die standerd agt-eksamen. Hy was toe slegs twaalf jaar oud. In standerd nege het hy hom saam met die ma= trieks in die klas bevind. Sonder dat hy die standerd nege-eksamen geskryf het, is hy toegelaat om in 1908 op die buitengewone jeugdige ouderdom van 13, die standerd tien-eksamen te skryf.

Werk was op daardie stadium betreklik skaars en omdat hy so jonk was, vir hom besonder moeilik om te vind. Omdat hy toe alreeds 'n belangstelling in die regte getoon het, is hy in die betrekking van landdrosklerk te Winburg aange= stel. Hy het die betrekking egter slegs vir een jaar be= klee omdat sy belangstelling in die regte en sy strewe na verbreiding van sy kennis hom laat inskryf het aan die Grey Universiteitskollege te Bloemfontein in 1910. Daar het hy drie jaar later die B.A.-graad in die regte verwerf. Tydens sy studies het hy groot belangstelling vir Latyn openbaar.[5]

Teen die einde van 1913 was hy dus gegradueerd en wou voort= gaan met sy studies in die regte. Die nodige geld daarvoor het egter ontbreek en hy het besluit om hom eers tot die onderwys te wend om sodoende geld bymekaar te maak. Hy het aan die begin van 1914 'n betrekking aan die Hoërskool Ficksburg aanvaar. Hierdie betrekking het hy slegs een jaar beklee en aan die begin van 1915 ten spyte van finansiële

---

5. D. Visser, My vader, die Staatspresident, p. 23.

nood teruggekeer na die Grey Universiteitskollege waar hy ononderbroke studeer het tot 1918 en die LL.B-graad verwerf het.

Sy onderwyservaring het hom goed te staan gekom. Gedurende die hierdie laaste tydperk as student, was hy naamlik sekretaris van die Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat se eksamenraad. Na sy studies in 1919 is hy aangestel as regsassistent van die Bloemfonteinse munisipaliteit. Hy was tegelykertyd ook deeltydse lektor aan die Universiteitskollege en die Landboukollege Glen. Aan die Universiteit het hy onderrig gegee in die Regsfakulteit en aan die Landboukollege was hy verantwoordelik vir die onderrig van landbouwette.[6]

In 1924 is hy getroud met Cornelia Wilhelmina (Nellie) de Klerk van Winburg. Uit die huwelik is twee kinders gebore, Magdalena Petronella (1927) en Hermanus Bernardus (1932).

Hy het hom hierna op verskeie terreine onderskei. In die jare 1921 - 22 het hy hom toegelê op die joernalistiek.[7] Hy het o.a. die Verenigde State van Amerika besoek en aan die Universiteit van Columbia in 1922 'n diploma in die joernalistiek verwerf.

---

6. A.C. Jordaan, Charles Robberts Swart, eerste Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, p. i.

7. Ibid.

In 1922 was hy die verteenwoordiger van Die Burger by die wêreldontwapeningskonferensie in Washington. In 1937 was hy vir 'n tyd lank waarnemende redakteur van die Bloemfonteinse middagkoerant Die Volksblad. Hy was ook parlementêre verteenwoordiger van Die Burger en Die Volksblad. Behalwe hierdie rubrieke het hy ook gereeld artikels in ander tydskrifte laat verskyn, soos in The South African Sun, South African Nation, New Era, Sunday Express, The Friend, Die Landbouweekblad, Die Ruiter en Die Huisgenoot. In die South African Nation het hy vanaf 1924 tot 1929 'n rubriek onder die skuilnaam M.L.A. (Member of Legislative Assembly) gelewer. Die titel van die rubriek was Pictures in Parliament. Verder het hy hom ook op die romankuns toegelê en twee romans Kinders van Suid-Afrika (1933) en Die Agterryer (1939) geskryf.[8]

Eretoekennings van verskillende aard het hom te beurt geval.[9] Die hoogste het hy in 1972 ontvang van die Suid-Afrikaanse regering, waarvan hy so lank lid was en deur wie hy ook as staatshoof aangestel is, nl. die Dekorasie vir Voortreflike Diens (D.V.D.). Drie universiteite, die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, die Rhodes-Universiteit en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het die eregraad doktor in die Regte aan hom toegeken.

In 1950 het die Voortrekkerbeweging hom vereer. Hy het

---

8. Ibid.
9. Ibid.

altyd die nouste verbintenis met die organisasie gehad. In 1931 was hy een van die stigterslede daarvan en het hom aktief beywer daarvoor. Hy het ook lid van die hoofbestuur gebly totdat hy in 1948 minister geword het. Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (F.A.K.) het hom vereer met lewenslange lidmaatskap. Ook daarvan was hy 'n stigters=lid en het hy voortdurend 'n aktiewe rol in die liggaam se bedrywighede gespeel.

Hy is verder deur 'n groot aantal openbare liggame vereer, onder meer die Kollege van Interniste, Chirurge en Gineko=loë, die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekte, die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging, die Vrystaatse Landbou-Unie en die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans. Al hierdie liggame is die een of ander stadium geraak deur sy werk as minister.[10]

Hy het in die Regiment Louw Wepener en die Regiment Univer=siteit Oranje-Vrystaat die pos van ere-kolonel beklee. Verskeie dorpe en stede het aan hom ereburgerskap toegeken en vyf skole in die verskillende provinsies is na hom ver=noem.[11]

Swart se uiteenlopende belangstelling het aan hom 'n baie avontuurlike lewe besorg. Gedurende die Rebellie van

---

10. Ibid., p. ii.

11. Ibid., p. iii.

1914, terwyl hy 'n onderwyser op Ficksburg was, is hy a.g.v. sy deelname aan die bedrywighede daarvan in hegtenis geneem en opgesluit. Hy het openlik verklaar dat hy die opstand ondersteun en aan protesvergaderings deelgeneem. Hy het tweekeer voor 'n krygsraad verskyn en is beskuldig van spioenasie en voorneme om by die Rebelliemagte aan te sluit.[12] In 1921, terwyl hy in Londen was, het hy in Hyde Park 'n seepkissie-toespraak gehou oor die Kleurvraagstuk in Suid-Afrika. In Hollywood het hy deelgeneem aan die maak van rolprente en in een film die rol van die skurk vertolk. Ter wille van joernalistieke ervaring het hy stof vir artikels in die agterbuurtes van New York versamel.

Hy het 'n lewendige belangstelling en liefde vir die boerde=rybedryf getoon. Nadat hy in 1967 uitgetree het as staats=president, het hy hom op sy plaas, De Aap, naby Brandfort gevestig. Solank as sy liggaamskragte dit nog toegelaat het, het hy daar aktief geboer. Algaande het hy die boer=derybelange verminder, maar op die plaas bly woon tot met sy dood op 16 Julie 1982.

## 1.2. Regsopleiding en -praktyk.

Kort nadat hy sy LL.B.-graad verwerf het, is Swart se lewens=ideaal van 'n regsloopbaan verwesenlik toe hy as advokaat in die Vrystaatse Hooggeregshof toegelaat is.[13] Die prak=

---

12. Die sel waarin hy aangehou is, is tot historiese gedenk=waardigheid verklaar.
13. J. Kruger, op. cit. p. 16.

tyk wat hy hierna opgebou het, het hy volgehou totdat hy minister van Justisie geword het in 1948.

As advokaat het hy belangrike ondervinding opgedoen wat hom goed te staan gekom het in sy latere pos as minister van Justisie. Een van sy eerste sake was een waarin genl. C.R. de Wet betrokke was. As junior van genl. J.B.M. Hert=zog, toe reeds befaamde advokaat en volksleier, moes Swart die eis van ene Stephens teen genl. de Wet hanteer. De Wet het die serwituut vir die bou van 'n dam verkry. Stephens was sy buurman en die water sou opstoot in die grond van Stephens, maar niemand het verwag dat dit die plaashuis sou omring nie. Stephens het van De Wet skadevergoeding geëis vir die beskadiging van sy huis. Die hof het uit=spraak gegee ten gunste van die eiser, maar Swart het appèl aangeteken en die appèlhof het bevind dat die serwituut geldig was.[14]

Swart het inderdaad 'n benydenswaardige reputasie as advokaat bekom. Geeneen van sy kliënte wat van moord aangekla is, is ter dood veroordeel nie.[15] Hulle is almal onskuldig bevind of op die mindere aanklag van manslag skuldig bevind.[16]

---

14. Ibid., p. 165.

15. Ibid., p. 164.

16. Ibid.: Alhoewel geeneen van sy kliënte tot die dood veroordeel is nie, moes hy as minister 600 doodsvon=nisse onderteken, o.a. van twee Blanke vroue. Hierdie plig het hy net so getrou uitgevoer as sy pleidooie vir die beskuldigdes.

'n Lid van die redaksie van Die Volksblad, Giep Joubert,[17] is een nag gedurende die Tweede Wêreldoorlog by sy woning gewek deur 'n kaptein in 'n lugmaguniform wat op sy stoep doenig was. Joubert het op die persoon geskiet en hom gedood. As goeie vriend het Swart hom verdedig. Hy het die verhaal van 'n wapenkundige, nl. dat 'n persoon wat on=kundig met 'n pistool is, sy duim verkeerd hou en dat die wapen dan na links beweeg sodra die skoot afgaan, aangegryp vir die verdediging. Hy het beweer dat sy kliënt 'n waar=skuwingskoot wou afvuur, dat die pistool na links geswaai het en dat die slagoffer binne in die skoot in gehardloop het. Die noodlottige verwonding was dus 'n ongeluk. Op grond hiervan is Joubert onskuldig bevind en ontslaan.[18]

Hierdie vindingrykheid en wakkerheid sou Swart later in sy politieke loopbaan baie aan die dag lê. As politikus moes hy net so skerpsinnig wees en moes hy 'n insig openbaar om soos in hierdie geval vinnig en weldeurdag te kan optree.

1.3. Politieke loopbaan.

Reeds vroeg in sy lewe het hy intens belanggestel in die politiek. Die eerste sigbare bewys hiervan was sy optrede tydens die Rebellie. Hy kon hom nie vereenselwig met die optrede van die Suid-Afrikaanse regering teen die Duitse

17. Vir etlike jare het hy die rubriek Stop van Myne in Die Volksbald behartig.

18. J. Kruger, op. cit., p. 165.

kolonie Suidwes-Afrika nie en het uit protes deelgehad aan die bedrywighede van die rebelle.[19]

Vanaf 1919 tot 1928 het hy as organiserende sekretaris van die nuutgestigte Nasionale Party in die Oranje-Vrystaat op= getree en in 1920 het hy as kandidaat van die Party vir die Provinsiale Raad in die kiesafdeling Bloemfontein-Wes ge= staan, maar nie die paal gehaal nie.[20]

In 1923 het hy die eerste keer na die Volksraad gegaan as lid vir die kiesafdeling Ladybrand en dit gebly tot 1938 toe hy verslaan is deur die kandidaat van die Verenigde Party.[21]

In die Volksraad was hy altyd 'n gewilde lid en spreker. Hier= oor is o.a. in die pers geskryf: "..... en dan is daar nog een gewilde lid. Hy is adv. Swart. Onder die persmanne is hy bekend as oom Black. Jare lank al hou die persmanne by die parlement 'n jaarlikse funksie waarheen hulle gewoonlik 'n paar parlementslede uitnooi. Adv. Swart is altyd onder hulle en dikwels is hy eerste op die lys."[22] Die feit dat hy self 'n persman was, hulle taal kon praat en die probleme van die pers geken het, het hom simpatiek teenoor hulle gemaak

---

19. Vgl. p. 7, asook voetnoot 12.
20. J. Kruger, op. cit., p. 15.
21. A.P.J. van Rensburg, Biografie: C.R. Swart - Briljante veelsydige mens, p. 16.
22. Die Volksblad, 13.2. 1946, Stop van Myne.

As spreker het hy talent en oorredingsvermoë besit. Hy het dikwels toegewings as opposisielid uit die regering verkry wat geen ander persoon kon regkry nie. Tydens sy opposisie-dae het hy dit dikwels gekry deur oorreding van minister Jan Hofmeyr op wie hy 'n diepe indruk gemaak het.[23]

In 1938 het hy sy setel, Ladybrand, verloor as gevolg van die samesmelting van die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party. Swart het hom nie vereenselwig met hierdie vereniging nie, en hy is in die verkiesing verslaan deur die kandidaat van die nuwe party wat uit die vereniging ontstaan het, die Verenigde Party. Hy het lid gebly van die Nasionale Party, of die Gesuiwerde Nasionale Party soos dit toe bekend gestaan het. Voor die verkiesing van 1938 is die setels herafgebaken en Ladybrand is, vir hom, baie ongunstig getref. Swart se sterk vestings, Ficksburg, Rosendal en Fouriesburg is afgesny en die hoofsaaklik Engelsprekende Westminister is bygevoeg.[24]

In 1940 het hy teruggekeer na die Volksraad en hierdie keer as lid vir Winburg, die omgewing waar hy gebore is en groot geword het. Hier het hy die Republikeinsgesinde, dr. N.J. v.d. Merwe opgevolg. Hy het hierdie setel verteenwoordig totdat hy in 1959 die laaste goewerneur-generaal van

23. J. Kruger, op. cit., p. 100

24. Ibid.

die Unie van Suid-Afrika geword het. In al die tyd as verteenwoordiger vir Winburg, sou hy net so hard veg vir 'n republiek as sy voorganger.[25]

Van 1940 tot 1959 was hy leier van die Nasionale Party in die Vrystaat. Vir hierdie taak was hy besonder goed toe=gerus, want vir geruime tyd was hy die sekretaris van die Party in die provinsie. Vanaf 1930 tot 1959 was hy lid van die Federale Raad van die Nasionale Party. Vanaf 1948 tot 1959 was hy minister van Justisie. Op hierdie gebied sou sy grootste bydrae in die Suid-Afrikaanse politiek lê. Hy het ook geageer as minister van Onderwys, Kuns en Weten=skap (1949-1950). Van die ander portefeuljes waarin hy waargeneem het, was die van Eerste Minister, Buitelandse Sake, Verdediging, Mynwese, Vervoer, Naturellesake, Bosbou, Volksgesondheid en Volkswelsyn. Vanaf 1954 tot 1959 was hy adjunk-eerste minister en leier van die Volksraad. In 1955 het hy Suid-Afrika verteenwoordig op die konferensie van Eerste Ministers van die Statebond. In dieselfde jaar het hy ook die Suid-Afrikaanse regering by die stigting van 'n appèlhof in die Federasie van Rhodesië en Njassaland verteenwoordig.[26]

In 1958 met die afsterwe van die eerste minister, adv. J.G. Strijdom, is hy deur die goewerneur-generaal, dr. E.G. Jan=sen, benoem as waarnemende en tussentydse eerste minister.

---

25. Die Volksblad, 2. 1. 1948 - Hoofartikel.
26. A.P.J. van Rensburg, op. cit., p. 16.

Vanaf 12 Januarie 1960 tot 30 April 1961 was hy die laaste goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika. Met republiekwording op 31 Mei 1961 het hy die eerste staats=president van die Republiek van Suid-Afrika geword. Hier=die pos, wat hy beklee het tot 31 Mei 1967, was die erken=ning vir die werk wat hy oor baie jare gedoen het.[27]

1.4. <u>Die 1948-verkiesing en opname in die kabinet.</u>

Ten tye van die 1948-verkiesing het Swart reeds diep spore in die politiek getrap en hy was een van die staatmakers van die Nasionale Party. In die Oranje-Vrystaat waar Swart die provinsiale leier van die Nasionale Party was, was na die 1943-verkiesing nog net een kiesafdeling, Bloem=fontein-Stad, nie onder beheer van die Nasionale Party nie. Hier was dr. Colin Steyn, seun van oud-president M.T. Steyn van die Vrystaatse Republiek, en lid van die Verenigde Party, die sittende lid.

In die 1948-verkiesing het Swart soos voorheen die Verenigde Party beveg. Hy het die toestand in die Provinsiale Raad ten gunste van sy party uitgebuit. Daar was op daardie stadium spanning tussen die oorwegend Nasionaalgesinde Raad en die administrateur, prof. S.P. Barnard, wat deur die Ver=enigde Party aangestel was. 'n Direkteur van onderwys moes in die provinsie in die plek van dr. S.E. Pellisier, wat afge=

---

27. Ibid.

tree het, aangestel word. Die Provinsiale Uitvoerende Komi=tee is nie toegelaat om sy eie direkteur van onderwys aan te stel nie. Die Verenigde Party-regering wou 'n persoon aanstel wat hulle goedgesind was en was bevrees dat die Nasionale Party-beheerde Raad 'n persoon sou aanstel wat die regering skade kon berokken. Sedert die stigting van die Unie het die Raad egter reeds 14 sodanige direkteure aan=gestel, wat nooit deur die Staatsdienskommissie afgekeur is nie.[28]

Die Staatsdienskommissie het nou egter mnr. C.M. Booysen, sekretaris van Onderwys in Natal, aangestel as direkteur in weerwil van die Vrystaatse Uitvoerende Komitee se kandidate. In die Vrystaat het die gemoedere hoog geloop en is die direk=teurskwessie voor die deur van die regering gelê. Op 4 Fe=bruarie 1948 het Swart in die parlement gesê: "Wat sal ge=beur as 'n Nasionale regering in die toekoms 'n persoon uit die Vrystaat in Natal aanstel? Natal sal weer dreig om uit die Unie te bedank, en ek sal hulle dit nie verkwalik nie."[29]

Die uiteinde van die saak was egter dat die Vrystaat hulle moes berus by die aanstelling deur die regering. Die onte=vredenheid het voortgeduur en die Nasionale Party het hierdie aangeleentheid gebruik in die daaropvolgende verkiesing tot

---

28. Die Volksblad, 5. 2. 1948, Voorbladberig.

29. Ibid.

hulle eie voordeel.

Op 24 Maart 1948, die laaste sittingsdag van die Volksraad voor die verkiesing, het Swart die regering skerp aangeval. Hy het beweer dat hy die diskriminasie tussen die verskil= lende taalgroepe, -liggame en -verenigings in die land ge= laak het. Staatsamptenare mog byvoorbeeld nie aan die Broederbond of Jeugbond behoort het nie, maar wel aan die Jeugfront, 'n integrale deel van die Verenigde Party, en die Springbok-Legioen, 'n erkende Kommunistiesondersteunde orga= nisasie. Laasgenoemde organisasie het openlik verklaar dat hy in die verkiesing alles teen die Nasionale Party in die stryd sou werp. Hulle is ook in hierdie besluit gesteun deur die Jewish Board en die Sons of England.[30]

Op vergaderings deur hom gehou, het hy die kiesers belowe dat die Nasionale Party sy beste sou lewer tot die algemene wel= syn van die land. Op 24 April 1948 het hy 'n groot Nasio= nale dag op Estoire naby Bloemfontein toegespreek en aan die kiesers die versekering gegee dat hy en sy Party diè voort= bestaan van die Blanke sou verseker. Hy het verder sake van nasionale belang aangeraak en veral Engelse predikante ge= kritiseer oor hulle aanvalle op die Afrikaanse kerke en kultuurorganisasies. Die regering, het hy beweer, het die immigrante ten koste van die Suid-Afrikaners bevoordeel, en hy het die voorbeeld genoem dat Suid-Afrikaners wat skool verlaat

30. Ibid., 25. 3. 1948.

het, nie werk in die motornywerheid kon kry nie, terwyl immigrante daarin aangestel is. 'n Verdere aanval wat hy op die regering geloods het, was 'n goudlening ter waarde van £80 miljoen aan Brittanje, en dit terwyl Brittanje kort tevore 'n verbod geplaas het op die verkoop van Suid-Afri= kaans -vervaardigde skoene in Brittanje en sy kolonies in Noord-Afrika.[31]

Op 'n vergadering op 17 Mei 1948 in Bloemfontein het hy aan die kiesers van die Vrystaat verklaar dat, soos in 1924, hy sou sorg vir vrede tussen die twee Blanke groepe, dat hulle die gevaarlike immigrasiebeleid sou stop en 'n besliste kleurbeleid sou handhaaf.

Soos alle ander Nasionale Party-kandidate, het hy van die apartheidsaangeleentheid 'n belangrike verkiesingsstrydpunt gemaak, en het hy die kiesers belowe om 'n gesonde beleid van Apartheid in te voer. Die Nasionale Party het 'n af= sonderlike ontwikkeling tussen Blank en Gekleurd voorgestaan en sou toesien dat dit te alle tye op alle gebiede uitgevoer word.[32]

Met die steun van die Afrikanerparty het die Nasionale Party die verkiesing gewen en aan bewind gekom. In die Oranje-Vrystaat was nog steeds net die setel Bloemfontein-Stad

---

31. Ibid., 26. 4. 1948.

32. Ibid., 18. 5. 1948.

nie in die hande van die Nasionale Party nie. Swart het in daardie verkiesing in sy kiesafdeling Winburg sy teenstander, mnr. P.A. Anderson, met 5 469 stemme teenoor 2 239 verslaan. Hy het hiermee sy meerderheid van 1 349 in die 1943-verkiesing tot 3 230 vergroot.[33]

Toe dr. Malan op 4 Junie 1948 sy kabinet saamgestel het, is Swart aangestel as minister van Justisie. Hy was voor die verkiesing die skynminister en die Nasionale Party se hoofspreker oor justisiesake. Behalwe dat hy hom in die parlement diep ingegrawe het in justisiesake, het hy 'n deeglike kennis van die wet gehad en dit is te verstane dat die Eerste Minister hom as leier van die Nasionale Party in die Vrystaat in hierdie pos sou aanstel. Dit het geblyk 'n goeie keuse te wees, want daar is beweer dat hy veral weens sy hoflikheid, sy nederigheid en eerlikheid een van die gewildste lede van die kabinet was. Hy is ook geloof as politikus wat onwrikbaar by sy woord staan, en dat niemand ooit aan hom hoef te getwyfel het nie.[34]

## 1.5. Republikeinse ideaal.

Swart se hele politieke loopbaan is geïnspireer deur sy republikeinse ideaal. 'n Duidelike bewys hiervan was die gebeure rondom die koningsbesoek in 1947. Hy het saam met

---

33. Ibid., 28. 5. 1948.
34. Ibid., 5. 6. 1948- Stop van Myne.

die provinsiale leiers van die Nasionale Party, dr. D.F. Malan van die Kaapprovinsie en adv. J.G. Strijdom van Transvaal nie die verwelkomingsgeleentheid bygewoon nie. Aanvanklik is daar deur die Nasionale Party onderneem om aan die verwelkoming deel te neem, maar kort voor die aankoms van die koning is daar anders besluit omdat dit sou bots met hulle republikeinse ideaal.[35]

Op 12 Mei 1949 het Swart 'n toespraak in die parlement gehou en het hy gesê: "Laat my vooraf sê dat republikanisme die sentrum is van my hele politieke geloofsbelydenis sedert die dag toe ek in die politiek getree het. Ek is 26 jaar gelede as lid van hierdie Volksraad verkies, en by my eerste verkiesing het ek aan die kiesers gesê: 'Indien u my kies, weet u dat u 'n republikein kies. Ek is republikeinsgesind. Ek is 'n republikein gebore; ek is 'n republikein deur sentiment en deur oortuiging'."[36] Vir hom was daar net een einddoel wat die staatsvorm van Suid-Afrika betref, en dit was 'n republiek. Republiekwording het ook beteken die verkryging van soewereine mag. As Suid-Afrika 'n republiek sou word, was die regering aan geen ander land verantwoordelik nie en kon die regering sy eie sake reël. Hierdie republikeinse ideaal het duidelik na vore gekom en wette wat hy later sou deurvoer, soos bv. die Wet op die Afskaffing

---

35. Die Suidwes-Afrikaner, 6. 3. 1947.

36. Debatte 1949, kol. 5763.

van die Appèl na die Britse Geheime Raad.

Hy het hiermee sy vorige standpunt, toe hy onverbiddelik teen genl. Hertzog, wat nadat hy van die Verenigde Party weggebreek het en weer by die Gesuiwerde Nasionale Party wou aansluit, kant gekies het. Genl. Hertzog het beweer dat hulle geen republikeinse party kon wees nie.[37] Swart was vasberade dat alvorens vereniging tussen die twee groepe kon plaasvind, uitsluitsel verkry moes word oor republikanisme. Swart en Hertzog kon op politieke gebied mekaar nie vind nie en Swart was nooit 'n Hertzog-ondersteuner nie. Dit het bygedra tot 'n persoonlike antipatie vir mekaar.

Sy optrede het uitgeloop op 'n republikeinse monstervergadering op 20 Julie 1940 by die Vrouemonument in Bloemfontein. Swart was saam met dr. N.J. v.d. Merwe, sy voorganger as Volksraadslid vir Winburg, en groot voorstander van 'n republiek, die sprekers by die geleentheid. Hulle het tot die slotsom gekom dat die tyd ryp was vir 'n republiek waarin Christelike nasionalisme bevorder kon word, waarin die Blanke beskawing op elke terrein gehandhaaf kon word en waarin ekonomiese stabiliteit vir die land bewerkstellig kon word.[39]

---

37. J. Kruger, op. cit., p. 58.

38. T.D. Moodie, The Rise of Afrikanerdom, Power Apartheid and the Afrikaner Civil Religion, p. 208.

39. C.F.J. Muller, Vyf honderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis p. 384; Vgl. ook; V.d. Schyff, P.F., Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse Politiek, p. 564.

Vir die verwesenliking van hierdie ideaal sou hulle egter nog 21 jaar moes wag.[40]

Vir Swart het die beginsel van "Suid-Afrika Eerste" gegeld, en daarom het hy geglo dat die republikeinse staatsvorm die beste vir Suid-Afrika sou wees, omdat Suid-Afrika se soewe= reiniteit alleen daardeur bevestig kon word. Hy het ook geglo dat 'n republiek die enigste middel was om ware rasse= samewerking tussen die twee Blanke rasse in die land te be= werkstellig.[41]

Sy eerste stap in hierdie rigting as minister was toe hy op 24 Januarie 1950 kennis gegee het van 'n wetsontwerp wat voor= siening sou maak vir die afskaffing van die appèl na die Britse Geheime Raad.[42] Hierdie skakel met Brittanje het in= breuk gemaak op Suid-Afrika se soewereiniteit. Die feit dat daar 'n hoër gesag as die Suid-Afrikaanse Appèlhof was, is nie slegs deur Swart betreur nie, maar deur die hele Na= sionale Party. In 'n verkiesingsmanifes wat voor die 1948-verkiesing uitgegee is, kon gesien word dat die hele Party daaroor bekommerd was. In hierdie verkiesingsdokument is beloof dat indien die Party die verkiesing wen, onmiddellik aandag gegee sou word aan die afskaffing van die appèl.[43]

---

40. J. Kruger, op. cit., p. 59.
41. Ibid.
42. Debatte 1950, kol. 115.
43. C.R. Swart-versameling, Lêer 6/2/2/1/1: Pamflet: Ver= kiesingsmanifes van die Nasionale Party voor die 1948-verkiesing.

# HOOFSTUK 11.

## DIE AFSKAFFING VAN DIE APPèL NA DIE BRITSE GEHEIME RAAD.

### 2.1. Agtergrond.

Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910, het artikel 106 van die Zuid-Afrika-wet as volg gelui: "..er zal geen appèl zyn van 't Hooggeregshof van Zuid-Afrika of een afdeling daarvan naar de Koning-in-Rade, behalwe in sekere gevallen waar de Koning-in-Rade en die Geheime Raad daarvoor toestemming geeft."[1]

Die insluiting van die artikel in die grondwet, het getoon dat die afgevaardigdes van die verskillende state wat in 1908 en 1909 onderhandel het om 'n verenigde Suid-Afrika daar te stel, die land se hoogste hof as hoogste regspreken=de gesag aanvaar het, maar tog 'n agterdeur oopgehou het om na die Britse Geheime Raad te appèlleer.[2] Hierdie artikel het daartoe aanleiding gegee dat van tyd tot tyd in Suid-Afrikaanse regsgedinge na die Britse Geheime Raad geappèl=leer is. Vanaf 1910 tot 1950 was daar tien sulke appèlle teen uitsprake van die Suid-Afrikaanse howe. As gevolg van die feit dat die Engelse regstelsel langs eie weg ont=

---

1. Debatte 1950, kol. 944; Vgl. L.M. Thompson, The unifi=cation of South Africa, 1902 - 1910, pp. 261/262.

2. L.M. Thompson, op. cit., pp. 261/262; Vgl. D.W. Kruger, The making of a nation - a history of the Union of South Africa, 1910 - 1961, p. 39.

wikkel het, het dit gebeur dat uitsprake wat volgens die Romeins-Hollandse regstelsel van Suid-Afrika gegee is, om= vergewerp is.[3]

Die hele aangeleentheid was vir Swart belangrik. Gedu= rende sy vroeë politieke loopbaan het hy telkens pogings aangewend om die appèl na die Geheime Raad afgeskaf te kry. As gewone Volksraadslid, voordat hy in 1948 minister ge= word het, het hy in 1935, 1937 en 1947 gepoog om so 'n wet deur die Parlement geloods te kry. Toe hy in 1937 die wets= ontwerp ingedien het, is hy deur die lede van die Volksraad beskuldig van beheptheid met die aangeleentheid.[4]

### 2.1.1. Swart se pogings voor 1950 om die Appèl na die Britse Geheime Raad afgeskaf te kry.

In 1935 het Swart hierdie saak vir die eerste keer geopper toe die destydse minister van Justisie, genl. J.C. Smuts, 'n wetsontwerp ingedien het om die regspleging van Suid-Afrika te wysig. Aan Swart is belowe dat daar aan aandag gegee sou word. Volgens Swart se toespraak toe hy die aangeleentheid in 1950 deurgevoer het, is sy versoek in 1935 eenvoudig van die hand gewys op grond daarvan dat dit eintlik as 'n onnodige aangeleentheid beskou is.[5]

---

3. Debatte 1950, kol. 945.
4. Ibid., 1937, kol. 222.
5. Ibid., 1950, kol. 942.

Gedurende die parlementsitting van 1937, het Swart ernstige aandag aan die saak gegee. Op 12 Januarie 1937 het Swart toestemming verkry om wetgewing in te dien om die Appèl na die Britse Geheime Raad te laat afskaf. Die wetsontwerp is vir die eerste keer gelees en die tweede lesing is be= paal vir 15 Januarie 1937.[6]

Tydens die tweede lesing het Swart hom veral daarop beroep dat volgens vroeëre uitsprake dit geblyk het dat die Britse Geheime Raad alleen appèlle kon behandel wat gegaan het oor 1) groot konstitusionele vraagstukke en 2) sake waarby groot regsbeginsels betrokke is.[7] Dit was in die lig van eers= genoemde dat Swart so 'n spoedeisende aangeleentheid hiervan gemaak het. As die Geheime Raad hom kon uitlaat oor kon= stitusionele sake, kon die Raad 'n republiek in Suid-Afrika verhoed. Verbasend is dat Swart op daardie stadium so baie aandag aan die saak gegee het, want as Opposisielid wat geen onmiddellike vooruitsigte vir 'n oorname van die regering gehad het nie, kon hy besef het dat hy eintlik in 'n dood= loopstraat was.

Sy bekommernis was ook groot oor die feit dat die Geheime Raad besluite van die Suid-Afrikaanse parlement omver kon werp. Daar kon die gevoel ontstaan dat buite Suid-Afrika 'n instansie bestaan het met hoër gesag as die Suid-Afrikaan=

6. Ibid., 1937, kol. 32.

7. Ibid., kol. 218.

se parlement. Daar was altyd die moontlikheid dat die Swart= bevolking byvoorbeeld na die Geheime Raad appèlleer en hul= le sou 'n besluit van die Suid-Afrikaanse regering kon ver= ander.[8]

Swart het teenkanting van die regering gekry. Vir genl. J.C. Smuts, nog steeds die minister van Justisie, was hier= die nie 'n belangrike saak nie. Hy het beweer dat die en= kele kere wat daar van gebruik gemaak is, nie veel praktiese waarde aan verbonde was nie. Tog was dit so dat reeds in 1920 die Geheime Raad in so 'n saak uitspraak gelewer het. Die hele aangeleentheid het getoon dat daar wel van die ver= gunning gebruik gemaak is en dat Swart wel rede vir sy kwel= ling gehad het. Vir Smuts was Brittanje se belange iets wat beskerm moes word, en daarom het hy Swart se poging gesien as 'n poging om verwydering te bring tussen Afrikaans- en Engelsprekendes. Die aangeleentheid kon ontaard in 'n bedreiging vir die Afrikaner se onafhanklike status en vir die Engelsprekende 'n verbreking van 'n band wat tussen Brit= tanje en Suid-Afrika bestaan het.

Van al die pogings wat Swart geloods het om die appèl afge= skaf te kry, was die felste dié wat hy in 1947 geloods het.[9] Dit was sy derde poging om as private lid die mosie in te dien. Die feit dat hy dit telkens uit die Opposisie-gele=

---

8. Ibid.

9. Die Volkstem, 27. 2 1947 - Hoofartikel.

dere gedoen het, was eintlik 'n ongewone stap wat beteken het dat sy kanse op sukses skraal was. Hieraan het Swart hom min gesteur en op 25 Februarie 1947 het hy toestemming gevra om die wetsontwerp in te dien. Onmiddellik het hy teen= kanting gekry van kol. C.F. Stallard, L.V. vir Pietermaritz= burg-Distrik.[10] Die Speaker het bepaal dat Swart op 28 Februarie die geleentheid sou kry vir die eerste lesing.[11]

Op die dag het Stallard beswaar gemaak teen die indiening van die wetsontwerp. Hy wou Swart ten alle koste weerhou van so 'n stap, want hy was daarteen dat 'n skakel wat Brittanje en Suid-Afrika gebind het, verbreek word. Verder was hy daarteen gekant omdat dit ongewoon was dat 'n wets= ontwerp deur 'n private lid ingedien is en nie deur 'n minister nie.[12] Daar was, volgens hom, geen haas met so 'n maatreël nie, en dus geensins enige nodigheid dat 'n Opposisie-lid dit moes indien nie. Desnieteenstaande is aan Swart verlof toegestaan om dit in te dien en is dit vir die eerste keer gelees.[13]

Die tweede lesing het plaasgevind op 22 Maart.[14] In sy toespraa

---

10. Vgl. Debatte 1937, p. V en 1947, p. Vll: In 1937 was kol. Stallard L.V. vir Roodepoort en in 1947 vir Pieter= maritzburg-Distrik. In 1937 het hy Swart reeds be= skuldig van oordrywing van 'n nietige aangeleentheid (Sien Debatte 1937, kol. 222).

11. Debatte 1947, kol. 31/32.

12. Ibid., kol. 266; Die Volkstem 27. 2. 1947-Hoofartikel.

13. Debatte 1947, kol. 279.

14. Alhoewel dit aanvanklik bepaal is vir 14 Maart.

het Swart basies weer met dieselfde besware gekom as voorheen. Die feit dat hy nog altyd op dieselfde aambeeld gehamer het, het dan ook maar weer dieselfde teenargumente gebring.[15]

Mnr. H.G. Lawrence, wat intussen minister van Justisie geword het, het vir die eerste keer saamgestem met Swart se argument dat die Appèl na die Geheime Raad eintlik onnodig was, maar het gereken dat die tyd nog nie ryp was vir afskaffing nie. Swart sou daarmee geen sukses gehad het nie en net goeie verhoudinge tussen die twee Blanke groepe verongeluk. Dit het Swart egter min geskeel en het hy net een doel voor oë gehad, en dit was die afskaffing ten koste van alles. Hy het die aangeleentheid verder gebruik om die regerende party in onguns te stel deur hulle te beskuldig van papbroekigheid.[16]

Teenstand het ook gekom van Stallard en C.F. Neate van die Dominium Party. Stallard het by sy ou besware gebly, ter=wyl Neate verklaar het dat die inwoners van Natal nog nooit onder 'n republiek gewoon het nie en dat hulle alle stappe om so 'n finale breuk met Brittanje sou teenstaan.[17]

Hierdie wetsontwerp is na die tweede lesing met 51 stemme teenoor 34 verslaan.[18]

---

15. Ibid., sien kol. 279 en 1542.

16. Ibid., kol. 1587; Die Volksblad, 22. 3. 1947: Hoofartike

17. Debatte 1947, kol. 1574; Dien ook The Cape Times, 22. 3. 1947.

18. Debatte 1947, kol. 1587; Dien ook veslag in The Rand Daily Mail, 22. 3. 1947.

Dit was eienaardig dat Swart as gesoute politikus telkens 'n poging aangewend het om die afskaffing te bewerkstellig. Hy moes besef het dat hy geen kans op sukses gehad het nie, aangesien die regering van die tyd daarmee 'n sekere gedeel= te van die bevolking, nl. die Engelssprekendes, tevrede ge= hou het. Aan die anderkant was Swart se haas met die af= skaffing ook nie altyd te verstane nie, want die enkele hofsake wat na die Geheime Raad verwys is, het nie geblyk enigsins 'n gevaar te wees vir Suid-Afrika se soewereiniteit nie, hoewel enkele uitsprake deur die Geheime Raad in sulke appèlle gegee, strydig was met die bepalings van die Suid-Afrikaanse regstelsel. Sy hele beheptheid daarmee het by opposisielede van die Volksraad die indruk geskep dat hy sy wil op die Volksraad wou afdruk en dat hy slegs hierdie aangeleentheid daarvoor gebruik het.

Swart het in sy poging om die appèl afgeskaf te kry, die steun van die Nasionale Party se beleidmakers gehad. So is daar in 'n verkiesingsdokument voor die 1948-verkiesing in die afdeling "nasionale selfstandigheid en onafhanklikheid" belowe dat hulle hulle sou beywer vir die afskaffing van die appèl.[19]

## 2.2. Die afskaffing van die Appèl.

Die weg tot die verwesenliking van sy ideaal is vir hom oop=

19. C.R. Swart-versameling, Lêer 6/2/2/1/1; Pamflet: Verkiesingsmanifes van die Nasionale Party voor 1948-verkiesing.

gestel deurdat hy in die nuwe kabinet as minister van Justisie benoem is. Dit is die eerste keer na die bewindsoorname deur die Nasionale Party op 8 Februarie 1949 deur Swart in die Parlement geopper.[20] Die Opposisie het maar alte goed besef dat Swart as minister van Justisie op 'n vroeë stadium 'n poging sou aanwend om wetgewing deur te loods om die appèl afgeskaf te kry. Mnr. A.E. Trollip, lid van die Opposisie, het gevolglik op daardie stadium reeds navraag gedoen of Swart sodanige wetgewing vir die nabye toekoms oorweeg. Swart het geantwoord dat dit oorweeg word, maar eers 'n duidelike antwoord daarop uitgespel gedurende 'n Nasionale Party-saamtrek te Bloemfontein op 14 Julie 1949. By dié geleentheid het hy verklaar dat sodanige wetgewing oorweeg word vir die 1950-Parlementsitting. Daar was ook gerugte dat Sir Winston Churchill, leier van die Opposisie in Brittanje, 'n voorstel gemaak het dat die Geheime Raad vervang moes word deur 'n verteenwoordigende hof wat beurtelings in elke hoofstad van die Statebondslande sitting sou hê. Swart het op die vergadering verklaar dat hy nie met so 'n reëling saamstem nie en dat hy voortgaan om die skakeling met Brittanje finaal te verbreek.[21] Indien so iets sou gebeur, sou dit beteken dat bande met Brittanje slegs verstewig word en dat die Britse invloed slegs nader aan Suid-Afrika gebring word.

---

20. Debatte 1949, (Engelse uitgawe) kol. 680.

21. Die Volksblad, 15. 7. 1949.

In 1950 het Swart kort na die opening van die Parlement sy aandag aan die saak gegee. Op 23 Januarie 1950 het hy kennis gegee dat hy 'n wetsontwerp oor die aangeleentheid wou indien.[22] Dit was die eerste keer dat daar vir hom 'n vooruitsig op sukses was, aangesien hy dit nou as minister kon doen.

Op 8 Februarie 1950 tydens sy tweede lesingstoespraak het Swart gesê dat die Suid-Afrikaanse Parlement die reg het om die appèl na die Geheime Raad af te skaf.[23] Hy het Kanada as voorbeeld genoem. Kanada het die appèl reeds in 1939 afgeskaf. Dit was 'n skrale vier jaar nadat Swart dit die eerste keer in Suid-Afrika geopper het. In Kanada was daar ook aanvanklik twyfel of die Parlement die appèl kon afskaf, maar die Kanadese Hooggeregshof het uitspraak gelewer dat die Parlement wel die reg daartoe gehad het.[24] Swart het in sy betoog die volgende veelseggende verwysing na die Kanadese Hooggeregshof se uitspraak gemaak: "It appears to their lordships that it is not consistent with the politi= cal conception which is embodied in the British Commonwealth that one member of that Commonwealth would be precluded from setting up, if it is so desires, a supreme court of appeal having a jurisdiction both ultimate and exclusive of any other member. The regulations of appeals is ......a prime

---

22. Debatte 1950, kol. 9.
23. Ibid., kol. 941.
24. Ibid., 1947, kol. 1548.

element in Canadia Sovereignity', which could be impaired if, at the will of its citizens, recourse could be had to a tribunal in the constitution of which it had no voice."[25] Swart het gereken dat artikel 106 van die Zuid-Afrikawet swak saamgestel was. Hy wou die appèl graag afskaf, en daarom het hy in die bewoording van die artikel gelees dat die Nasionale Konvensie eintlik die appèl wou afskaf, maar tog terwille van die samewerking van die verskillende kolonies 'n skuiwergat oopgelaat het. Hy het aan die Parlement voorgehou dat in die enkele gevalle waar daar wel na die Geheime Raad geappèlleer is, die Romeins-Hollandse regstel=sel in die uitsprake geïgnoreer is. Die strydighede het Suid-Afrika se regstelsel slegs benadeel.[26]

Een van die sake waarna hy verwys het, het in 1920 gedien tussen Whitaker en die Durban Corporation. Die beginsel wat in daardie uitspraak neegelê is, was: "One cannot read section 106 of the South African Act, 1909, without seeing that the intention was to get rid of appeals to the King-in-Council, except such as, in the strict exercise of the prerogative, his majesty would say that he would allow on some great ground."[27]

Die uitspraak is vir 'n aantal jare geneem as die grondslag waarop appèlle tot die Geheime Raad gerig kon word. Alhoe=wel dit vaag gestel was waar daar beweer is "on some

---

25. Ibid., 1950, kol. 943.
26. Ibid., kol. 944.
27. Ibid.

great ground", was dit die neergelegde beginsel. Swart het ook verwys na die saak tussen die Pearl Assurance Company en die Unieregering wat in 1935 gedien het. Dit was juis op daardie stadium wat hy in 1935 as private lid 'n pleidooi gelewer het vir afskaffing. Dit het daar gehandel oor 'n klein regskwessie, nl. die vraag na skadevergoeding wat krag= tens 'n strafbepaling in 'n ooreenkoms verhaalbaar is, die sg. "penal clause in contract." Die Geheime Raad het die appèl toegelaat op daardie punt.

Dit het volgens Swart, 'n presedent geskep en onbeperkte appèl tot die Geheime Raad kon maklik die gevolg gewees het. Die feit dat appèlle na die Geheime Raad egter maar beperk was, het bewys dat Swart in werklikheid met 'n minder be= langrike saak besig was. Genl. Smuts het hom voorheen daar= op gewys dat die vergunning van appèl tot die Geheime Raad nie werklike praktiese waarde gehad het nie.[28] In die geval van 'n republiekwording, sou die Geheime Raad, soos die gebeure in Kanada bewys het, tog nie verhinder kon word nie, aangesien die parlemnt die reg gehad het om indien so iets gebeur, of die afskaffing te bewerkstellig, óf die saak te beheer as soewereine mag in sy eie land.

Swart was desnieteenstaande vasbeslote. Hy het die volgende redes aangevoer: In die eerste plek het hy gesê dat die appèl afgeskaf moes word omdat Suid-Afrika 'n soewerein

---

28. Vgl. p. 26.

onafhanklike staat is en omdat dit die land nie pas om appèl na 'n buitelandse hof toe te laat nie.[29] Dit was 'n anomalie, waarvoor daar in die verlede miskien 'n regverdiging bestaan het, maar waarvoor hy in 1950 geen regverdiging meer kon vind nie. Suid-Afrika het geen beheer gehad oor aanstellings in die Geheime Raad nie. Buitendien was die Geheime Raad geen hof nie, maar 'n liggaam wat die koning van advies moes voorsien. Om met regsake te handel, het die koning 'n judi=siële komitee aangestel. Hulle het aanbevelings gemaak in verband met sake waaroor die koning moes uitspraak gee. Die gevolg was dat die komitee nie noodwendig deur die wet of die beginsel van die reg gebonde was nie. Hulle het dus nie rekening gehou met die betrokke dominium se regsbeginsels nie. Swart het uit 'n baie ou uitspraak van die Geheime Raad aangehaal om sy stellings te bewys. "We are not disposed that we ought to recommend Her Majesty to have allowed the appeal, but we are not disposed to say that we have not the power so to have done."[30] Die Geheime Raad het hom dus die reg toegeëien om die koning raad te gee, afgesien daarvan of dit volgens die beginsel van of die Britse of die dominuim se regstelsel.

In die tweede plek het Swart gepleit vir die afskaffing van die appèl op grond van die feit dat die Geheime Raad nie 'n

---

29. M.C.E. van Schoor en J.J. van Rooyen, Republieke en Republikeine, p. 200.

30. Debatte 1950, kol. 945.

bevoegde hof was nie. "My tweede stelling wat ek maak, is dat sonder enige redelike teenspraak kan aangeneem word dat die appèlhof hier in Suid-Afrika die mees bevoegde hof in die hele wêreld is om uitspraak te gee oor die Suid-Afrikaanse reg. Daaroor is daar geen twyfel nie."[31] Vir die Britte was die Romeins-Hollandse stelsel iets vreemds. Die reg=ters in Brittanje was nie daarin opgelei nie, en was dit dus heeltemal strydig dat hulle 'n uitspraak van 'n Suid-Afrikaanse hof omver kon werp.

Ten slotte het hy reeds vroeër die Volksraad daarop attent gemaak dat dit reeds in die praktyk gebeur het dat die Geheime Raad volgens Britse wette uitsprake gelewer het wat teenstrydig was met die uitsprake wat Suid-Afrikaanse howe kragtens Suid-Afrikaanse wetsbeginsels gelewer het. Swart het na 'n uitspraak van, volgens hom, een van die beste regters van die Romeins-Hollandse reg, sir Etienne de Vil=liers, verwys. In die uitspraak het dit gehandel oor die vraag of 'n kleinkind moes erf van die grootvader omdat haar vader voor haar gesterf het. Die uitspraak was as volg: "The Roman Dutch law has therefore been clearly established, and if this court were free to decide the matter in accordance with the Roman Dutch Law, which does not admit of doubt, that the grandchild would succeed to a share of inheritance.....It seems however, that the law was laid down in a different sense by the Privy Council...

---

31. Ibid., kol. 947.

on appeal from the Supreme Court of Natal...... This court is bound by that decision ...... In my opinion this court is bound by every decision of the Privy Council on the Roman Dutch Law. In these circumstances the court must hold, though regretfully, that the grandchild is not en= titled to any share of the inheritance."[32]

Hier was die Suid-Afrikaanse hof verplig om 'n verkeerde uitspraak te gee in die lig van 'n vroeëre uitspraak van die Geheime Raad. Swart het die parlement daarop gewys dat hulle nog steeds gebonde bly aan die uitspraak solank appèl na die Geheime Raad gehandhaaf is.[33]

Swart het dus in wese drie redes aangevoer waarom die wet afgeskaf moes word, nl. 1) Die soewereiniteitsbeginsel; 2) Die feit dat die Geheime Raad nie 'n hof is nie; en 3) die feit dat uitsprake deur die Raad op 'n ander regsbeginsel gegrond is as die in Suid-Afrika. Hierby het hy ook die minder belangrike redes soos afstand en kostes om na die Geheime Raad te appèlleer, gevoeg.[34] Dit was slegs die finansieel sterk persoon wat na die Geheime Raad kon gaan, terwyl dit vir die minder gegoede net 'n droom sou bly. John X. Merriman, laaste Eerste Minister van die Kaapkolonie voor Uniewording, en daarna Volksraadslid in die Unieparlement, het hierdie appèlle eenmaal genoem "the plaything of the rich man." Vir Swart was dit 'n kwessie

---

32. Ibid., kol. 948.

33. Ibid.

34. Ibid.

dat die belange van Suid-Afrika eerste gestel moes word, dat Suid-Afrika nie skaam was vir sy regstelsel nie, en dat daar by hom ook geen twyfel bestaan het oor die toepassing van die regstelsel deur Suid-Afrikaanse howe nie.[35] Suid-Afrika moes vir hom self sorg, en omdat Swart geglo het die land is in staat daartoe, het hy dan ook besluit om dienooreenkomstige reëlings te tref.

Swart het 'n verdere politieke oogmerk gehad met die maatreël. Baie lank het hy reeds daarna gestreef om aan Suid-Afrika weer republikeinse onafhanklikheid te gee. Dit was die stelsel waaronder hy gebore was.[36] Die Geheime Raad het vir hom die bedreiging ingehou dat by die uitroep van 'n republiek die Raad daarmee kon inmeng en dit tot niet verklaar.[37] Afgesien daarvan dat dit die soewereine mag van Suid-Afrika geskaad het, was dit 'n oorblyfsel van die bande met Brittanje en 'n hindernis vir Suid-Afrika se soewereine mag. Swart het later self die opmerking gemaak: "Deur die afskaffing van die appèlle na die Britse Geheime Raad is verseker dat die Raad nie in staat sou wees om die uiteindelike republiekwording as onwettig te verklaar nie."[38] Hy het dit persoonlik as een van sy wette met groot trefkrag gesien.

---

35. Ibid.

36. Vgl hst. 1, p. 18, voetnoot 35.

37. Vgl. hst. 1, p. 20.

38. Brief aan outeur, 18. 5. 1979. Sien bylae B.

Die Wet op die Afskaffing van Appèlle na die Britse Ge=heime Raad is op 8 Februarie 1950 as Wet nr. 16 van 1950 aanvaar.[39]

## 2.3. Reaksie.

Uit die aard van die saak het die eerste reaksie van die kant van adv. H.G. Lawrence, die skynminister van Justisie van die Opposisie gekom. Hy het sy beswaar veral gegrond op Swart se tweede punt, nl. dat die appèl na die Geheime Raad Suid-Afrika se soewereiniteit aangetas het. Hy het beweer dat 'n land dikwels gelei word in sy openbare administrasie deur die vereistes van wêreldsake en Suid-Afrika was genoodsaak om hom te onderwerp aan die reg=spraak en moontlike willekeur van buitelandse liggame. As voorbeeld het hy die prys van goud gebruik. Suid-Afrika was in die posisie om die prys van goud te bepaal, maar uit vrye wil het hy hom onderwerp aan die Internasionale Monetere Fonds se voorskrifte, en dit het nie Suid-Afrika se soewereiniteit aangetas nie. Swart het in sy antwoord hierop gesê dat die genoemde saak nie vergelykbaar was met hierdie aangeleentheid nie. In sekere sake moet 'n land hom vrywilliglik stel onder 'n internasionale liggaam of hof.[40]

Verder het Lawrence aangedui dat dit nie in belang van die

---

39. Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1950, p. 70.

40. Debatte 1950, kol. 971.

administrasie van die gereg in Suid-Afrika was dat arti= kel 106 van die grondwet herskryf moes word soos Swart dit wou gehad het nie. In die praktyk het dit nie veel saak gemaak of hierdie reg na appèl na die Britse Geheime Raad bestaan al dan nie, want in die praktyk het dit nie veel betekenis gehad nie.[41] Swart het nie daar= mee saamgestem nie en daarop gewys dat behalwe die tien appèlle wat werklik voor die Geheime Raad gedien het se= dert Uniewording, daar talle aansoeke was wat geweier is.[42] Die volharding van die Opposisie dat dit 'n artikel was wat geen praktiese waarde het nie, en dus maar om vredes= wil gehandhaaf moes word, het Swart dwars in die krop ge= steek. Solank dit daar was en gebruik kon word, was dit strydig met onafhanklikheidstrewe van die land.

Lawrence het saamgestem dat daar in 1920 'n beginsel neer= gelê is dat slegs terwille van "groot" sake toestemming verleen sou word om na die Geheime Raad te appèlleer. Dat daar later aan minder belangrike appèlle toegegee is, het vir hom 'n fout geskyn te wees. Na die Pearl Insurance saak van 1935, is strenger opgetree. In 1938 is die appèl van 'n firma, Aderne, Thesen en Kie na die Ge= heime Raad geweier.[43]

Lawrence was bang dat die afskaffing van die appèl 'n verdeling in die bevolking sou bewerkstellig. Indien die eerste minister van plan was om 'n republiek uit te roep,

41. Ibid., kol. 970.
42. Ibid., kol. 971.
43. Ibid., kol. 972.

sou hy nie die saak bespoedig deur die afskaffing van die appèl nie. Indien die republiek verwesenlik sou word, sou die appèl van self verdwyn het. Hy het Swart gewaarsku om nie regsvraagstukke met grondwetlike aangeleenthede te verwar nie. Lawrence het egter 'n tweestryd met homself oor die wetgewing gevoer. Aan die einde van sy verweer het hy verklaar dat hy tog nie teen die saak gekant was nie, maar dat die enigste rede waarom hy nie daarvoor sou stem nie, daarin geleë was dat hy hom nie so maklik kon losmaak van die Britse bande soos Swart nie.[44]

Verdere teenkanting teen die wetgewing het gekom van mnr. W.H. Stuart, 'n Naturelle-verteenwoordiger vir die Transkei. Hy het namens die tien miljoen Swartes in Suid-Afrika beswaar gemaak en gesê dat hulle die afskaffing sou betreur.[45] Volgens hom sou dit ingrypende konstitusionele gevolge gehad het. Hy het in die reg tot appèl 'n waarborg vir Swartstemreg gesien. Indien Swartstemreg deur die Suid-Afrikaanse regering afgeskaf sou word, kon appèl na die Geheime Raad dit verhoed. Hier het hy dus in werklikheid dieselfde siening gehad as Swart, nl. dat republiekwording nie deur die Geheime Raad verhoed moes kon word nie.[46]

Interessante reaksie was die van mnr. J. Davis, Verenigde

44. Ibid., kol. 964.
45. Ibid.
46. Ibid.

Party lid vir Pretoria-Stad. Hy het agter Swart se plan die inlywing van die verskillende Britse protektorate by die Unie gesien. Hy wou die appèl na die Geheime Raad as agterdeur oophou om die Nasionale Party-regering te ver=hoed om so iets te doen. Wanneer daar probleme tussen die verskillende state in Suid-Afrika sou ontstaan, sou die Geheime Raad naamlik die enigste liggaam wees wat uitspraak kon lewer om die konflikte uit te skakel. Verder het hy ook aangevoer dat die appèl nie afgeskaf kon word nie, aan=gesien die appèlhof van Suid-Afrika ook dié van Rho=sië ingesluit het, en laasgenoemde nie sou afstand doen van die appèl na die Geheime Raad nie. Hy het die appèl as die besondere reg van die onderdaan en veral van die Swart=bevolking gesien. Dit was vir hulle van besondere waarde en het gedien as 'n waarborg vir die beskerming van hulle regte in die land. Hy was dit eens dat die appèl as waar=deloos beskou kon word, maar dit het tog groot sielkundige en sentimentele waarde gehad.[47]

Die reaksie van die pers was uiteenlopend. Die Bloemfon=teinse middagblad, Die Volksblad, het die afskaffing van die appèl sterk gesteun. Na die eerste lesing van die wetsontwerp op 24 Januarie 1950, is daar in Die Volksblad geskryf: "Hierdie is 'n saak wat lankal afgehandel moes gewees het."[48]

---

47. Ibid.

48. Die Volksblad, 25. 1. 1950, Hoofartikel.

Hierdie stap van Swart sou volgens die koerant lei tot wet=gewing wat die onreg t.o.v. Suid-Afrika se status as onaf=hanklike land en t.o.v. sy regstelsel sou beëindig. Die koerant het die appèl 'n anachronisme genoem, wat lankal verwyder moes gewees het. Selfs as mens toegegee het dat Suid-Afrika se betrekkinge met ander lande van die State=bond deur besondere omstandighede bepaal is, was die appèl na die hof van 'n vreemde land 'n instelling wat moeilik met volkome onafhanklikheid te rym was. Om die beginsels van die Romeins-Hollandse reg in die toekoms nog aan die interpretasie van 'n vreemde hof, bestaande uit manne wat nie die nodige kennis of onderlegdheid het nie, te onderwerp, was bloot om die regstelsel onnodig aan die gevare van ver=warrende en vreemde begrippe bloot te stel. Suid-Afrika was dit aan homself verskuldig dat sy eie regbanke met hel=derheid die wet sou interpreteer. Sy eie appèlhof was die beste waarborg vir die instandhouding van sy eie reg. Dit was 'n taak wat deur die hoogste instansie in die land met vertroue aan hom opgedra kon word, en dit was die plig van die regering dat hy daartoe in staat gestel word.

Die opposisie-pers het verskillend gereageer.[49] Sommige van die koerante het slegs die gewone parlementêre verslag gelewer, terwyl ander hulle bepaaldelik daaroor uitgelaat het. Een van laasgenoemde, The Friend, het beweer dat die regering wel die mag gehad het en bevoeg was om die appèl

---

49. Vgl. The Friend, 26. 1. 1950; The Rand Daily Mail, 26. 1. 1950; The Cape Argus, 26. 1. 1950.

af te skaf, maar dat as hulle die howe in die saak geraad= pleeg het, die uitsprake die regering in die ongelyk sou gestel het.[50] Die pro-regering blad, Die Volksblad, het die saak afgemaak dat hierdie opposisie-koerant van Suid-Afrika 'n land wou maak sonder enige selfrespek, omdat hulle wette wat deur die regering daargestel is, en deur die Suid-Afrikaanse appèlhof as geldig beskou is, deur die hof van 'n vreemde land wou laat verwerp.[51]

Ten spyte van al die teenkanting, was daar tog die gevoel in die Parlement onder lede van die Opposisie dat die appèl afgeskaf kon word. Dit is deur Swart en die nasionaalge= sinde koerante as 'n oorwinning oor die Britse jingo-element in die Verenigde Party beskou. Dit was in geheel 'n goeie teken dat die land op pad was na 'n Suid-Afrikaanse nasie. Die Suid-Afrikaanse nasie het besef dat daar dinge was wat verhewe was bo die struikelblokke in Suid-Afrika se weg na onafhanklikheid.

Die Wet op die Afskaffing van Appèlle na die Britse Geheime Raad, het werklikheid geword in wet 16 van 1950.[52] Vir Swart was dit 'n persoonlike triomf en 'n belangrike myl= paal in sy politieke loopbaan.

---

50. The Friend, 26. 1. 1950.

51. Die Volksblad, 26. 1. 1950.

52. Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1950, p. 70.

# HOOFSTUK 111.

## OPTREDE TEEN DIE KOMMUNISME.

### 3.1. Stand van die Kommunisme in Suid-Afrika teen 1950.

#### 3.1.1. Inleiding.

Die Kommunisme het sy verskyning in Suid-Afrika aan die begin van hierdie eeu gemaak. Die Kommunistiese aanslag op Suid-Afrika tot 1950 kan in twee fases verdeel word, nl. die intellektuele fase wat tot 1934 geduur het en wat hoof=saaklik neergekom het op die hou van toesprake en die op=rigting van organisasies wat kommunistiesgesind was, en die Marxistiese fase van 1934 tot 1950 waarin gepoog is om die Kommunisme in Suid-Afrika daadwerklik te laat posvat.[1]

#### 3,1.2. Die eerste fase.

Die aanvanklike saad vir die Kommunisme in Suid-Afrika is gesaai deur enkele werklike kenners daarvan soos W.H. Andrews, S.P. Bunting en D.I. Jones. Al drie het aan die begin van die eeu na Suid-Afrika gekom vanuit Brittanje, waar hulle 'n inherente deel uitgemaak het van die Arbeiderbewe=ging.[2]

Aanvanklik was hulle stigterslede van die Suid-Afrikaanse

---

1. P.F.D. Weiss, Die Kommunistiese program in Afrika met spesiale verwysing na Suid-Afrika, p. 183.

2. D.J. Kotze, Kommunisme vandag, p. 93.

Arbeidersparty, maar met die uitbreek van die Eerste Wêreld=oorlog in 1914 het al drie van die Party weggebreek omdat hulle anders as die partyleiers nie die deelname van Suid-Afrika aan die oorlog wou ondersteun nie. Hulle het ge=volglik die eerste kommunistiesgesinde party gestig en dit die "International Socialist League" genoem. Behalwe hierdie groep, het daar in ongeveer dieselfde tyd 'n kleiner groep in Durban ontstaan onder die naam "Marxist Club".[3] Hierdie twee hoofgroepe is ook ondersteun deur die United Communist Party van Kaapstad en die Poalei Zion, 'n Joods-Kommunistiese organisasie van Johannesburg.[4]

Hierdie groepe was dus reeds aktief in Suid-Afrika besig toe, op inisiatief van Lenin, in 1919 die sg. Derde Kom=munistiese Internasionale Arbeidersvereniging, ook genoem die Komintern, gestig is. Die doel hiervan was om al die kommunistiese bewegings oor die wêreld te verenig. Beide die hoofgroepe in Suid-Afrika het aansoek gedoen om toege=laat te word as lede van die Komintern, maar hulle is in kennis gestel dat slegs een organisasie uit 'n land toege=laat kon word. Dit het die verskillende groepe saamgedryf en op 29 Julie 1921 is 'n vergadering in die Kaapstadse stadsaal gehou waar ongeveer 2 000 mense teenwoordig was en waardeur die stigting van die Kommunistiese Party in

---

3. Ibid., p. 94.

4. S.J. Waite, Marxism-Leninism in a multiracial environ=ment: The origins and early history of the Communist Party in South Africa, p. 238.

Suid-Afrika tot stand gekom het.[5] Die aankondiging van die stigting van die Party is deur die aanwesiges op die vergadering baie entoesiasties ontvang. Andrews is tot partysekretaris verkies. Geen leier is op daardie staduim vir die Party verkies nie, maar die leiding is geneem deur E. Roux, B. Weinbren, S. Sachs en S. Malkinson. Hulle is bygestaan deur die volgende Gekleurdes of Swartmense: J.A. la Guma, 'n Bruinman, J.T. Gemede, T. Mbeki en A. Nzula, almal Swartmense met sleutelposte in die vakbondwese.[6]

Alhoewel daar dus reeds anderskleuriges betrokke was, het die Party in Suid-Afrika op daardie staduim nog hoofsaaklik uit Blankes bestaan, maar op die Kominternkongres van 1921 in Moskou is besluit dat die Party in Suid-Afrika hom daarvoor moes beywer om sy Swart ledetal uit te brei. Met hierdie doel voor oë het Bunting begin om hom toe te spits op die stamgebiede van die Transkei en die stamme aangehits om te weier om belastings te betaal.[7] Op 'n konferensie van die Kommunistiese Party in 1924, is 'n amptelike besluit geneem dat die Party voortaan hoofsaaklik aan die Swartbevolking aandag sou gee.[8] Hierdie

---

5. N. Weyl, Traitor's End. The Rise and Fall of the Communist Movement in South Africa, p. 95.

6. D.J. Kotze, op. cit., pp. 95/96.

7. N. Weyl, op. cit., p. 71.

8. G. Cronje (red.), Kommunisme: Teorie en praktyk, enkele aspekte, p. 186 - Artikel deur H.J. v. d. Bergh.

handelinge van die Kommunisme is nie gebore uit belangstel=ling vir die saak van die Swartman nie, maar om 'n mag te hê waarmee hy sy uiteindelike doel kon bereik, naamlik die omverwerping van die orde in die land.[9]

Vir Suid-Afrika was die Sesde Komintern Kongres wat in 1928 in Moskou gehou is baie belangrik. Twee verteenwoordigers, S.P. Bunting, redakteur van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese blad The Guardian en E. Roux, 'n student, het die kongres bygewoon.[10] Alhoewel die Kommuniste die mening toegedaan was dat alle vorme van nasionalisme in die kiem gesmoor moes word omdat dit gevaarlik was vir die verspreiding van Internasionale Kommunisme, het hulle opdrag gegee aan die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes dat die Afrikaner-nasiona=lisme gebruik moes word om die Britse bande te verbreek en sodoende die kapitalistiese mag in die land te breek. Dit moes dan ook langsamerhand vervang word met Swart-nasionalisme wat gerig moes wees teen die Blanke in Suid-Afrika.[11] Die Swart-nasionalisme kon dan wanneer dit sy taak voltooi het, onderdruk word sodat dit nie 'n gevaar kon wees vir die ver=spreiding van Kommunisme nie.[12] Een van die slagspreuke wat

---

9. H.P. Wolmarans, Kommunisme en die Suid-Afrikaanse vak=unies, p. 29.
10. Debatte 1950, kol. 9178; Vgl. G. Cronje, op. cit., p. 187
11. G. Cronje, op. cit., p. 187.
12. D.J. Kotze, op. cit., p. 98.

by hierdie kongres opgestel is, moes 'n riglyn wees vir op=trede van die Party in Suid-Afrika. Dit het soos volg ge=lui: "An independent South African Native Republic is staged towards a worker and peasant republic with safe=guards for equal treatment and justice for national minorities."[13] Hiermee kon Bunting en Roux nie saamstem nie omdat dit die leiding in Suid-Afrika uit die erkende leiers se hande sou neem. Dit was ook nou duidelik dat die Party volkome vanuit Moskou beheer sou word. By hulle terugkoms in Suid-Afrika het die leiding in die Party tot onenigheid gelei en baie Blanke Kommuniste het die Party ver=laat. Leiers soos Bunting, Roux en Andrews is uitgesluit uit leiersposisies en die leiding is oorgeneem deur Douglas Wolton, 'n onderwyser uit Engeland en sy vrou Molly, Lazar Bach, 'n Estlandse Jood, twee Swartmense, M.M. Kontane en T.B. Marks, en dr. Y.M. Dadoo, 'n Indiër.

In 1929 het die Kommunistiese Party aan die verkiesing in Suid-Afrika deelgeneem en twee kandidate, nl. Bunting in die kiesafdeling Temboeland waar ongeveer die helfte van die kiesers Swartmense was, en Wolton in die kiesafdeling Kaapse Vlakte, gestel. Bunting het net-net sy deposito behou terwyl Wolton nie 100 stemme kon trek nie.

Al hierdie gebeure het die Party lamgelê en sy ledetal het drasties gedaal. Teen 1933 het die Party nie veel meer as 150 lede gehad nie, en hiervan was die meeste Blankes.[14]

---

13. Debatte 1950, kol. 9180; Vgl. G. Cronje, op. cit., 186.
14. D.J. Kotze, op. cit., p. 98.

### 3.1.3. Die tweede fase: 1934 - 1950.

In 1934 het die Party 'n pamflet uitgegee waarin sy strate=gie, doel en werk uiteengesit is. Hierin kon opgemerk word wat daar agter die hele beweging in Suid-Afrika geskuil het. Dit het onder andere verklaar dat die pad na vryheid wat deur die Kommuniste georganiseer en gelei was, buite die Parlement en wel in die alledaagse lewe van die gewone mense, daar waar die arbeider werk, in die dorp, op die plaas, of in die straat, gelê het. Die Kommuniste het die toestande in Suid-Afrika vergelyk met Sowjet-Rusland en Sjina en het gesê dat die onderdrukte massa alleen sukses sou behaal as hulle deur die Kommunistiese Party met sy Marxistiese program gelei word. Verder het die pamflet beweer dat die Kommunistiese Party hom ten doel sou stel om weg te doen met die imperialistiese regering in Suid-Af=rika en sou veg vir selfbeskikking vir die onderdrukte rasse, en 'n federasie van onafhanklike Swart state en 'n demokra=tiese diktatorskap van die werkers in die vorm van sowjette daar wou stel. Langs die weg sou volle gelyke regte aan almal in die land gewaarborg word.[15]

Omdat die ledetal so klein was, het hierdie pamflet nie in=slag gevind nie en het die ledetal steeds gedaal. Die feit dat die Komintern vanuit Moskou die hele Party beheer het, het ook die Kommuniste in Suid-Afrika verwar. Die Komintern

---

15. Debatte 1950, kol. 9184; Sien ook C.J.S. Strydom, Black and White Africans, p. 72.

het sy beleid geplooi net soos dit hom gepas het. Vanaf 1934 tot 1939 was hulle byvoorbeeld baie gekant teen Hit=ler en gevolglik anti-Duits. In 1939, na die begin van die Tweede Wêreldoorlog, toe daar 'n nie-aanvalsverdrag tussen Duitsland en die Sowjet-Unie gesluit is, moes hulle pro-Duits wees, en toe Hitler Rusland in 1941 binneval, weer anti-Duits. Dit het die Kommuniste in Suid-Afrika verwar en van die Party weggedryf.[16]

Vir die Suid-Afrikaanse Kommuniste was die inval van Hitler in Rusland die keerpunt. Hulle het besef dat die Sowjet-Unie, bakermat van die Kommunisme, wêreldwyd verdedig moes word. Hulle was sterk gekant teen die Nasionale Party om=dat hulle pro-Duits was. Die pro-Duitsgesindheid van die Nasionale Party het hulle afgelei van die afkeur wat die Nasionale Party gehad het van die regering se besluit om Brittanje te steun en ook hulle teenkanting uitgespreek het toe die regering vliegtuie na Kenia gestuur het om lugaanvalle op Italiaanse basisse in Oos-Afrika te maak.[17] Italië het as bondgenoot van Duitsland aan die oorlog deel=geneem. In hierdie tydperk het hulle ledetal weer aansien=lik gestyg, en veral nadat hulle geëis het dat die regering Swartmense in die leër moes opneem. Gedurende die 1943-verkiesing het die Party nege lede vir die Volksraad ge=nomineer. Hulle was F. Boshoff, D. du Plessis, R. Fleet en I. Snitcher in Kaapstad, E. Shanley in Durban en M. Mul=

---

16. D.J. Kotze, op. cit., p. 99.

17. D.W. Kruger, (red.), Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 547-549.

ler in Oos-Londen. Geeneen van hierdie kandidate was suksesvol nie.[18]

In 1946 was daar 'n groot mynstaking aan die Witwatersrand wat deur die African Mine Worker's Union onder voorsitter=skap van die kommunis J.B. Marks, georganiseer is. Die hele uitvoerende komitee van die Party was hierby betrokke en omdat stakings volgens die heersende oorlogsmaatreël verbode en onwettig was, is die hele komitee in hegtenis geneem. 'n Lang uitgerekte hofsaak was nog hieroor aan die gang toe die Nasionale Party in 1948 die bewind oorge=neem het.[19]

In sy tweedelesingstoespraak het Swart verwys na 'n artikel wat in 1947 in die Kommunistiese tydskrif The Guardian ver=verskyn het. Dit het beweer dat mag alleen verkry kon word deur gewapende verset en stryd en het in die slotsin van die artikel weer eens die Party se strewe en doel na vore gekom: "Revolution remains the only way to Socialism"[20]

In sy voorbereidings van die Volksraad vir wetgewing teen die Kommunisme het Swart 'n aantal verdoemende dokumente van die Party aangehaal. In 1949 het die Johannesburg-

---

18. D.J. Kotze, op. cit., p. 100
19. Ibid., p. 101.
20. Debatte 1950, kol. 9181.

tak van die Party 'n driemaande-plan vir aksie opgestel. In hierdie dokument is beweer dat die Party hom beywer om op te tree teen die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie, vir vriendskap met die Sowjet-Unie en vir 'n sterk Verenigde Volkere Organisasie. 'n Notule van die tak wat saam met die dokument in die hande van die regering beland het, het na die geheime onderhandelinge verwys wat drie van die Party se lede met die Russiese konsul moes aanknoop oor 'n sending na Moskou. Op daardie staduim was daar dus doelbewuste pogings om kontak tussen die Party in Suid-Afrika en die leiers in Rusland te behou. Swart het al hierdie inligting wat hy aan die Parlement voorgehou het, bekom uit die driemaande-plan-dokument. Die dokument het in die hande van die regering beland en kon Swart daarvan 'n studie maak.

Gedurende 1950 het die Pretoria-tak van die Party 'n omsendskrywe aan sy lede uitgestuur. Ook hierdie dokument het in Swart se hande beland.[22] In die dokument is die strategie van die Party uiteengesit. In hooftrekke het dit daarop neergekom dat oor die hele land 'n groot gedeelte van die bevolking uitgesien het na 'n party wat die regerende party oornag omver kon werp. In Transvaal het die

---

21. Ibid., kol. 9183.

22. Ibid.

gevoel dat rewolusie moes ontstaan onder die Kommuniste posgevat. Die rewolusie moes plaasvind op 'n tydstip wanneer dit die minste verwag is. Die Kommunistiese Party het dit veral gehad teen dr. Malan en sy regering, teen die apartheid wat hy voorgestaan het en teen Blanke heer=skappy. Die massa moes voorberei word om die regering oor te neem en 'n meerderheidsregering daar te stel sonder om ras of kleur in aanmerking te neem. Die eerste stap sou wees om 'n opstandsgevoel onder die inwoners te bewerk=stellig en hulle vertrekpunt sou wees om onmin te saai oor die paswette en die verwydering van die Kleurlinge van die algemene kieserslys, en hulle het ook die Afrikaner-Broederbond by die stryd betrek en gesê dat die organisa=sie se invloed in regeringskringe uitgewis moes word.

Alhoewel die Verenigde Party-regering van voor 1948 nie die Kommunisme goedgekeur het nie, het hulle ook nie daad=werklike stappe daarteen gedoen nie. Nadat die Nasionale Party-regering in 1948 oorgeneem het, het Swart die leiding geneem om die Kommunisme in die land aan bande te lê en te bekamp. Hy was hier met 'n grootse ideaal besig waarvan hy eintlik self geweet het die sukses min sou wees. Dit kon nie vir een persoon moontlik wees om teen 'n mag soos die Kommunisme te veg nie.

Terwyl Swart sy wetsontwerp voorberei het, het die Verenig=de Party 'n eie wetsontwerp opgestel wat hulle wou gebruik as teenvoeter vir wat Swart beoog het.[23]

---

23. Debatte 1950, kol 9192; Vgl. C.J.S. Scheepers, op. cit., p. 72.

## 3.2. Swart en die Nasionale Party se houding teenoor die Kommunisme.

Swart het 'n afkeer van die Kommunisme gehad en het besef dat dit 'n politieke beweging was wat groot gevaar vir die land ingehou het. Kommunisme het, volgens hom, die demo= krasie verafsku. Die werkswyse van die Kommunisme was geen geheim nie, en Swart het geweet dat hulle die goeie orde in die land wou versteur om sodoende hulle doel te bereik, nl. om beheer te kry oor Suid-Afrika se hoogs geindustrialiseerde ekonomie, en veral om Suid-Afrika uit te skakel as struikelblok om beheer te kry oor die hele Afrika.[24] Swart het ook geweet dat die Kommuniste veral besig was om kwaad te stook onder die Swartmense. Die Kommuniste het gedink dat die nasionalisties-gesinde Swartmense bly sou wees vir die bevrydingshulp om hulle uit die kolonialistiese toestand te red.[25]

Die Kommuniste het verskeie pogings aangewend om die orde in Suid-Afrika omver te werp. Op 16 Desember 1929 is daar bv. vergaderings in Johannesburg, op die Parade in Kaapstad en in Potchefstroom gehou om teen die regerende Nasionale Party te agiteer. Hulle het met opset daardie dag gekies omdat Geloftedag (destyds nog bekend as Dingaansdag) 'n dag

---

24. D.J. Kotze, op. cit., p. 90.

25. Ibid., p. 91.

met groot betekenis vir die Afrikaner was.[26] In 1930 het hulle verskeie protesvergaderings gehou om hulle verset teen die Nasionale Party te vertoon. Verskeie van die vergaderings is deur die polisie uitmekaar gejaag. Johannes Nkosi, partyleier op daardie staduim, het tydens optrede teen so 'n byeenkoms in Durban, sy lewe verloor.[27]

Vanaf 1937 het verskeie leiers en politici van die Nasionale Party hulle teen die Kommunisme uitgelaat. In 1937 het adv. Eric Louw, 'n latere minister van Buitelandse Sake, hom daarop toegespits om teen die Kommunisme te waarsku.[28] Louw het aangetoon dat die sukses van die Kommunisme nie soseer aan swak maatskaplike toestande in die land, veral onder die Swartmense, nie, maar aan intensiewe propaganda toegeskryf kon word. Verder het hy aangetoon dat die enigste weë om die Kommunisme te bekamp, was om die immigrasiewette strenger toe te pas, te deporteer en om burgerskap aan erkende Kommuniste te weier. Dr. Albert Hertzog, ook 'n latere minister, het in Transvaal aan die spits gestaan van 'n veldtog teen die Kommunisme. Hy is ondersteun deur drr. T.E. Dönges en D.F. Malan. In 1937 het mnr. P.W. Botha, sekere aanbevelings gedoen oor hoe Kommunisme uit die land geweer kon word.[29]

---

26. Ibid., p. 99.

27. Ibid.

28. P.F. v.d. Schyff, op. cit., p. 471.

29. Ibid., pp. 471/472.

Hierby het Swart aangesluit toe hy as een van die nuwe ministers in die D.F. Malan-kabinet, op 24 Junie 1948 in 'n toespraak verklaar het dat hy van voorneme was om deur sy Departement teen die Kommunisme op te tree. Hy het hierin die steun van die hele kabinet geniet en veral van min. N.C. Havenga, wat op daardie staduim geweier het om die Springbok-Legioen as organisasie wat oud-soldate se belange op die hart dra, te erken, veral omdat die Springbok-Legioen deur die regering allerweë as Kommunistiese organi=sasie bestempel is.[30]

Toe mnr. Sam Kahn, 'n selferkende Kommunis, op 22 November 1948 as parlementslid verkies is, het die Nasionale Party-regering besef dat optrede noodsaaklik geword het. Hy was Naturelle-verteenwoordiger vir die kiesafdeling Westelike Kaap. Kort daarna is mnr. Fred Carneson, 'n ander uitge=sproke Kommunis tot die Kaapse Provinsiale Raad verkies.[31]

Dit het van die regering daadwerklike optrede vereis omdat die Kommuniste saam met hulle binne die regeringsale van

---

30. Die Volksblad, 29. 6. 1948; Vgl. ook The Friend, 28. 6. 1950. Briewekolom: Ene John Hawkins het geskryf hy was trots om lid van die Springbok-Legioen te wees totdat hy Kommunistiese lektuur van die organisasie ontvang het.

31. D.J. Kotze, op. cit., p. 101.

die land gesit het. Swart was van menig dat die regering baie streng sou moes optree en het dit duidelik aan die Parlement uitgespel dat van die regering optrede vereis is wat nog nie vantevore van 'n Suid-Afrikaanse regering vereis is nie.[32]

Pas nadat hy as Minister van Justisie aangestel is, het Swart uit sy Departement 'n kommissie aangestel om 'n deur=tastende ondersoek in te stel na die Kommunisme en sy be=drywighede in Suid-Afrika. Hierdie kommissie het bestaan uit amptenare uit sy Departement en hulle opdrag was om die stand van Kommunisme in Suid-Afrika asook die gevaar wat dit inhou, te ondersoek.[33]

Die verslag was teen die begin van 1949 voltooi en Swart het dit op 16 Februarie 1949 aan die Parlement voorgelê en die bevindings daarvan gebruik om vanuit die regerings=banke 'n aanval op die Kommunisme te loods.[34]

Uit die verslag het geblyk dat Kommunistiese bedrywighede reeds op verskillende terreine binnegedring het en besig was om die volkslewe te vergiftig en 'n landsgevaarlike toestand te skep. Swart het uit die verslag die afleiding gemaak dat van owerheidsweë ernstige optrede vereis word.[35]

---

32. Debatte 1949, kol. 1282.
33. Ibid.
34. Ibid.
35. Ibid., kol. 1284.

Die gevolgtrekkings waartoe in hierdie verslag gekom is, was die volgende:

1. Die Kommunistiese Party het o.m. die volgende doelstellings gehuldig:
   (a) 'n Sosialistiese republiek in Suid-Afrika onder beheer van die "werkersklasse."
   (b) Gelyke regte vir almal op elke gebied en die verwydering van alle rasseskeiding.
   (c) Volle stemreg en reg om as verteenwoordigers in alle openbare liggame verkies te word.

2. In die tweede plek het die verslag gehandel oor die bedrywighede van 'n aantal organisasies wat onder ander name bekend gestaan het, maar hoofsaaklik bedrywig was met Kommunistiese propaganda en direk onder die beheer van Kommunistiese leiers was. So is vasgestel dat organisasies soos die Springbok-Legioen,[36] Friends of the Soviet Union, The South African Society for Peace and Friendship with the U.S.S.R. beslis Kommunistiesgesind en -beheerd was.

3. Die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party was 'n ware Kommunistiese Party, nou verbonde aan die Internasio=

---

36. Ibid., Vgl. ook p. 54, voetnoot 30.

nale Kommunisme en sy lede en het hulle trou gegee aan Sowjet-Rusland.

4. Die toestand was veral ernstig in die vakbonde, waar= van 'n aansienlike aantal reeds deur die Kommuniste beheer is.

5. 'n Aantal Indiër-organisasies in die land was Kom= munisties.

6. Besonder kragdadige pogings is aangewend om die Swart= bevolking van die land Kommunistiesgesind te maak, en dit selfs sover as die aangrensende Basoetoland, Bet= sjoeanaland en Swaziland te versprei.

7. Aan sekere universiteite in Suid-Afrika was daar reeds dosente en studente wat bedrywige Kommuniste was.

8. 'n Aansienlike aantal hoofde en onderwysers aan Swart skole was aktiewe Kommuniste en daar was getuienis dat aandklasse gehou is vir opleiding in die Kommunistiese leer en doelstellings.

9. Genoegsame rede het bestaan om te vermoed dat Kommunis= tiese bedrywighede selfs in sommige openbare en semi- staatsinstellings plaasgevind het.

10. Die verslag het verder berigte in Kommunistiese pers= organe as misleidend, kwaadwillig en vals bestempel.

Die bevindings van hierdie kommissie het Swart laat besluit om op te tree teen die Kommuniste. Tot hierdie stap is hy nie slegs gelei deur die feit dat hy gereken het dat die Party die volkslewe ondermyn nie, maar wel ook omdat die ondersteuners van die Party die regeringsbeleid van aparte ontwikkeling vir die Swartmense en eie beheerliggame vir die Kleurlinge en Indiërs, teengestaan het. Die Kommunisme het vir die beleid van die regering 'n bedreiging ingehou in die sin dat dit gepoog het om veral die Swartmense teen die regering op te stook. Die Kommuniste het aan die Swart= mense verkondig dat tuislande nooit kon slaag nie en dat dit eintlik 'n metode was om die Swartes van sekere regte en voorregte te ontneem. In 'n poging om sy optrede doel= treffend te maak, het Swart in die Parlement aangekondig dat sy Departement, wat die saak hanteer het, besig was om 'n beleid uit te werk. Swart het nie die hele optrede uit= gespel nie, aangesien dit teenreaksie van die Kommuniste sou uitlok.[37] Dit sou die Kommuniste in staat stel om 'n teenplan op te stel as hy duidelik gesê het watter optrede hulle beoog.

Swart het die Volksraad verder meegedeel dat 'n besliste beleid intussen gevolg sou word om diegene wat opruiende toesprake gemaak het of wat enigsins getoon het dat hulle die Kommunisme bevorder, voor die geregshowe tot verant=

---

37. Debatte 1950, kol. 1283.

woording geroep sou word. Hy het 'n beroep op die Volks=raad gedoen om die stryd teen die Kommunisme bo party-politiek te hou en dit gesamentlik deur al die partye te beveg.[38]

Soos met sy wetgewing ten opsigte van die afskaffing van die Appèl na die Britse Geheime Raad, het hy die voorbeeld van Kanada gebruik. Kanada het die Kommunistiese Party verban, en in lande soos die Verenigde State van Amerika en Australië is pogings aangewend om die Kommunisme uit te skakel, veral in die Verenigde State omdat daar 'n vrees bestaan het dat die staatsdiens van binne verlam sou word. Swart het in sy tweedelesing-toespraak gesê dat in Suid-Afrika met sy Swartbevolking, wat baie vatbaar was vir die ideologie van die Kommunis, die toestand nog meer plof=baar was.[39]

Swart was trouens besig om wetgewing teen die Kommunisme voor te berei. Hiertoe is hy versterk toe die Swartbe=volking in die groot stede, veral in Johannesburg en Kaapstad, begin het om Sondae vergaderings te hou waar kwaadwillige en Kommunistiese propaganda versprei is en waar hoofsaaklik die optrede van die Swartes teen die Blankes bespreek is. Baie van die vergaderings is gehou op die

---

38. Ibid., kol. 1283.

39. Ibid., kol. 1286.

inisiatief van Blanke Kommuniste. 'n Persoon wat gereeld die leiding op sulke vergaderings geneem het, was Sam Kahn,[40] Naturelle-verteenwoordiger in die Volksraad. Op 30 Mei 1949 het Swart 'n verbod geplaas op drie vergaderings wat Kahn in Johannesburg wou hou.[41] Sestien dae later het hy 'n verbod uitgevaardig op alle vergaderings wat deur Kahn belê sou word vir 'n tydperk van een jaar.[42] Hier=teen het Kahn heftig beswaar gemaak in 'n toespraak in die Parlement. Volgens hom het Swart sy vryheid aan bande gelê en sy mag misbruik om onregverdige optrede en swak=hede van die regering te verdoesel.[43]

'n Verdere motivering vir Swart se wetsontwerp teen die Kommunisme, was die feit dat hy besef het dat Sowjet-Rusland se tweede grootste konsulaat in Suid-Afrika was, en dit ter=wyl daar bloedweinig Russiese burgers in Suid-Afrika ge=woon het en daar feitlik geen skakeling op handelsgebied tussen die twee lande was nie.

Al hierdie dinge het Swart se agterdog laat styg, en het veral die oplaaiende ontevredenheid onder die Swartmense, hom laat besef dat buitengewone maatreëls getref sou moes word om dit uit te roei.[44]

---

40. Vgl. p. 54.
41. Die Volksblad, 30. 5. 1949.
42. Debatte 1949, kol. 8596/8597; Vgl. ook Die Volks=blad, 16. 6. 1949.
43. Debatte 1949, kol. 8596/8597.
44. Die Volksblad, 16. 6. 1949.

## 3.3. Die wetsontwerp op die Onderdrukking van Kommunisme.

Op 14 Junie 1950, 16 maande na die voorlegging van sy komissieverslag, het Swart in 'n toespraak voor die Volks=raad 'n aanval op die Kommunisme geloods.[45] Hy het ver=klaar dat wetgewing om die gevaar van Kommunisme in Suid-Afrika uit te roei, nie alleen gewens was nie, maar ook noodsaaklik. Daar was 'n Koue Oorlog in die wêreld aan die gang — 'n oorlog nie met wapens geveg nie, maar met woorde en ideologieë. Dit het gevorder tot 'n intensiewe en dodelike stryd wat die ganse wêreld in beroering gebring en angs laat beland het. Dit was 'n oorlog van Kommunis=me teen die Westerse beskawing en 'n bedreiging vir die Christendom.

Swart het in sy toespraak verwys na genl. Smuts, die vorige eerste minister, se uitlating oor Kommunisme.[46] Smuts het naamlik eenmaal tydens sy premierskap in die Parlement gesê dat Kommunisme 'n ondermynende, duiwelse evangelie is, en in 'n toespraak voor die Universiteit van Cambridge het hy dit genoem die godsdiens van die rewolusie.

Swart het sy beswaar teen die Kommunisme verder gegrond op 'n uittreksel uit Karel Marx se Kommunistiese Manifes

---

45. Debatte 1950, kol. 9178 e.v.

46. Genl. Smuts, op daardie staduim leier van die Opposisie, was ernstig siek op sy plaas Irene naby Pretoria.

waarin hy onder andere sê dat die Kommunisme enige rewolusionêre opstand teen die sosiale en politieke orde in die land ondersteun. Die doel van Kommunisme was dus verset en die bevordering van sy doel deur gebruik te maak van die omstandighede wat in daardie land bestaan het. Suid-Afrika was, volgens hom, een van die vrugbaarste teelaardes van die Kommunisme weens die besondere omstandighede in die land. Veral die Gekleurde bevolking van die land was 'n maklike teikengroep daarvoor.

Die Kommunistiese Party in Suid-Afrika het sy eie konstitusie gehad. Hiervolgens het die Party openlik en ondergronds gewerk, en wou die lede 'n sosialistiese republiek daarstel in belang van die werkersklas, die daarstelling van gelyke regte vir almal, die verwydering van die kleurslagboom en die toekenning aan al die volwassenes, afgesien van ras of kleur, van die reg om te stem en om verkies te word as lede van die Volksraad, die Provinsiale Rade, die Munisipale Rade en ander verteenwoordigende liggame.

Die stryd van die Kommunisme in Suid-Afrika was dus hoofsaaklik teen die Blanke regering gemik. Die Kommuniste het feitlik agter elke oproer in Suid-Afrika gesit. Sedert die 1922-staking aan die Rand en die 1946-staking van Swartmynwerkers, kon die rol wat hulle gespeel het in talle opstande, bemerk word.[47] Hierdie afleiding is ook

47. H.A. Wessels, Die stryd van Suid-Afrika teen Kommunistiese Imperialisme, p. 87.

gemaak deur die 1949-ondersoekkommissie.

Die gekleurde bevolkingselemente van Suid-Afrika het geen idee gehad van die ideologieë van Marx, Trotski of Engels nie, en derhalwe was die wonderwêreld wat die Kommunis vir die Gekleurdes voorgehou het, aanloklik. Hierdie onkundigheid van die Swartbevolking is misbruik om hulle op te sweep teen die regering. Geweld is openlik aan die Swartmense verkondig, en die Kommuniste het hulle veral toegespits op die boereplase, die agterbuurtes van die stede en die Swartarbeider. Aan hierdie mense het hulle verkondig dat hulle in opstand moes kom en 'n republiek vir Swartmense tot stand bring. Daardeur het hulle gepoog om die goeie verhouding wat deur die jare tussen die Swartman en die Blanke opgebou is te versteur. Hulle het hulle hele stelsel gemik op die uitwissing van die Witman in Suid-Afrika.

Die Kommuniste het hulle ook daarop toegespits om in te dring in die vakbonde van die land. Swart het 'n lys bekom van Kommuniste wat oral in die vakbonde geplaas is. Die opdrag was om die leiding op hulle te neem. Hulle is aangetref in verskillende organisasies, byvoorbeeld die Johannesburgse Munisipale Werknemersvereniging, die Transvaal Teachers Association, die Iron and Steel Workers Association, die Laundry Workers Association, die South African Railway and Harbour Union, die Association of

Scientific Workers, die Commercial Travellers Union asook die South African Society of Journalists. Elke partytak in Johannesburg het sy verteenwoordigers gesteun om hulle in die verskillende vakbonde in te grawe.

By die vakbondkongres het hulle net so 'n groot rol gespeel. In 1945 het die leier van die Kommunistiese Party, volgens Swart voor die South African Trades and Labour Council die veelseggende stelling gemaak oor Kommunistiese strategie: "As is customary members of the Communist Party who are delegates to the Conference, held a consultation before the Conference to decide on their attitude to the various items on the agenda."[48]

Die fout wat die Kommuniste hier gemaak het, was dat sodanige optrede slegs in belang van die Kommunisme was en nie soos hulle voorgegee het in die belang van die arbeiders of individuele vakbonde nie. Interessant is dat daar binne die Kommunistiese Party geheime organisasies was waarvan die gewone lede nie eens geweet het nie. Swart het bewyse hiervoor gehad, want hy was naamlik in besit van 'n doku=ment wat die name van lede van hierdie militante groepe bevat het. Die afleiding wat Swart gemaak het uit al die inligting wat hy bekom het, was dat die Kommuniste slegs

---

48. Debatte 1950, kol. 9186.

een einddoel in Suid-Afrika gehad het, naamlik geweld en wanorde.

Die Kommuniste het ook begin om geheime organisasies te stig onder die Swartbevolking en om hulle voor te berei om op 'n gegewe oomblik te kon ingryp om 'n staatsgreep uit te voer. Hulle moes die samelewing op sekere strategiese punte tref, soos byvoorbeeld die watervoorraad afsny, kosvoorrade vernietig en kragsentrales verwoes, en self diegene wat in die pad was, vermoor. Al hierdie inligting het Swart uit dokumente wat van tyd tot tyd in sy hande beland het, gemaak.[49]

Hy het voortgegaan en in sy tweedelesing-toespraak gemeld dat die Kommuniste in 1950 die "Freedom of Speech Convention" gestig het. Hulle het probeer om 'n skyn van vrede te bewaar om daardeur hulle Kommunistiese bedrywighede te verbloem. Swart het ook bewyse gehad dat die organisasie waarmee die regering reeds telkens probleme gehad het, die Springbok-Legioen, die militante arm geword het van die Kommuniste. Swart het 'n brief van 'n erkende Kommunis voorgehou waarin geskryf is dat die organisasie eintlik net 'n rookskerm is vir die optrede van die Kommuniste en dat hulle 'n gulde geleentheid bied vir die uitvoering van die ondermynende bedrywighede van die Kommuniste.[50] Volgens

---

49. Ibid., kol. 9187.

50. Ibid., kol. 9188.

'n joernalis was hierdie organisasie op die voorpunt van diegene wat die Nasionale Party se kongres in 1946 in Johannesburg uitmekaar gejaag het.[51]

Teen hierdie agtergrond het Swart sy wetsontwerp om Kom=munisme teen te werk, saamgestel. Die wetsontwerp het hom hoofsaaklik bepaal by die vorm van Kommunisme in Suid-Afrika en die bekamping daarvan.[52] Swart het geglo dat daar net een uitweg was, en dit was dat aan die minister van Justisie wye magte gegee moes word om toe te sien dat Kommunisme in Suid-Afrika nie vrylik kon uitbrei nie.

In werklikheid het Swart om outokratiese magte gevra, want hy het beweer dat slegs die minister van Justisie sou kon besluit hoe daar teen die Kommuniste opgetree moes word. Hy het geglo dat die situasie so vinnig kon ontwikkel, dat dit optrede kon vereis sonder dat daar vir hom tyd sou wees om eers die kabinet te raadpleeg.[53]

Volgens die wetsontwerp is die Kommunistiese Party tot on=wettige organisasie verklaar. Hiervolgens is die staats=gesag deur die Goewerneur-generaal-in-Rade gemagtig om enige organisasie as onwettig te verklaar indien hy oortuig was dat die organisasie hom as kommunisties openbaar het, ten

---

51. Die Volksblad, 15. 6. 1950 - Hoofartikel.
52. Debatte 1950, kol. 9193.
53. Ibid.

doel gehad het om die Kommunisme te propageer, dit besig was met bedrywighede wat die Kommunisme bevorder het, en deur 'n Kommunistiese organisasie beheer is. Daar is egter in die wetsontwerp voorsiening gemaak dat vakbonde of werkersverenigings wat volgens die Nywerheidsversoenings= wet van 1937 geregistreer was, nie onwettig verklaar kon word nie.[54]

Die wetsontwerp het ook fyner punte van die bestryding van Kommunisme behandel. Die eiendom van die organisasie wat onwettig verklaar is, sou beheer word deur 'n beredde= raar. Die beredderaar sou die organisasie likwideer en die Maatskappy en Insolvensiewet op die organisasie toepas. Indien daar na die likwidasie iets oor was van die bates van die organisasie, sou dit oorhandig word aan 'n weten= skaplike navorsings- of liefdadigheidsorganisasie deur die minister aangewys. Die beredderaar sou 'n lys van die lede van die organisasie opstel, en die organisasie se posstukke bewaar. Aan die ampsdraers van die Party of organisasie kon opdrag gegee word om te bedank. Dit het ook die implikasie gehad dat die regering 'n ampsdraer van die Kommunistiese Party opdrag kon gee om uit die be= stuur van 'n ander organisasie te bedank. Op hierdie wyse is 'n poging aangewend om toe te sien of te verhoed dat die Kommuniste beheer oor die vakbonde oorneem.

Die wetsontwerp het ook voorsiening gemaak vir die skor= sing van 'n lid van die Volksraad, die Provinsiale Raad

---

54. Ibid, kol. 9194.

of enige ander openbare liggaam indien bewyse gevind kon word dat hy Kommunisme bevorder.

Swart het ook voorsiening gemaak dat alle publikasies met 'n kommunistiese strekking verbied kon word, asook byeenkomste waar die Kommunisme bevorder kon word, en 'n persoon kon verbied om 'n byeenkoms by te woon waar hy Kommunistiese idees wou verkondig.

Die eiendom van 'n persoon wat dit laat gebruik vir Kom=munistiese bedrywighede kon verbeurd verklaar word. Hier=mee het Swart beoog dat die ondergrondse bedrywighede van die Kommuniste stop gesit moes word.

Die strafbepalings van die wetsontwerp het voorsiening gemaak vir wat Swart genoem het "dade van Kommunisme." Dit is dus nie net die Kommunisme wat gestraf is nie, maar ook die propagering van Kommunisme, die bevordering daar=van of die verspreiding van Kommunistiese publikasies.[55]

### 3.4. Die Verenigde Party se reaksie.

Voordat Swart sy wetsontwerp ingedien het, het hy eers samesprekings gevoer met die verskillende partye in die Volksraad. Die Arbeidersparty en die Naturelle-verteen=

---

55. Ibid., kol. 9199.

woordigers het omomwonde verklaar dat hulle teen so 'n stap was. Die amptelike Opposisie, die Verenigde Party, het saamgestem dat optrede teen die Kommunisme noodsaaklik was, maar het nie saamgestem met sekere bepalings van Swart se wetsontwerp nie.[56] Hulle het derhalwe 'n an= der wetsontwerp opgestel, na die leier van die Party, die Strauss-wetsontwerp genoem.

Die Strauss-wetsontwerp het hom hoofsaaklik bepaal tot die vorm van die Kommunisme as algemene verskynsel. Die Party wou nie slegs die Kommunistiese Party in Suid-Afrika verban nie, maar wou teen die Kommunisme as verskynsel optree. Daar moes byvoorbeeld deur 'n hofsaak teen 'n persoon wat 'n Kommunistiese daad gepleeg het aan die wêreld getoon word hoe verkeerd hierdie ideologie was. Verder het dit in wese in die wetsontwerp ook daaroor ge= handel dat die Party bang was om buitengewone magte aan die persoon van die minister van Justisie te gee.

Die Verenigde Party het vereis dat 'n hofuitspraak eers gelewer moes word dat 'n politieke party, organisasie of persoon Kommunistiese dade pleeg alvorens daar opgetree word. Hulle het Swart beskuldig dat die wetsontwerp wat

---

56. T.D. Moodie, The Rise of Afrikanerdom, Power, Apartheid and the Afrikaner Civil Religion, p. 256.

hy voorgestaan het, 'n Fascitiese despotisme sou skep wat die Uitvoerende gesag met te veel mag beklee en wat nie genoeg seggenskap aan die howe gegee het nie. Vol= ens Strauss is daar te veel van die vryheid van die individu weggeneem.[57]

## 3.5. Die verloop van die wetsontwerp.

Die bespreking van die wetsontwerp in die Volksraad het veral gewentel om die fundamentele verskil tussen Swart en Strauss se wetsontwerpe, nl. omvattende mag in die hande van die minister van Justisie en 'n hofuitspraak voordat daar opgetree word.

In sy beswaar teen Strauss se wetsontwerp, het Swart ver= wys na gebeure in Kanada. Daar is die Party na sy ver= banning as The Progressive Labour Party herdoop. Indien die hof 'n uitspraak moes lewer, sou niemand aan die Kommuniste iets kon doen tot tyd en wyl die hof die nuwe party se dade as kommunisties bewys het. Dit kon 'n ver= traging in die optrede bring wat selfs langer as 'n jaar kon duur en in die tussentyd kon die Kommuniste met hulle bedrywighede voortgaan. Die regering het ook vanuit verskillende bronne inligting ontvang oor die Kommunisme,

---

57. Debatte 1950, kol. 9207; Vgl. ook C.J.S. Strydom, op. cit., p. 72.

en as al hierdie inligting in die hof vrygestel moes word, sou die persone uit vrees nie meer verdere inligting ver= skaf het nie.

Op 20 Junie 1950 het die Verenigde Party 'n mosie by die Parlement ingedien dat wetgewing teen die Kommuniste soos die Nasionale Party dit daar wou stel, nie aanvaarbaar was nie. 'n Lid van die Verenigde Party, mnr. Marais Steyn, L.V. vir Alberton, het in sy teenkanting vir die Nasionale Party se wetsontwerp so opgewonde geraak dat hy uitgeroep het: "All you Nationalists are Nazi's." Hy het geweier om dit terug te trek en is versoek om die parlementssitting te verlaat.[58] Die Verenigde Party het steeds omomwonde verklaar dat hulle toegang tot die howe wou hê en dat hulle die ander weg as gevaarlik beskou.[59]

Die Verenigde Party het in die Volksraad veral die steun van die Kommunis, mnr. Sam Kahn gehad. Hy het Swart se wetsontwerp heftig beveg omdat hy bewus was dat dit sy lidmaatskap van die Volksraad in gedrang sou bring en die Kommuniste hulle vastrapplek in die Volksraad sou ontneem. Op die laaste besprekingsdag van die wetsontwerp het hy sy betoog daarteen afgesluit met die uitroep: "Lank lewe die Kommunisme."[60] Mev. E.H. Ballinger, Naturelle-verteen=

---

58. The Rand Daily Mail, 20. 6. 1950.

59. Debatte 1950, kol. 9199.

60. Ibid.; Vgl. ook Die Volksblad, 21. 6. 1950.

woordiger in die Volksraad het ook haar steun aan die Verenigde Party toegesê, terwyl die ander Naturelle-verteenwoordiger, mnr. W.H. Stuart, onverwags sy steun aan Swart en die Nasionale Party gegee het.[61]

Op 26 Junie 1950 is daar oor die wetsontwerp gestem en dit is aanvaar met 70 stemme teenoor 49.[62] 'n Hele aantal lede van die Verenigde Party het by die geleentheid buite stemming gebly. Die wet is op 17 Julie 1950 in die staatskoerant gepubliseer.

3.6. <u>Die reaksie teen die wetsontwerp.</u>

Die Kommunistiese Party het hewig gereageer teen die wetsontwerp. Die Kommuniste het Swart uitgedaag om sy bewerings oor die Party in die hof te bewys en gesê dat Hitler die Reichstag aan die brand gesteek het om die Kommuniste in Duitsland uit te roei, en dat Swart op dieselfde wyse probeer het om met 'n wolhaarstorie hulle in 'n swak lig te stel. Hulle het verklaar dat indien daar 'n referendum oor die wetgewing gehou sou word, die volk die wet van die hand sou wys.[63] Die ledetal van die Kommunistiese Party was ongeveer 2 000 by ontbinding.[64]

---

61. The Rand Daily Mail, 16. 6. 1950.
62. Die Volksblad, 26. 6. 1950.
63. The Rand Daily Mail, 20. 6. 1950.
64. D.J. Kotze, op. cit., p. 101.

Die Engelstalige pers het Swart skerp gekritiseer oor die wetsontwerp.[65] Een van die koerante het hom beskuldig dat hy hom te veel mag toegeëien het en die wet van Suid-Afrika 'n polisiestaat sou maak.[66]

Verder is Suid-Afrika vergelyk met Sowjet-Rusland, Nazi-Duitsland en Fascistiese Italië. Die hele aangeleentheid het hulle beskou as gerig teen Swart nasionalisme. In een Engelse koerant is die wetsontwerp genoem "The shape of the monster."[67] In dieselfde berig is hy beskuldig dat hy die wetsontwerp deur die Parlement gehaas het. Voor=dat dit in die komiteestadium klousule vir klousule be=handel is, het die valbyl geval en het die wetsontwerp wet geword.[68] Swart is daarvan beskuldig dat hy die ver=klaring van die Nasionale Party dat die Party groot respek gehad het vir demokrasie en die parlementêre proses, ver=krag het. Die uiteindelike wet sou 'n beperking op die regspleging en 'n inperking van vryheid van spraak wees. Die wet sou verder gerig wees teen persone buite die Kom=munistiese Party en veral om enige liberaal- of anderdenkende as die Nasionale Party uit te skakel. Die grootste be=swaar het egter die ignorering van die hof gebly: "The rule of law is the mainstay of the democratic rights of the individual: South Africa alone among the civilised

---

65. The Friend, 17. 6. 1950; The Rand Daily Mail, 17. 6. 1950; The Cape Argus, 17. 6. 1950.
66. The Friend, 17. 6. 1950.
67. Ibid, 21. 6. 1950.
68. Ibid.

nations of the world is departing from it."[69] 'n Paar dae later is berig dat die politieke klimaat in Suid-Afrika nooit weer dieselfde sou wees nà die aanvaarding van die wet nie. Demokrasie is benadeel, want die regering het te outokraties opgetree en die mag in die hande van een persoon geplaas.[70]

In Johannesburg is 'n vereniging, die Personal Liberties Defence Committee, gestig om protes aan te teken teen die wet. Die lede daarvan het 'n verklaring opgestel en in 'n Engelstalige koerant gepubliseer.[71] Daarin het hulle verklaar dat die Suid-Afrikaners die wet met afkeer betrag omdat dit die regspraak sou vernietig, die demokratiese reg van vryheid van spraak aan bande sou lê en aan enige regering die reg sou gee om mense te straf sonder 'n regverdige ver= hoor slegs op grond daarvan dat hulle nie van die mense se mening gehou het nie. Die vereniging het 'n petisie laat opstel. Dit is deur 6 000 mense onderteken. Die plan was om die petisie aan die Speaker van die Volksraad te oorhandig. Die dokument was egter nie deeglik opgestel nie, en die oorhandiging het nooit plaasgevind nie.[72]

In Kaapstad het die Democratic Action Committee 'n betoging

---

69. The Friend, 21. 6. 1950.

70. Ibid., 24. 6. 1950.

71. The Rand Daily Mail, 20. 6. 1950.

72. Ibid.

voor die parlementsgebou gehou teen die wetgewing. Hier= die komitee is gestig na 'n vergadering in die Drilsaal in Kaapstad en het ontstaan uit hoofsaaklik pro-Kommunis= tiese organisasies soos die Civil Rights League van Kaapstad, die National Council of Women, die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, die Springbok-Legioen, die Presbi= teriaanse Kerk, Nusas en die Congregational Union of South Africa. Hulle het onophoudelik die kreet: "Ons wil vry= heid hê!" uitgeroep.[73]

Op 20 Junie 1950 het die Balierade van Johannesburg en Kaap= stad aangekondig dat hulle die wet gaan opponeer. Die Johannesburgse Balieraad het dit genoem "a Complete nega= tion of the liberty of the subject as guaranteed by the rule of law.[74] Onder hierdie regslui was daar egter nie eenstemmigheid nie, want kort nadat die verklaring in die pers verskyn het, het die Balieraad van Bloemfontein aan= gekondig dat hulle nie diegene in Kaapstad en Johannesburg gaan ondersteun nie, maar wel hulle volle steun aan die minister sou gee.[75]

Die pro-regeringspers het daarenteen hul volle steun aan Swart en hierdie wetgewing gegee. Vir hulle was dit 'n noodsaaklikheid wat moes volg op die ontwrigtende gebeure

---

73. Die Volksblad, 15. 6. 1950.

74. N. Weyl, op. cit., p. 92; Vgl. ook kort berig in Die Burger, 21. 6. 1950.

75. Die Volksblad, 21. 6. 1950.

waarby die Kommuniste betrokke was. Sommige het trouens gereken dat dit reeds te laat was. Hierdie gedeelte van die pers, hoofsaaklik Afrikaanstalige koerante en onder= steuners van die Nasionale Party, het hierin die bedreiging van die voortbestaan van die Afrikaner gesien, en hulle wou dus dat die Kommunisme geheel en al uitgeroei word.[76]

Die Afrikaner het dus die wetgewing verwelkom. Die Nasio= nale Party, die Party waaraan die meeste Afrikaners behoort het, het geglo dat hulle besig was met 'n proses om vir die Swartman 'n beter tuiste in Suid-Afrika daar te stel. Die Kommunistiese Party was vir hom daarin 'n bedreiging aan= gesien lg. hom veral toegespits het op die Swartbevolking en op wat die Kommunistiese Party geglo het 'n onreg was teenoor die Swartes. Die wet was dus vir die Afrikaner 'n mag in die hand nie slegs teen die Kommunisme nie, maar ook 'n middel om sy doel te bereik, om 'n beter Suid-Afrika daar te stel vir die Blanke en Gekleurde bevolking. Uit berigte in twee Afrikaanse dagblaaie,[77] het geblyk dat ook ander Westerse lande verheug was dat Suid-Afrika so 'n wetgewing aangeneem het, aangesien hulle reeds die ge= vaar van Kommunisme besef het, en lande soos Kanada en die Verenigde State van Amerika reeds stappe gedoen het om die Kommunisme uit hulle lande te weer.

---

76. Ibid., 20. 6. 1950; Die Burger, 21. 6. 1950.

77. Die Volksblad, 21. 6. 1950; Die Burger 21. 6. 1950.

## 3.7. Die betekenis van die wet.

Die wetsontwerp wat op 26 Junie 1950 aangeneem is, is op 17 Julie 1950 in die staatskoerant gepubliseer as wet 44 van 1950 onder die titel: Die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme.[78]

Die Kommunistiese Party was voortaan 'n verbode organisasie in Suid-Afrika. Reeds op 20 Junie 1950, toe die wet geskyn 'n voldonge feit te wees, het Sam Kahn aangekondig dat die Kommunistiese Party ontbind. Hy het die aankondiging gedoen op 'n vergadering van die Party en het 'n verklaring voorgelees wat onderteken was deur T.O. Horwitch, nasionale voorsitter en Moses Kontane, algemene sekretaris van die Party.[79] Volgens die verklaring is die besluit op hulle afgedwing deur 'n regering met 'n meerderheid van sewe in die Volksraad, een in die Senaat, en 'n minderheid van stemme in die vorige algemene verkiesing.[80] Sam Kahn het by hierdie geleentheid verklaar dat die Nasionale Party nooit die Kommunisme sal uitroei nie.[81]

Kahn, die enigste Kommunis wat ooit in die Volksraad was, en Fred Carneson, wat lid van die Kaapse Provinsiale Raad

---

78. Wette van die Republiek van Suid-Afrika, 1976, p. 72.
79. Debatte 1950, kol. 9871; Vgl. The Star, 21. 6. 1953.
80. Debatte 1950, kol. 9870.
81. Ibid., kol. 9871.

was, se lidmaatskap is ongeveer twee jaar later, op 26 Mei 1952, beëindig.[82] Die rede hiervoor was dat artikel 5 van die wet soos dit aangeneem is in 1950, en gewysig is deur wet nr. 50 van 1951, bepaal het dat 'n persoon wie se naam op die lys van die beredderaar van die Kommunistiese Party se sake verskyn, of wat self verklaar het dat hy 'n Kommunis is, nie lid van die Volksraad of Provinsiale Raad kon wees nie, en dat sy saak deur 'n komitee ondersoek moes word en verslag aan die instansie gedoen moes word.[83] In die lig hiervan het 'n Gekose Komitee van die Volksraad in 1952 die saak van Kahn en Carneson ondersoek.

Die komitee het die saak op 19 en 20 Mei 1952 aangehoor.[84] Kahn het getuig dat hy 'n Kommunis was en hulle aanbeveling was dat sy lidmaatskap, sowel as die van Carneson, beëindig word.[85] In die lig hiervan is Kahn se lidmaatskap op 26 Mei 1952 beëindig. Sommige koerante was ontevrede hier=oor en het weer soos in 1950 gekla dat die vryheid van die individu ingeperk word.[86]

'n Ander Kommunis wat ook op hierdie stadium deur die Wet getref is, was mnr. Solly Sachs, leier van die Klerewerkers=unie. Hy het die Wet oortree deur 'n vergadering van die

---

82. Ibid., 1952, p. vii.

83. Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1950, pp. 558 - 560 en 1951, pp. 331 - 333.

84. Debatte 1952, kol. 6593 - 6685 en 6694 - 6793.

85. Ibid., kol. 6793.

86. The Star, 27. 5. 1952; The Friend, 27. 5. 1952; Vgl. D. J. Kotze, op. cit., p. 72.

Klerewerkersunie toe te spreek, terwyl dit in werklikheid 'n protesvergadering was. Hy is na die vergadering, wat op die stoep van die Johannesburgse stadsaal gehou is, in hegtenis geneem en gevangenisstraf opgelê. Hy het teen die uitspraak geappèlleer, maar die appèlhof het die uitspraak gehandhaaf.[87] Omdat hy na sy vrylating nie in staat was om sy funksies as Kommunis voort te sit nie, het hy na Brittanje uitgewyk.[88]

Alhoewel hierdie wet nooit die bedrywighede van die Kom= munisme kon beëindig nie, moes die organisasie nou in die geheim werk. Dit het die doeltreffendheid van die Party benadeel en dit is telkens verhinder om op te tree. Die Kommunisme kon nie langer vrylik as ideologie verkondig word nie. Die regering was deeglik bewus van die gevaar wat die Kommunisme ingehou het. Behalwe dat hulle die ellende gesien het wat die Kommunistiese Rewolusie ongeveer 33 jaar tevore vir Rusland gebring het, was hulle ook bewus van die ekspansionistiese drang van Sowjet-Rusland, en moes hulle ten alle koste hier uitgehou word. Hierdie wet= gewing het Kommunisme finaal die vyand van Suid-Afrika ge= maak. Hierdie drastiese wet daarteen, en die voorspoed wat in Suid-Afrika geheers het, het die Kommuniste in die

---

87. The Star, 25. 5. 1952.

88. N. Weyl, op. cit., p. 93.

groot raadsale van die wêreld, soos die Verenigde Volkere Organisasie, teen Suid-Afrika laat kant kies.

Die Nasionale Party en die Kommunisme het 'n afkeer die een van die ander gehad. Die Nasionale Party het geglo die Kommunis wou wanorde in Suid-Afrika laat ontstaan. Die regering wou in die volkereverskeidenheid van die land elk=een die geleentheid gee om ten volle te ontwikkel, terwyl die Kommunis inbreuk wou maak op die nasionale gevoel van elke groep in Suid-Afrika.

Vir Swart was die uiteindelike aanvaarding van die wet 'n persoonlike triomf.[89] Dit was vir hom 'n beloning op harde werk. Hy het dit as 'n weldaad gesien wat hy aan sy land en die inwoners gedoen het. Die belangrikheid van die wet lê in die permanentheid daarvan.

Die wet is nooit herroep nie, maar slegs van tyd tot tyd aangevul om sy doeltreffendheid te vergroot. Dit is die eerste keer gewysig in 1951 deur wet nr. 50.[90] In wese het die wet dieselfde gebly met enkele toevoegings, soos byvoorbeeld dat 'n persoon wie se lidmaatskap van 'n sekere organisasie beëindig word, skriftelik daarvan in kennis gestel moes word. Die organisasie sou ook skriftelik kennis ontvang.

---

89. H.A. Wessels, op. cit., p. 82.

90. Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1951 pp. 329 - 331.

In 1954 is die Wet weer gewysig. By die geleentheid is dit saam met wysigings vir die wet op "Oproerige Bijeenkomsten en Krimineel Recht Wijzigingswet van 1914" gedoen. Die belangrikste wysiging was artikel 11, wat bepaal het dat 'n persoon wat ingevolge die wet verbied is om lid van die Volksraad te wees, geen protesvergadering mag bywoon nie. Hy kon ook nie daar 'n toespraak selfs d.m.v. 'n meganiese middel laat voorlees nie.[91]

---

91. Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1954. p. 108.

# HOOFSTUK IV.

## OPTREDE OM BINNELANDSE VEILIGHEID TE VERSEKER.

### 4.1. Agtergrond.

Soos wat Swart bekommerd was oor die verspreiding van Kommunisme in Suid-Afrika, was hy ook bekommerd oor die binnelandse veiligheid van beide Wit en Swart in Suid-Afrika. As gevolg van agitators in die land, en veral onder die Swartbevolking, het die onrus in die land toe=geneem en hy het besef dat die inwoners tot kalmte gebring moes word. Sy hande was egter gebind omdat daar geen afdoende wetgewing was wat voorsiening gemaak het vir op=trede teen die sporadiese onluste wat van tyd tot tyd uit=gebreek het nie.[1]

Die parlementsitting van 1953 was vir hom in hierdie ver=band belangrik. Dit was 'n kort sitting aan die begin van die jaar wat die algemene verkiesing van 15 April vooraf gegaan het. Die verkiesing sou die eerste toets vir die Nasionale Party wees sedert dit die bewind vyf jaar vantevore oorgeneem het. Swart het die onluste in die land gesien as 'n poging van die vyande van die land om sy Party in diskrediet by die kiesers te bring. Hy het die kort sitting gebruik om te sorg dat die wet en

---

1. Debatte 1953, kol. 78; Sien ook C.J.S. Strydom, op. cit., p. 73.

die orde in die land gehandhaaf word en dat die verkiesing sonder enige belemmering kon plaasvind. Sterk optrede van sy kant teen die oproermakers kon weer die Nasionale Party by die stembus bevoordeel.[2]

Die uitvaardiging van twee wette gedurende die sitting moet dus betrag word teen die agtergrond van beide die noodsaaklikheid daarvan in terme van die toenemende oproer, maar ook van die propagandawaarde daarvan vir die regering in die komende verkiesing. Die wette was die Wet op Openbare Veiligheid (Wet nr. 3 van 1953), en die Straf=regwysigingswet (Wet nr. 8 van 1953). Hierdie wetgewing het twee monumente in sy politieke loopbaan geword, maar was weer eens wetgewing wat fel kritiek ontvang het.

Die vlaag van onrus in Suid-Afrika wat aanleiding gegee het tot die wetsontwerpe, het gedurende die laaste kwartaal begin by Denver naby Johannesburg. Die munisipaliteit van Johannesburg het die losiesgeld van een van sy koshuise vir Swartes verhoog. 'n Aantal inwoners het uit protes die gebou beskadig. 'n Groepie Blankes is binne die gebou vasgekeer en as die polisie nie betyds opgedaag het nie, sou hulle vermoor gewees het. Soortgelyke voorvalle het hulle in Kimberley afgespeel. Daar was die Swartes ontevrede

---

2. Die Volksblad, 27. 1. 1953.

oor die gehalte van die bier wat in hulle biersaal bedien is. Die biersaal is geplunder en 'n opstand het gevolg.[3]

In Port Elizabeth het Spoorwegpolisie 'n Swarte wat goedere by die stasie wou steel op heterdaad betrap. Toe hulle hom in hegtenis wou neem, het Swartomstanders toegeslaan en hulle met klippe bestook. Groot getalle polisie moes ingryp om 'n hewige opstand te voorkom.

Hierdie verset het al wyer uitgekring. Die gebeure in Port Elizabeth het gelei tot 'n versetvergadering in Oos-Londen. Die regering het 'n verbod op die vergadering geplaas. Dit is nogtans gehou en het ontaard in 'n op=stand wat deur die polisie onderdruk moes word.[4] Hierdie opstande het sporadies weer voorgekom, en ongeveer drie weke na die vergadering, is 'n kerk in die Swartwoonbuurt in Oos-Londen geplunder. 'n Blanke non, dr. Elsie Quinlan, beter bekend as suster Aiden, wat haar lewe gewy het aan werk onder die Swartes, is vermoor. Slegs die kerk is in dié woonbuurt aangeval, en dit was opmerklik dat dit die enigste kerk in die Swartwoonbuurt was wat deur Blanke geestelikes bedien is.[5]

---

3. Die Burger, 4. 11. 1952; Die Transvaler, 4. 11. 1952; Vgl. ook Die Burger, 10. 11. 1952 en The Star, 11. 2. 195

4. Die Burger, 20. 10. 1952; The Star, 20. 10. 1952; Vgl. ook die hofverslae oor dié opstande in Die Burger, 7 en 10. 2. 1953 en The Star, 11. 2. 1953.

5. Die Burger, 10. 11. 1952; The Star 10. 11. 1952; Die Burger 7 & 10. 2. 1953 en Debatte 1953, kol. 1047.

Op hierdie stadium het die onlus in Port Elizabeth begin nadat 'n Blanke wat sy Swartwerkers by 'n Swartwoonbuurt wou gaan aflaai, voorgekeer en vermoor is. Sy voertuig is ook aan die brand gesteek. 'n Opstand het daarna ge= volg. Gedurende die opstand is Blankes wat in 'n moderne bioskoopteater in die Swartwoonbuurt gewerk het, aangeval. Die Blanke bestuurder en nog twee ander Blankes is ver= moor.[6] Swart het die volgende dag na die toneel gevlieg om sake daar self te ondersoek. Gedurende die opstand is 13 mense gedood: vier Blankes en nege Swartes.[7] Die opstande was so algemeen en onrusbarend, dat mnr. C.F. Mc Arthur, die burgemeester van Port Elizabeth, Swart ver= soek het om die stad onder militêre beheer te plaas om sodoende die opstande te bekamp.[8]

Al hierdie gebeure het dieselfde patroon gevolg. Swartes het in opstand gekom omdat hulle ontevrede was oor die een of ander saak. 'n Opstand het plaasgevind en sodra die polisie ingegryp het, is hulle met klippe bestook of met allerhande wapens aangeval. Daarna het daar 'n vlaag van moorde elders plaasgevind, gewoonlik op Blankes. Swart het by geleentheid gesê die opstande en moorde volg dieselfde patroon as die Mau-Mau-aanvalle in Kenia.[9] Die

---

6. Debatte 1953, kol. 1047.
7. Die Burger, 21. 10. 1952; Die Transvaler, 20. 10. 1952.
8. Die Transvaler, 10. 11. 1952.
9. Die Burger, 12. 11. 1952.

Mau-Mau-beweging het op daardie staduim die Blankes in Kenia vermoor en hulle sodoende uit die land gedryf.[10]

Dié gebeure, wat veral paniek in die Oos-Kaap laat ont=staan het, het Swart oortuig dat die publiek se binne=landse veiligheid verseker moes word.

Die wette wat hy beoog het, het ten doel gehad om 'n her=haling van die onrus in die toekoms te verhoed. Die eerste wetgewing het gehandel oor die onluste soos hulle hul op daardie staduim geopenbaar het en die tweede met die strawwe wat opgelê kon word op diegene wat hulle skuldig maak aan onrusstokery en wat aan sulke opstande deelneem. Die twee wette wat hy beoog het, was onlosmaakbaar van mekaar omdat die tweede 'n uitvloeisel van die eerste was. Swart self het hulle "tweelingwette" genoem.[11]

Al die parlementslede het nie dieselfde bekommernis as Swart gedeel nie, en het hy sterk teenkanting uit Opposisie-geledere gekry. In 'n Engelse koerant is die volgende beweer: "These two drastic Bills will no doubt be carried through Parliament and the National Party will do its ut=most to pass them off to the electorate as acts of strong=hold and statesmanship. In fact of course, they are admission of deplorable failure"[12].

---

10. Vgl. beriggewing in Die Burger, Die Volksblad en The Star, Oktober en November 1952.

11. Debatte 1953, kol. 1663.

12. The Sunday Times, 8. 2. 1953.

4.2. Motivering vir die wetsontwerpe.

Swart het aangevoer dat die wetgewing noodsaaklik was, omdat die opstande van die tyd veroorsaak is deur agitators, nie net van binne die land nie, maar ook van buite. Hy het weer eens verwys na soortgelyke optrede as wat hy met wetgewing beoog het in ander dele van die Gemenebes nl. die Emergency Powers Act van 1920 in Brittanje. Die wet het die Britse regering gemagtig om op te tree teen oproermakers in die land. Die wet is in Brittanje aangeneem sonder om baie bespreking uit te lok.[13] In lg. het Swart dus eintlik die feit gesien dat indien so 'n wet 'n noodsaaklikheid is, die teenkanting daarteen on=nodig was en dat diegene wat daarteen gekant was, nie omgegee het vir die veiligheid van alle inwoners nie.

Die tweede lesings van die wetsontwerpe het plaasgevind op 11 Februarie 1953 en 19 Februarie 1953; die Wetsontwerp op Openbare Veiligheid op eersgenoemde en die Strafreg=wysigings-wetsontwerp op laasgenoemde datum.[14]

Op 11 Februarie 1953, in 'n toespraak van langer as 'n uur, het Swart aangetoon dat die maatreël slegs 'n af=

---

13. Debatte 1953, kol. 1321.

14. Ibid., kol. 1039 en 1662; Vgl. ook The Star, 12. 2. 1953.

skrikmiddel moes wees, en dat hy in werklikheid nie gehoop het dat dit ooit nodig sou word om die bepalings daarvan te gebruik nie. Hy het met die wetgewing beoog om eerstens die heersende onluste te onderdruk; tweedens moes dit 'n einde maak aan die dreigement om die land tot stilstand te dwing of lam te lê. Hierdie dreigement is dikwels geuiter en die ontevredenes het beweer dat hulle deur dade van terreur die land op strategiese plekke wou lamlê. Swart het nie gepoog om sy eie posisie te bevorder nie, of om soos in vorige gevalle alleenreg of -mag gehad het nie, maar hy wou diegene wat gereken het dat hulle die hele Suid-Afrika op 'n gegewe tydstip kon lamlê, afskrik en aan bande lê. Sy oogmerke was geensins om slegs die veiligheid van Blankes te verseker nie, maar ook die van Swartes.[15]

Die African National Congress het opgetree as agitators vir opstande wat veral plaasgevind het onder Swartes. Selfs van hulle vriende het hul optrede bestempel as "the law of the jungle." Swart het gesê dat dit hierdie soort optrede was wat streng maatreëls vereis het van regeringsweë, want "you cannot fight the law of the jungle with the ordinary rule of law."[16]

---

15. Ibid., kol. 1040.

16. Ibid., kol. 1043.

Swart het hierdie wetgewing gegrond op persoonlike waar= neming. Hy het hom dit ten doel gestel om na elke opstand persoonlik saam met die Kommissaris van Polisie en die hoof van die speurdiens die betrokke toneel te besoek. Daar het hy self dae en nagte deurgebring, en sodoende probeer agterkom wat agter die opstand gesteek het en wat die polisie presies gedoen het. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat al die verset teen landswette was. Dit het mettertyd ontaard in die uittarting van die polisie en in pogings om hulle te verhinder in die uitvoering van hulle pligte. Uiteindelik het dit uitgeloop op moorde op Blankes — 'n tipe van Bar= barisme in sy ergste graad. Die regering het gepoog om dit binne die bestek van bestaande wetgewing te voor= kom, maar dit het weer en weer gebeur.[17]

Die Opposisie het die regering die skuld gegee vir die opstande.[18] Hiermee kon Swart geensins genoeë neem nie. Uit ondersoeke wat hy gelas het in die sentra waar die opstande voorgekom het, het dit geblyk dat die geweldpleging veral teen die Witman gerig was. Toestande in stede soos Port Elizabeth en Oos-Londen het sodanig versleg dat die plaaslike besture hom versoek het om noodtoestande daar af te kondig. Hy het aan die stads= rade gemeld dat hy dit nie kon doen nie, aangesien hy nie wettiglik die mag daartoe gehad het nie. Die stads=

---

17. Ibid., kol 1044.
18. Ibid., kol. 1046.

raad van Oos-Londen het hom gevolglik dringend versoek om te sorg dat hy hierdie magte vir die toekoms verkry.[19]

Soos in ander gevalle het hy in die Parlement bewys gelewer van die deurtastenheid van sy ondersoek en van sy regsagter=grond deur bewyse vir sy standpunt te lewer. Hy het ook aan die Parlement uittreksels voorgehou van toesprake en verklarings deur Swartleiers, veral van die African National Congress. Die kern van al hierdie uitsprake was, het Swart beweer, teen die Witman gerig en hulle wou die mag van die Blanke in die land verbreek en die gesag van Blanke regering ondermyn.[20] Op een van die organisasies se vergaderings is van die standpunt uitgegaan dat die Swartes baie meer as die Blankes is en die Swartmense dus die eintlike eienaars van die land is. Hulle moes die Blankes hier uitdryf soos wat die Indiërs die Blankes uit Indië gedryf het.[21] Tal=le sodanige vergaderings is gehou onder die dekmantel van godsdiens. Die vergaderings is geadverteer as godsdiens=tige byeenkomste, en wanneer die Swartmense dan daar opdaag, is hulle opgesteek teen die regering en die Witman. Die Blankes is aan hulle voorgehou as hulle vyande. Een van die leiers het op so 'n vergadering aan Swartonderwysers die opdrag gegee om Kommunistiese propaganda onder die

---

19. Ibid., kol. 1047; Vgl. ook Die Burger, 10. 2. 1953.
20. Ibid., kol. 1049; Vgl. ook C.J..S. Strydom, op. cit., p. 74.
21. Debatte 1953, kol. 1052; Sien Die Burger, 10. 11. 1952 en The Star, 11. 11. 1952.

Swartkinders te versprei om hulle sodoende teen die Blankes op te sweep.[22]

Na aanleiding van die opstande in die verskillende stede, het die Federasie van Munisipale Verenigings in Suid-Afrika 'n vergadering in Pretoria gehou. Daar is 'n besluit ge=neem om die regering te vra om alle opruiers in hegtenis te neem en om wetgewing daar te stel vir die verwydering van kriminele elemente,veral uit groter stede in die land.[23]

4.3. <u>Die inhoud van die wetsontwerpe</u>.

4.3.1. <u>Die wetsontwerp op Openbare Veiligheid.</u>

Hierdie wetsontwerp het bepaal dat dit oorgelaat word aan die regering se oordeel of daar 'n noodtoestand in die land bestaan, al dan nie.

In 1939, toe die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek het, en daar geen sodanige wetgewing was nie, het die Suid-Afrikaan=se regering 'n noodtoestand afgekondig. Hulle moes egter eers hof toe gaan sodat die hof kon uitspraak gee of daar 'n noodtoestand in die land was al dan nie. Aangesien daar 'n oorlog aan die gang was, het die hof besluit dat die afkondiging van 'n noodtoestand wel in orde was.[24]

---

23. Debatte 1953, kol. 1052.

24. Ibid., kol. 1056.

Die wetsontwerp het verder die handhawing van veiligheid van die inwoners van die land tydens 'n noodtoestand ge= formuleer. Dit sou geen groter of ander verpligtinge op die burger lê t.o.v. sy deelname aan ordehandhawing as wat die Verdedigingswet reeds gedoen het nie. Dit sou ook nie die Parlement in sy wese aantas nie. Verkiesings vir die Parlement sou gewoonweg kon voortgaan, asook die sittings van die Parlement. Die nuwe wet sou ook niks onwettig maak wat wel wettig was onder die Nywerheids= versoeningswet, 'n wet wat stakings in geregverdigde om= standighede moontlik gemaak het.[25]

Die wetsontwerp het die minister van Justisie beklee met die mag om 'n noodtoestand af te kondig vir 'n tydperk van tien dae, sonder die goedkeuring of toestemming van die regering of staatshoof. Daar het wel reeds so 'n bepaling in die Verdedigingswet bestaan, maar daarvolgens mog dit slegs gedoen word met die toestemming van die staats= hoof. Met die opstande wat aanleiding gegee het tot die uitvaardiging van die nuwe wetsontwerp, was dr. E.G. Jan= sen, die Goewerneur-generaal, in die buiteland,[26] en kon 'n noodtoestand gevolglik nie afgekondig word nie. Die nuwe wetsontwerp het bepaal dat die Parlement, indien in sitting, binne 14 dae nadat die toestand afgekondig is,

---

25. Ibid.

26. Die Burger, 30. 10. 1952.

dit moes goedkeur. Indien die Parlement nie in sitting was nie, sou dit nie nodig wees om 'n spesiale parlement=sitting byeen te roep nie. In daardie geval kon die Parlement sy goedkeuring daaraan heg by die eersvolgende sitting.

Die wetsontwerp het ook 'n bepaling bevat dat al sou die Parlement agterna die afkondiging van die noodtoe=stand afkeur, dit nog geldig sou bly omdat aanvaar sou word dat die Minister van Justisie of die Kabinet op 'n sekere oomblik wettiglik gehandel het volgens wat hulle op daardie stadium nodig geag het. Swart het dus tog met hierdie wetsontwerp vir hom en die regering buiten=gewone magte vereis soos met die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme. Die wet moes 'n mag in sy en die regering se hande word om hul effektiwiteit te bewys.

In teenstelling met die Britse wet van 1920, het hierdie wetsontwerp van Swart voorsiening gemaak vir die afkondig=ing van 'n noodtoestand slegs op 'n spesifieke plek.[27] Die wetsontwerp het voorsiening gemaak vir die aanhouding van 'n persoon vir 'n bepaalde tydperk sonder verhoor.[28] Geen persoon sou egter 'n ander straf opgelê word sonder 'n verhoor nie.[29] 'n Amendement van die Opposisie is

---

27. Debatte 1953, kol. 1057; Vgl. art 4 (1), Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1953, p. 14.

28. Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1953, Art. 3 (4), p. 19.

29. Debatte 1953, kol. 1059.

egter later aanvaar. Dit het gelui dat indien 'n persoon vir langer as dertig dae aangehou sou word, die Minister van Justisie, binne veertien dae na die aanvang van die eersvolgende sitting van die Parlement, die naam van so 'n persoon aan albei huise van die Parlement moes voor=lê.[30] Hiermee is gepoog om die volle verantwoordelikheid op die Minister te plaas.[31]

As afsluiting van sy betoog het Swart gesê: "Ek hoop van harte dat hierdie maatreël bloot daar sal staan as afskrikmiddel vir diegene wat dink hulle kan bandeloos en wetloos te kere gaan om die vredeliewende deel van die bevolking van Suid-Afrika en hulle persoon en eiendom in gevaar te stel."[32]

4.3.2. <u>Die Strafregwysigings-wetsontwerp.</u>

In wese was hierdie wetsontwerp slegs 'n aanvulling van die voorgenoemde. Dit het voorsiening gemaak vir die strawwe wat opstokers en opstandelinge opgelê kon word. Die wetsontwerp het dit 'n oortreding gemaak om self 'n opstand te bewerkstellig of iemand aan te moedig om teen die wet en orde te rebelleer. Die straf vir so 'n oortreding

---

30. Ibid., kol 1303; Vgl. art. 3 (4), Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1953, p. 19.

31. Debatte 1953, kol 1303.

32. Ibid., kol. 1059.

kon so hoog wees as £300 of drie jaar gevangenisstraf.[33] Die feit dat hierdie wetsontwerp gehandel het met die strawwe, het veroorsaak dat 'n nog hewiger reaksie uitgelok is van die Opposisie en die pers.[34]

4.4. <u>Die reaksie van die Opposisie.</u>

Die amptelike Opposisie, die Verenigde Party, het die wetsontwerp op Openbare Veiligheid in sy geheel nie afgekeur nie, maar wou sekere veranderings en waarborge daarin vervat hê. Alhoewel hulle telegramme van hulle ondersteuners ontvang het waarin hulle gevra is om die wetgewing teen te staan, het die parlementêre koukus van die Party besluit om die wet in beginsel nie af te keur nie, maar om slegs aan te dring dat sekere dinge in die wetgewing opgeneem sou word wat die individu sou beskerm.[35]

Dat dit vir hulle 'n ernstige saak was, blyk uit die feit dat die leier van die Party in Kaapland, Sir de Villiers Graff en mnr. Harry Oppenheimer, L.V. vir Kimberley-Stad, 'n vergadering saam met die Torch-Kommando, 'n buite-parlementêre organisasie wat die Verenigde Party gesteun het en heftig teen die wetgewing te velde getrek het, gehou het om die wet te bespreek.[36]

---

33. Vgl. art. 1, Unie Buitengewone Staatskoerant, 4. 3. 1953, p. 23.
34. The Cape Argus, 9.2.1953; Vgl. Debatte 1953, kol. 1665
35. The Cape Argus, 7. 2. 1953.
36. Ibid.

Verdere verset teen die wet uit Opposisie-geledere, was die vergadering wat mnr. J.C. Bosman, L.V. vir Malmes=bury in sy kiesafdeling gehou het om die wet te bespreek. Hy het op die vergadering gesê dat die Verenigde Party as regering nie hierdie wet nodig sou gehad het nie en dat dit die eerste stap van die Nasionale Party op sy pad na diktatorskap was.[37]

'n Sekere faksie van die Verenigde Party het selfs die Nasionale Party verantwoordelik gehou vir die onluste in die land.[38] In die Parlement het adv. H.G. Law=rence namens die Verenigde Party beswaar gemaak teen die wetsontwerp en gepoog om Swart sover te kry om sekere toegewings en veranderings aan te bring. Andermaal was sy beswaar dat te veel mag gegee is aan een persoon in die kabinet. Hy het sy beswaar gegrond op wat dr. Malan in 1940 gesê het toe genl. Smuts, die Eerste Mini=ster op daardie staduim, wetgewing voorgestel het wat voor=siening gemaak het vir buitengewone maatreëls gedurende die oorlog. Smuts het by daardie geleentheid gevra dat die Goewerneur-generaal by wyse van proklamasie regula=sies kon uitvaardig wat hy wenslik geag het ter verdedig=ing van die land en die handhawing van openbare orde. Dit

---

37. Ibid.

38. Die Volksblad, 13. 2. 1953.

het ook voorsiening gemaak dat die gewone wette van die land, met uitsondering van die wette wat betrekking het op die Parlement, verander kon word sonder goedkeuring van die Parlement. Smuts het hierdie magte verlang aangesien die Tweede Wêreldoorlog aan die gang was en hy sekere onrus in die land die hoof moes bied. Malan se beswaar, volgens Lawrence, destyds, was dat Smuts die Parlement gevra het om van party van sy magte afstand te doen. Lawrence het Swart beskuldig dat hy nou die=selfde magte vra, en dit terwyl Suid-Afrika nie eens in 'n staat van oorlog verkeer het nie.[39]

Die feit dat die Verenigde Party die wetsontwerp aan=vanklik teengestaan het, en later die tweede lesing op 11 Februarie 1953 gedeeltelik ondersteun het, moet ge=sien word teen die agtergrond van die verkiesing wat later die betrokke jaar gehou sou word. Liggame wat Swart ge=vra het om beskerming en om 'n noodtoestand af te kondig, was eintlik sterk Verenigde Party-ondersteuners. Baie van die Party se getroue ondersteuners wou nou teen die Party draai, en het gesit en wag om te kyk wat die leiers doen. Die Nasionale Party het dan ook hulle steun ver=tolk as 'n politieke set om hulle kiesers terug te wen en verdeeldheid in eie geledere te herstel.[40]

---

39. Debatte 1953, kol. 1060.
40. Ibid.; Vgl. ook Die Burger, 11. 8. 1953.

Die Arbeidersparty daarenteen het die wetsontwerp geheel en al teengestaan.[41]

Hy het reeds op 27 Januarie 1953, gedurende die eerste lesing, 'n voorstel gemaak dat die Volksraad die indiening van die wetsontwerp moes weier.[42] Volgens hom sou die wet geen oplossing vir die onderhawige saak bied nie, maar net nog nuwe vraagstukke skep. Die magte wat die wetgewing aan die regering gegee het, was 'n toonbeeld van hulle onmag om die land te regeer sonder buitengewone magte. Die wyse waarop Swart die wet wou administreer, het hom gepla, want hy het onveilig in die hande van Swart gevoel.[43] 'n Ander parlementslid uit Arbeidergeledere, mnr. A. Hepple, lid van Rosettenville, het gesê dat Swart met die wetsontwerp vir hom al die magte van despotisme en outokrasie geneem het. Mnr. W.H. Stuart, Naturelle-verteenwoordiger vir die Transkei, het in 'n kort toesprakie gesê dat die enigste raad wat hy aan Swart kon gee, was om Suid-Afrika eerste te stel en van die wetsontwerp te vergeet.[44]

4.5. <u>Die reaksie in die pers.</u>

Die pro- en anti-regeringspers het mekaar van verdraai=

---

41. Debatte 1953, kol. 1315.
42. Ibid.; Vgl. ook The Star, 27. 1. 1953.
43. Debatte 1953, kol. 1316.
44. Ibid., kol. 1139; Vgl. ook The Cape Argus, 12. 2. 1953

ing en valse beriggewing beskuldig. Die Burger[45] het ge=reageer op 'n artikel wat in die Londense blad, The News Chronicle, verskyn het. Die blad het beweer dat die Nasionale Party besig was om 'n swak toestand in Suid-Afrika te skep met geen vooruitsigte vir die Swartman nie. Die betrokke Londense koerant het sy inligting ontvang uit beriggewing in 'n Engelse Suid-Afrikaanse koerant.[46] Die Burger was ontevrede omdat die koerant gemeen het dat valse inligting die buiteland ingestuur is.[47]

Die Opposisie-pers het emosie-belaaide reaksie gelewer. Hulle hoofvrees dat die vryheid van die pers aan bande gelê sou word, is weergegee.[48] Alhoewel Swart aan die pers die versekering gegee het dat dit geensins die doel van die wetsontwerp was om perssensuur in te stel nie, het hy geweier om 'n verandering in die konsep daar te stel om dit te verseker.[49]

'n Ander beswaar van die Opposisie-pers teen die wets=ontwerp was die buitengewone magte wat dit aan die Minister van Justisie gegee het. Dit sou hulle volgens hom, beklee

---

45. Die Burger, 11. 2. 1953 --- Voorbladberig oor die wetsontwerp.

46. The Rand Daily Mail, 1. 2. 1953.

47. Die Burger, 11. 2. 1953.

48. The Star, 23. 2. 1953; The Cape Argus, 23. 2. 1953; The Rand Daily Mail, 24. 2. 1953.

49. The Rand Daily Mail, 24. 2. 1953.

het met magte van diktatorskap wat die Eerste Minister en Goewerneur-generaal ondergeskik sou maak aan die Minister van Justisie.[50]

Verder is daar beweer dat die wetsontwerp aan Swart die mag gegee het om die landsbestuur volgens sy wil te stuur, en dat die wetsontwerp so vertolk kon word dat enige wet van die wetboeke verwyder kon word wanneer Swart dit wou hê. Die algemene gevoel onder die Opposisie-pers was: "While we have a Prime Minister and cabinet, we are not happy to have too much power vested in one person".[51] Daar is ook beweer dat selfs onder Nasionale Party-ondersteuners beswaar was teen die wetgewing en dat die faksie van die Party daarin die ontkenning gesien het van alles wat hulle geken het as geregtigheid en vryheid.[52]

Die Argusgroep het 'n uitnodiging aan oud appèlregter Richard Freedham gerig om kommentaar te lewer op die wetsontwerp.[53] Net soos Swart het hy dit deeglik vergelyk met die Britse Veiligheidswet van 1920, maar volgens hom het die Suid-Afrikaanse wet groter tekortkominge gehad as die Britse wet omdat laasgenoemde nie soortgelyke outokratiese magte aan die regering gegee het nie. Sy grootste beswaar teen die wet was ook dat dit kon lei tot die opheffing van ander bestaande wette na die wil van Swart. Verder het hy beswaar teen die wet gemaak omdat

---

50. The Sunday Express, 1. 2. 1953.
51. Ibid.
52. Ibid.
53. The Cape Argus, 10. 2. 1953; The Star, 10. 2. 1953.

die Parlement nie beheer sou hê oor die optrede van die regering nie, en dat te veel mag aan een persoon gegee is. Vir hom was die wetsontwerp eintlik soortgelyk aan die afkondiging van krygswet.[54]

Swart het in sy tweede lesingtoespraak die Opposisie-pers gekritiseer oor hulle beriggewing in verband met die wets=ontwerp. Hierop het een van die koerante geantwoord dat sulke aanvalle 'n dekmantel was omdat hy geweet het sy saak was swak. Hy het volgens hulle nie die wet probeer deurloods terwille van die veiligheid van die land nie, maar slegs om eie gewin. Hy het nie opgetree as minister van Justisie nie, aar as "mnr. Swart", die politikus en partyleier. Sy aanvalle teen die Opposisie-pers was om die Opposisie en sy kritici te verneder en 'n groot deel van die Engelse pers onder verdenking te plaas.[55]

Die Opposisie-pers het inderdaad veel meer in die wetsont=werp gelees as bloot die werklike doel daarvan. Hulle het hom daarvan beskuldig dat die wetsontwerp daarop inge=stel was om veral die Swartes te onderdruk. In 'n sg. ope brief aan dr. Malan, die Eerste Minister, is gesê dat die wetsontwerp op Openbare Veiligheid die mees sinistere

---

54. Ibid.

55. The Cape Argus, 12. 2. 1953.

wetgewing was wat ooit deur die Nasionale Party daargestel is. "In terms of the Swart Bill an election could be avoided quite legally."[56] Hy wou in die kort tydjie voor die verkiesing 'n atmosfeer van paniek in die land saai, en deur die dratiese maatreëls dan die indruk skep dat hy die land probeer red. Hierdie poging van hom was dus niks anders as 'n poging om stemme vir sy party te trek nie. Dit was vir hulle "the most formidable at= tack (Swart) has yet attempted on the liberties of the people and the normal processes of government."[57]

Swart het hierdie bewering afgemaak as 'n poging om die publiek op te sweep teen die regering en die Nasionale Party. Soos wat hulle hom beskuldig het dat hy besig was met 'n stemwerf-veldtog, het hy hulle kritiek gesien as 'n poging om stemme te trek. Een van die dagblaaie het die wets= ontwerp beantwoord met 'n spotprent wat Swart getoon het waar hy, dr. Malan, die Eerste Minister en dr. Dönges, die Minister van Binnelandse Sake, agter 'n groep kiesers staan met knuppels en hulle dwing om vir die regering te stem. Dit, het Swart gesê, kon hy die kiesers, en veral by die Swartes die gevoel laat ontstaan het dat vrye ver= kiesings in Suid-Afrika nie weer sou plaasvind nie. Hulle

---

56. The Sunday Express, 1. 2. 1953.

57. Ibid.

het dus gepoog om die idee te laat posvat dat hy besig was om 'n diktatuur in Suid-Afrika te skep, wat geensins sy bedoeling was nie.[58]

Die Strafregwysigings-wetsontwerp, wat 'n aanvullig was op die Wet op Openbare Veiligheid, is met nog hewiger kritiek ontvang. Die rede was dat die wet gehandel het oor die strawwe wat persone wat opstande ondersteun het, opgelê kon word. Die reaksie was weer 'n spotprent in The Cape Argus.[59] Dit het 'n persoon getoon wat besig was om 'n koerant te lees. Die voorblad van die koerant het die woorde op: "New Bill, Severer penalties". Die persoon se kantoor is ook getoon, maar sy deur was toe met 'n kennisgewing daarop: "Gone to Lynch." Swart het dus die wet in eie hande geneem en wou self oordeel en straf uitdeel.

Hierdie wetsontwerp, wat vir hulle 'n groter skok was as die vorige een, het vir hulle die inperking van die vryheid van spraak en die demokratiese vryheid van elke burger ingehou. Hulle het dit hoofsaaklik as teen die Swartes gerig gesien.[60]

---

58. Debatte 1953, kol. 1042.

59. The Cape Argus, 4. 2. 1953.

60. The Rand Daily Mail, 4. 2. 1953.

Net soos die Wet op Openbare Veiligheid, het die Verenigde Party gedurende die tweede lesing verklaar dat hy die wetsontwerp met sekere wysigings wel sou aanvaar. Gedurende die tweede lesing het die Verenigde Party — Volksraadslede laat blyk dat hulle die wetsontwerp met sekere wysigings sou aanvaar. Hiertoe was hulle feitlik deur die heersende omstandighede gedwing. In die 1948-verkiesing is die Verenigde Party as die regerende party verslaan. Die 1953-verkiesing, die eerste sedert die nederlaag, was vir hulle belangrik. Die Party het dus elke stem nodig gehad. Die gevoel in die gebiede waar die oproer voorgekom het, ook onder Verenigde Party ondersteuners, was dat dit verkeerd was om die wetsontwerp teen te staan.[61] Die Verenigde Party-leiding was dus feitlik verplig tot so 'n toegewing.

Die feit dat Swart geen wysigings in die wetsontwerp wou aanvaar nie, het hom heelwat kritiek op die hals gehaal. Swart wou egter nie aan enige eise toegee nie, omdat hy gereken het dit sal die wet magteloos maak. Die Volksblad het die ander koerante beskuldig van huigelagtigheid teenoor Swart.[62]

---

61. Die Burger, 14. 2. 1953.

62. Die Volksblad, 13. 2. 1953.

Die Wetsontwerp op Openbare Veiligheid is die derde keer gelees op 16 Februarie 1953 en die Afrikaanse teks is op 24 Februarie 1953 deur die Goewerneur-generaal onderteken.[63] Die Strafregwysigingswet is die derde keer gelees op 23 Fe= bruarie 1953 en die Afrikaanse teks is op 26 Februarie 1953 deur die Goewerneur-generaal geteken.[64] Teen laasgenoem= de wetsontwerp het slegs vyf lede gestem, nl. mev. Ballinger, mnre. Bunting, Hepple, Lovell en Stuart.[65] Die twee wette het spoedig getoon dat hulle suksesvol was, aangesien die opstande tydens die eerste twee maande van 1953 afgeneem het en 'n vreedsame verkiesing op 13 April 1953 gehou kon word.

Die wette het ook vir die toekoms betekenis ingehou. Sewe jaar later, in 1960, terwyl die Eerste Minister, dr. H.F. Ver= woerd, saam met die Nasionale Party begin het om reëlings te tref vir die uiteindelike daarstelling van 'n republiek, het opstande in die Swartwoonbuurtes van Vereeniging, Durban en Kaapstad uitgebreek. Die toestand het al ernstiger geword. Op 30 Maart 1960 moes die Minister van Justisie, mnr. F.C. Erasmus, 'n noodtoestand volgens die Wet op Open= bare Veiligheid in 80 landdrosdistrikte in Suid-Afrika af= kondig.[66] Talle persone is volgens die wet aangehou en

---

63. Debatte 1953, kol. 1372; Vgl. ook Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1953, p. 13.
64. Debatte 1953, kol. 1837; Vgl. ook Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1953, p. 35.
65. Debatte 1953, kol. 1837.
66. Debatte 1960, kol. 4517; Vgl. The Star, 30. 3. 1960.

en hulle name sou volgens die bepalings van die wet aan die Parlement verskaf word.[67]

---

67. Debatte 1960, kol. 8251.

# HOOFSTUK V.

## DIE AANWYS VAN APARTE GERIEWE VIR BLANKES EN SWARTES.

### 5.1. Agtergrond.

#### 5.1.1 Die ondersoek van die Sauerkommissie, 1947.

Met die oog op die verkiesing wat in 1948 moes volg, het die Nasionale Party in die voorafgaande jare 'n veldtog geloods om apartheid te propageer. Dit moes help om die verkiesing te wen.[1] Genl. Smuts, die Eerste Minister, het daarna verwys as 'n woord om die kiesers mee te vang.[2] Die Partyleiers van die Nasionale Party wou die Blanke in Suid-Afrika se toekoms verseker. Dr. Malan, die leier van die Party, het reeds tydens die kongres van die Party in 1938 Suid-Afrika bestempel as 'n "witmansland."[3] Die Nasionale Party het hom dus ten doel gestel om Blanke heerskappy te verseker en het soms ook die indruk geskep om vir die Blanke 'n beter toekoms in die land te verseker as vir ander rassegroepe. Die woord "apartheid" het die kernbegrip van sy beleid geword en dit het die woord geword wat gedui het op 'n totale skeiding tussen Blank en Nie-Blank.

---

1. T.D. Moodie, The Rise of Afrikanerdom, Power, Apartheid and the Afrikaner Civil Religion, p. 249.
2. M. Ballinger, From Union to Apartheid - A Trek to Isolation, p. 233.
3. K.L. Roskam, Inter-Racial Relationships in the Union of South Africa and the International Community, p. 109.

Die woord apartheid is ten opsigte van die skeiding van verskillende rasse in Suid-Afrika die eerste keer amptelik in 'n mosie in die Parlement in Januarie 1944 deur dr. D.F. Malan, op daardie stadium leier van die Opposisie gebruik.[4]

In 1947 het die begrip apartheid 'n verdere beslag gekry toe 'n spesiale kommissie deur die Nasionale Party saam=gestel is om die hele Kleurvraagstuk te ondersoek. Hierdie kommissie moes 'n beleid saamstel vir die Party t.o.v. die Kleurlinge, Swartmense en Indiërs.[5] Die kommissie het bestaan uit mnr. Paul Sauer (voorsitter), prof. G.B.A. Gerdener, Dr. E.G. Jansen, mnr. J.J. Serfontein en mnr. M.D.C. de Wet Nel.[6]

Veral ten opsigte van die Swartbevolking het hierdie kommissie omvangryke aanbevelings gedoen. Hulle het in die vooruitsig algehele apartheid tussen Wit en Swart gestel. Die vernaamste etniese groepe moes sover as moontlik in hulle eie gebiede saamgetrek word, waar "elkeen uiteinde=lik sy eie sentrale regeringstelsel kan opbou en waar hulle gelei kan word om as aparte nasionale eenhede te ontwikkel."[7]

---

4. D. en J. de Villiers, Paul Sauer, p. 85; Vgl. ook M. Ballinger, op. cit., p. 233.

5. D. en J. de Villiers, op. cit., p. 86.

6. Ibid.

7. Ibid.

Die Sauerkommissie het 'n aanbeveling gemaak t.o.v. die skeiding van die rasse in verskillende state, maar geensins aangedui hoe die rasse saam moes lewe nie. Die verhouding tussen Wit en Swart in die straat, in die kafee, en op talle terreine van die alledaagse lewe, het berus op 'n tradisie, maar is nooit deur die kommissie aangeraak nie. In 1953 het Swart as Minister van Justisie gevoel dat die saamleef van die groepe ook onder die wet gebring moes word. Alhoewel daar baie terreine was waaraan aandag gegee moes word, het hy hom toegespits op aparte geriewe op alle openbare plekke waar daar kontak tussen die rasse was.

5.1.2. <u>Die tydperk 1948-1953.</u>

Die Wet op Aparte Geriewe van 1953 was egter nie slegs 'n uitvloeisel van bogenoemde nie. Na die oorwinning van die Nasionale Party op 26 Mei 1948, het ook ander gebeure bygedra tot die uitvaardiging van die wet.

Tot 1948 het vir die Afrikaner in die stede 'n stryd bestaan om sy identiteit te behou, en was die stryd veral gerig teen die Engelssprekende. Vanaf 1948 het die posisie verander en moes die Blanke as 'n groep hulle regte teen die Swartman beveilig. In die stede moes daar volgens

---

Nasionale Party beleid skeiding gemaak word en moes daar voorsiening gemaak word vir die ontwikkeling van Swart langs die van dié Blankes. Maar die bedreiging was nie net t.o.v. woongebiedė in die stede nie. Dit het uitge= kring na elke terrein van die samelewing, en in die alle= daagse omgang tussen die twee rasse, wou die Swartman hom nie meer hou by die tradisionele skeiding tussen Blank en Swart nie. Die Swartman het die Blanke in die winkel, kafee en kantoor verdring, en dit wou Swart 'n einde aan maak.[8]

Tot 1953 het in Suid-Afrika die algemene gebruik geheers dat Blankes en Swartes in openbare lokale en winkels of kafees in aparte afdelings bedien word. Vir hierdie ge= bruik was daar geen wetlike voorskrifte nie, en die gebruik het hoofsaaklik berus by die eienaar of by die persoon in beheer. Tot op daardie stadium het in hierdie verband baie min wrywing tussen die verskillende rasse bestaan, omdat dit 'n beleid was wat gewortel het in Suid-Afrikaanse tradisie. Wit en Swart was daarmee tevrede omdat hulle daaraan gewoond was.

Teen 1953 het die toestande begin verander. Veral in die

---

8. F.A. van Jaarsveld, Die evolusie van Apartheid, p. 42.

stede het die getalle van die Swartes aansienlik gestyg en daar was feitlik nie 'n enkele landdrosdistrik in die Unie waar Swartes nie in die meerderheid was nie.[9] Die Swartman was nie meer tevrede om in 'n aparte gedeelte van die winkel bedien te word nie, en het gevoel dat 'n onreg in die opsig teen hom gepleeg word. In baie gevalle was die Swartman in 'n klein en slordige plek ingedruk, waar hy bedien moes word met onvoldoende fasiliteite, ter= wyl Blanke klandisie, wat dikwels 'n minderheid uitgemaak het, in die gerieflike netjiese en groot gedeelte bedien is.[10] Oral het Swartes begin indring op persele wat net vir Blankes gereserveer was. Omdat die Blankes in dié soort verdringing 'n gevaar vir sy kultuur en voortbestaan gesien het, en omdat hulle nie aan sodanige toestande ge= woond was nie, het hulle daarteen beswaar gemaak. Die ontevredenheid is verhoog deur die feit dat dit 'n eensydige gebeurtenis was. Dit was uiteraard net Anderkleuriges wat ingedring het op persele wat slegs vir Blankes gereser= veer was. Dit het baie min gebeur dat Blankes oortree het op persele wat slegs vir Swartes gereserveer was.[11] Die Blanke het, omdat hulle in beheer van die land was, natuur= lik ook uitgegaan van die veronderstelling dat hulle die reg gehad het om op die Swartman se terrein te oortree sonder dat dit hom verkwalik kon word. Die Blanke was

---

9. Ibid., p. 38.
10. Debatte 1953, kol. 810.
11. Ibid., kol. 811.

dus nie gebonde aan enige tradisionele reëls nie, die Swartman wel.

In 1953 het die ontevredenheid veral gewentel om persele en rytuie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë. Uit die aard van hulle ekonomiese posisie het die Swartman veral van Spoorvervoer gebruik gemaak. Aangesien sy verdienste nie so hoog as die van die Blankes was nie, kon hy nie eie vervoer bekostig nie en moes hoofsaaklik van treinvervoer, waar billike tariewe gestel is, gebruik maak. Omdat dit verdringing van die Blanke veroorsaak het, het die minister van Vervoer reeds in 1949 'n wet laat aanneem wat bepaal het dat daar skeiding tussen Wit en Swart op die treine sou wees.[12] Alhoewel hierdie 'n maatreël was wat voor=siening wou maak vir die voorkoming van die verdringing van die Blanke op die treine, het dit die saad gesaai vir ontevredenheid onder die Swartes.[13] Hierdie toestand is vererger deur agitators wat die Swartmense opgesteek het, en veral uit hulle pad gegaan het om die Swartmense op te rui teen die Blankes.

'n Liberale denkrigting het onder 'n sekere deel van die bevolking ontstaan. Hulle wou alle skeidslyne afstel en

---

12. Ibid., kol. 1131.

13. The Sunday Express, 9. 10. 1953.

'n algehele gelykmakende proses in werking stel. Hierdie liberale beweging, wat sterk beïnvloed is deur die kommunis=tiese element in die land, het onder die Swartman gepropa=geer dat daar anngedring moes word om oral gelyke behande=ling met die Blanke te kry. Onder hierdie invloed en omdat daar onder die Swartes 'n strewe na beter lewensom=standighede ontstaan het, het hulle begin om dikwels in te dring bv. in winkels en gedeeltes wat slegs deur Blankes gebruik was. Gewoonlik was hierdie skeiding slegs daar omdat die Swarte geweet het hy betree nie so 'n deel nie, omdat hy as ondergeskikte nie dieselfde voordele geniet het as die Blanke nie.[14]

5.2. Optrede.

Na die algemene verkiesing van 1953, het Swart gevoel dat die Blanke wetlik beskerm moet word teen verdringing waar kontak in die alledaagse omgang plaasvind. Daar moes ook benewens die skeiding wat gemaak is ten opsigte van woon- en blyplek, deur wetgewing bepaal word dat sekere geriewe en persele afgebaken word vir sekere rasse. Die Nasionale Party het dit ook in sy verkiesingsmanifes so uiteengesit.[15] Swart het besef dat hy met sodanige wetgewing

---

14. Ibid.

15. The Sunday Express, 9. 10. 1953.

baie probleme sou ondervind, want hy het besef dat die Apartheidsbeleid van die regering al minder aanvaarbaar was vir die Swartman. Hy het geweet dat vir sy teenstanders se gevoel hierdie wet te veel teen die Swartman gerig was.[16]

Op 3 Julie het die Volksraad vir die tweede keer in 1953 byeengekom. Binne 'n maand het Swart op 2 Augustus 1953 toestemming gevra om 'n wetsontwerp wat gehandel het oor die aanwysing van aparte geriewe vir die verskillende rasse, in te dien. Die tweede lesing is bepaal vir 4 Augustus, maar het eers op 6 Augustus plaasgevind.[17]

Swart het in sy motivering vir die wetsontwerp hom hoofsaaklik beroep op die feit dat hierdie skeiding op tradisionele grondslae berus het en dat die verontagsaming daarvan spanning in die land veroorsaak het. Vir al die Blanke inwoners van Suid-Afrika wat in die land opgegroei het, was dit reeds vaste beleid en net iets wat onder die wet geplaas moes word om diegene wat dit verontagsaam het, te verplig om dit na te kom. In sy toespraak tydens die tweede lesing het hy o.a. gesê: "Dit is goed dat dit die posisie is en dat dit altyd so was.

---

16. P. Giniewski, Bantustans - A trek towards the future, p. 86.
17. Debatte 1953, kol. 811 en 1130; Vgl. ook G.M. Carter, op. cit., p. 97.

Dit was noodsaaklik gewees."[18] Hy was die mening toege= daan dat indien jy die twee rasse in een skool of in een wagkamer toegelaat het, elkeen sy identiteit sou verloor en uiteindelik sou verdwyn. Die beleid van skeiding van rasse kon nie langer op tradisionele vrywillige basis bedryf word nie, aangesien agitators die Swartes opgesteek het om aan te dring om oral saam met die Blanke te wees.

Die gevolg van die agitasie was dat Swartes oral begin indring het waar vroeër net Blankes toegelaat is. Om sy argumente te staaf, het Swart 'n foto aan die Volksraad getoon van die dogter van 'n Britse Minister en 'n Swart= man uit Nigerië in 'n kombers. Vir hom was so iets in Suid-Afrika ondenkbaar en sou net rewolusie onder die Blankes veroorsaak. Swart het hieroor baie sterk gevoel en aan die parlementslede van sy ouderdom gevra of een van hulle kon onthou dat 'n Swarte dit ooit gewaag het om in 'n plek te gaan wat afgesonder was vir Blankes. Vir hom was dit onverstaanbaar dat 'n skeiding wat vir soveel jare gehandhaaf is, skielik verontagsaam is. Berigte dat 'n saamboerdery van Blankes en Swartes aan die Universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad voorgekom het, het hom ontstel en hom laat besluit dat alvorens hierdie toestand

---

18. Ibid., kol. 1132; Vgl. ook The Rand Daily Mail, 10. 8. 1953.

hand-uit ruk, dit onder wetgewing geplaas moes word.

Swart het dit sy plig geag om 'n wet wat aparte geriewe afgedwing het, daar te stel. 'n Wet wat die minister van Vervoer in 1949 laat deurvoer het en wat bepaal het dat daar skeiding moes wees tussen Blank en Swart op Spoorweg=persele, het uitgeloop op 'n hofsaak wat in die Appèlhof geëindig het, en waarin die uitspraak gelui het dat indien 'n instansie skeiding in geriewe maak, daar vir alle rasse gelyke geriewe moes wees. Soortgelyke sake en uit=sprake wou hy in die toekoms aan bande lê, en dit kon hy alleen deur wetgewing doen.[19] Die bepaalde hofuitspraak het teweeggebring dat die verskillende rasse op mekaar se geriewe aanspraak gemaak het, en kon maak. Indien daar byvoorbeeld nie geriewe vir die Swartes was nie, kon hulle aandring om die geriewe van die Blankes te deel, of dat gelyke geriewe vir hulle daargestel moes word. Sy mening was dat die wet van 1949 nie bedoel het dat daar te alle tye vir alle rasse gelyke geriewe daargestel moes word nie. Hierdie uitspraak het verwarring in die land gesaai en chaos veroorsaak.[20] Hy wou dit regstel en bepalings daarstel wat ooreengekom het met die tradisionele beleid.

---

19. Ibid., kol 1132; Vgl. ook The Rand Daily Mail, 10. 8. 1953.
20. Debatte 1953, kol. 1138.

Hy het verklaar dat dit geensins sy bedoeling was om een van die rassegroepe te na te kom nie of onregverdig te behandel nie. Hy wou aan elke groep sy regmatige deel gee na gelang van die groep se beskawingspeil, na gelang van sy behoeftes en sy aard en in soverre die staat dit kon bekostig. Vir hom het die daarstelling van aparte geriewe ook wesentlik ongelyke geriewe vir verskillende rasse beteken.[21]

Die doel van sy wetgewing, het hy verklaar, was dan ook daarop gerig om voorsiening te maak dat die regering, of enige ander instansie, nie gebind was om gelyke geriewe vir die verskillende rasse daar te stel nie. Dit sou beteken dat indien daar op Johannesburg se stasie 'n eet=kamer vir Blankes was, 'n soortgelyke eetkamer nie vir Swartes ook gebou moes word nie. Dit sou aan die Spoor=weë oorgelaat word om hulle eie manier te vind om die verskillende rasse te hulp te kom in hulle verskillende behoeftes, soos byvoorbeeld voedselvoorsiening. Die wets=ontwerp sou aan persone en instansies die mag gee om 'n skeidslyn daar te stel. Vir Swart was dit ook nie so on=moontlik soos party van sy teenstanders gemaak het nie. In die Departement van Justisie, die staatsdepartement wat

---

21. Ibid., kol. 1132; Vgl. ook Die Burger, 5. 8. 1953 en G.M. Carter, op. cit., p. 97.

deur Swart beheer is, is onderskeid gemaak deurdat aparte sitplek in die howe vir elke ras ingerig is.

Hierdie skeiding is deur die jare deur die verskillende rasse gehandhaaf, maar slegs omdat die bevolking dit so gewoond was, en as iemand oortree het, kon niemand iets daaraan doen nie. So is Swartes nooit in munisipale swembaddens toegelaat nie, selfs ook nie in parke nie, maar stadsrade het geen regsgronde daarvoor gehad nie en kon niks aan die Swarte doen wat 'n Blanke swembad wou besoek nie. Om hierdie rede het Swart die wetgewing laat aanneem, en hy het die vader geword van die wetgewing wat byvoorbeeld 'n kafee-eienaar toegelaat het om 'n bord= jie aan te bring wat toegang voorbehou het vir: "Slegs Blankes" of "Slegs Nie-Blankes."

Die wet is finaal aanvaar na die derde lesing op 3 Sep= tember 1953 met 70 stemme teen 50.[22] Dit staan bekend as die Wet op Aparte Geriewe, wet 49 van 1953.[23]

## 5.3. Die reaksie.

Aangesien hierdie wetgewing was wat 'n belangrike aspek van die Suid-Afrikaanse samelewing geraak het, het reaksie

22. Debatte 1953, kol. 1172.

23. Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1953, p. 329.

uit alle oorde gekom.[24]

Die Nasionale Party het pas vantevore vir 'n tweede termyn van vyf jaar aan bewind gekom. Hulle was besig om hul= le beleid van aparte ontwikkeling momentum te gee en langs die weg die heil van elke bevolkingsgroep te probeer uitwerk. Die apartheidsbeleid, en veral t.o.v. die Spoorweë, was van die Nasionale Party se belangrikste propaganda vir die 1953-verkiesing.[25] Die Opposisie-partye kon hulle nie vereenselwig met die apartheids= beleid van die Nasionale Party nie. Mnr. Lawrence, Verenigde Party-woordvoerder oor Justisiesake, het in hierdie wetgewing verdere diskriminasie teenoor die ge= kleurde bevolking van Suid-Afrika gesien.[26]

Die Instituut vir Rasse-aangeleenthede het in 'n verslag geskryf dat dit 'n baie onregverdige wet was: "The explicit introduction of the principle of inequality in the provision of facilities in the Reservation of Seperate Amenities Act, is to be deplored as retrogressive, injust, and not in accord with accepted democratic principles."[27]

Ook vir die buiteland en buitestaander het dit die indruk geskep asof die regering die Swartes van die gewone alle= daagse voorregte ontneem het. Die Swartman kon nie sy

---

24. G.M. Carter, op. cit., p. 96.
25. Ibid.
26. Debatte 1953, kol 2365.
27. M. Harrel, A Survey of Race Relations in South Africa, 1953 - 1954, p. 33.

familie in 'n kafee, 'n restaurant of teater van sy keuse neem nie. Die vryheid van die individu is hom ontneem.[28]

Gedurende die komiteestadium het die Opposisie hulle veral beroep op die uitspraak van die Appèlhof, nl. dat daar te alle tye gelyke geriewe vir alle rassegroepe op alle plekke moes wees. Die Opposisie was van mening dat die skeiding langsamerhand moes verdwyn, en die Blanke be= volking moes hieraan gewoond raak. Om nou die skeiding onder die wet te geplaas het, het die aandag van die res van die wêreld te pertinent op die aangeleentheid geves= tig en sou net vir die land nog meer probleme op die hals gehaal het.[29]

Sprekers uit die Opposisie-geledere wat hulle sterk uit= gelaat het oor die aangeleentheid, was mnr. Lawrence en Sir de Villiers Graaff, lid van die Verenigde Party en latere leier van die Party.

Lawrence was die mening toegedaan dat die wetgewing alleen van toepassing gemaak moes word op wat algemeen bekend gestaan het as die openbare owerhede. Hieronder het hy

---

28. P. Giniewski, op. cit., p. 71.

29. Debatte 1953, kol. 2365 e.v.

geplaas die staatsdepartemente, die provinsiale owerhede, die munisipale owerhede en wat hy genoem het 'n publieke vervoerder. Sy bekommernis was veral die implimentering van die wet deur die gewone individu. Die feit dat die wetsontwerp toegelaat het dat enige individu wat beheer het oor 'n openbare perseel, daaroor kon besluit, het hom verontrus. Die begrip openbare perseel was vir hom te algemeen en wyd en het ingesluit elke gebou en perseel in die land. Hy het gereken dat hy nou 'n bordjie op sy plaas kon aanbring waardeur hy sekere rasse van sy grond kon afhou.[30] Dit was egter nie die bedoeling nie, want in klousule een van die wet waar die woordomskrywing gedoen is, is die term "openbare persele" gedefinieer as "enige grond, kamp, gebou, struktuur, saal, kamer, kantoor of gemak waartoe die publiek toegang het, hetsy op be= taling van 'n toegangsgeld al dan nie."[31]

Mnr. Lawrence wou die wetsontwerp uit en uit belaglik voordoen. Hy het gesê dat indien 'n Swarte in 'n Swart= gebied 'n oortreding begaan, hy slegs na 'n hut in die gebied moes vlug en 'n bordjie moes aanbring waarop ge= staan het: "Slegs Swartes". Indien 'n Blanke gestuur sou word om sodanige oortreder in hegtenis te neem, sou

---

30. Ibid., kol. 2367.

31. Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1953, p. 330.

hy nie die perseel kon binnegaan nie. Hierdie was 'n swak voorbereide aanval en het slegs onkunde oor die magte van die polisie geopenbaar. Daar was op daardie staduim reeds lankal wetgewing in Suid-Afrika wat Blankes ver=bied het om vryelik in Swartgebiede in te gaan of te be=weeg, maar tog kon polisiemanne, gesondheidsinspekteurs en ander perone wat 'n taak daar gehad het, vryelik daar ingaan omdat hulle deur die wet 'n taak opgelê word om daar in te gaan.[32]

Swart wou hom ook nie vereenselwig met Lawrence se voor=stel dat dit slegs aan die genoemde openbare liggame opgedra moes word om die wet toe te pas nie, want dan sou 'n bank of restaurant nie by magte wees om die skei=ding toe te pas nie, en dit is juis hier waar die maat=skaplike skeiding nodig was, want nou was enige persoon wat geweier het om hierdie bepaling te onderwerp, straf=baar.[33]

Twee Engelstalige koerante het teen die wetgewing ge=reageer. Hulle het Swart en die regering daarvan be=skuldig dat daar niks in die wetgewing was wat voorsiening gemaak het dat die regte wat die privaat-individu toe=

---

32. Debatte 1953, kol. 2368; Vgl. ook Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1945; Vgl. Bylae E.

33. Debatte 1953, kol. 2368.

geken is, op 'n redelike en regverdige wyse toegepas sou word nie. Die wet het voorsiening gemaak vir 'n hele aantal onredelikhede wat deur die hof toegepas en af= dwingbaar gemaak moes word, afgesien van hoe omstrede of onvregverdig die optrede van die persoon was wat die skeiding wou hê.[34] Deur sodanige kennisgewings op sy gebou aan te bring, het die eienaar van 'n openbare perseel die geleentheid geskep dat daar oortree sou word en dat daar dan noodgedwonge opgetree sou moes word teen so 'n persoon. Dit sou nie alleen rassewrywing meebring nie, maar het 'n nog swaarder las op die howe gelê. Hier= die wet het alle perke van menslike regverdigheid oor= skry en sou vir Suid-Afrika net meer probleme bring as wat die land reeds gehad het.[35] The Star het beweer dat Swart nie rekening gehou het met die feit dat die Swartes baie sensitief en agterdogtig was teen wetgewing wat hulle ontwikkeling kon strem en wat hulle vooruitgang of belange kon skaad nie. Vader Huddleston, geestelike van die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika het na die London News Chronicle in Brittanje geskryf en om hulp gevra teen die wetgewing. Hy het in 'n brief wat daar verskyn het, beweer dat diegene wat vir die belange van die Swartman veg in Suid-Afrika, dit nie langer alleen kon doen nie.[36]

---

34. The Star/The Cape Argus, 25. 8. 1953.

35. The Rand Daily Mail, 10. 8. 1953.

36. The Star, 7. 9. 1953; Vgl. ook P. Geniewski, op. cit., p. 92; Die koerant verwys na die London News Chronicle.

Swart het egter ook ondersteuning gekry vir hierdie wet=gewing, en veral van die Afrikaanstalige koerante.[37] Die Spoorwegwet van 1949 is so deur die howe vertolk dat dit 'n gevaar begin inhou het vir die tradisie in Suid-Afrika en dat dit 'n wyse stap was om hierdie skeiding te wettig. Vir die Nasionale Party het die oortreding van die tradi=sionele gedragslyn juis weer die gevaar ingehou van die ontstaan van rassewrywing, en het dit veral daarom ge=draai dat die Blanke nie die indringing van die Swartman op sy gebied sou kon verwerk nie. Daar moes dus liewer 'n wet daargestel word om hierdie tradisionele skeiding te verseker.

5.4. Die betekenis van die wet.

Swart het hiermee 'n wet daargestel wat groter betekenis en ernstiger gevolge sou hê as wat hyself seker ooit ge=dink het. Die wet het aanleiding gegee tot "petty"- of "klein" -apartheid wat noodsaaklik geag is om die identi=teit van die Blanke te behou en wrywing uit te skakel en andersyds waardeur vermenging tussen Wit en Swart verhoed moes word en waardeur verseker kon word dat die Blanke beheer in die land kon behou. Dit het die aandag van die Swartman pertinent daarop gevestig dat hy van sekere

---

37. Die Volksblad 4. 8. 1953; Die Burger, 5. 8. 1953.

regte ontsê is en dat daar teen hom gediskrimineer word. Sommige van die skeidingsmaatreëls het aan die belaglike gegrens en tot verbittering en vernedering gelei. Die Swarte het reeds gevrees dat hy a.g.v. die tuislandbeleid, nooit 'n permanente deel van die bevolking van die Unie van Suid-Afrika kon word nie, en nou ook besef dat hy altyd op 'n ongelyke voet behandel sou word. Dit het dus 'n nuwe ontevredenheid onder die Swartes geskep.

Vir die eienaars van baie besighede het dit groot probleme geskep omdat hulle nou kragtens die wet nuwe geboue moes verdeel en vir beide groepe voorsiening moes maak. Dit het vir baie 'n ekonomiese las geword.

In die praktyk was hierdie 'n wet wat nie staande kon bly nie, omdat dit 'n kloof geslaan het tussen twee groepe wat mekaar sou moes verdra tot voorspoed van die land en tot volle ontwikkeling van alle rassegroepe in Suid-Afrika. Alhoewel die skeidingsborde oral aangebring is, is dit nie altyd konsekwent deurgevoer nie. Teen 1973 was daar byvoorbeeld geen teken meer van die soort Apart=heid in Suid-Afrika te sien nie.[38]

'n Uitvloeisel van hierdie wet van Swart wat die bitter=

---

38. K. Ziesel, Schwarz und Weiss in Afrika - Wirklichkeit und Legenden, p. 79.

heid onder die Swartbevolking vererger het, was wet nr. 47 van 1953, die Banto-onderwyswet[39] wat skoolapartheid gereël het en wat verset van die Swartmense uitgelok het.[40] Ses jaar later is dit ook aangevul met wet nr. 45 van 1959, die wet wat voorsiening gemaak het vir die in=stelling van aparte universiteite vir Swartes.[41]

Al drie hierdie wette het ingedruis teen die opkomende nasionaliteitsgevoel van die Swartes, en die gevoel dat die Swartbevolking homself sou moes beskerm teen die Blanke.[42]

---

39. Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1953, p. 259. (Die wet is op 7. 10. 1953 goedgekeur).

40. F.A. van Jaarsveld, op. cit., p. 11

41. Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1959, p. 485. (Die wet is op 11. 6. 1959 goedgekeur).

42. F.A. van Jaarsveld, op. cit., p. 11.

## HOOFSTUK Vl.

## DIE VERBETERING VAN DIE GEVANGENIS- EN POLISIEDIENS.

### 6.1. DIE GEVANGENISDIENS.

#### 6.1.1. Die wet op Gevangenisse.

Behalwe vir Swart se belangstelling en ywer vir die veiligheid van die land, het hy hom ook beywer vir die rehabilitasie van diegene wat weens die een of ander oortreding in die gevangenis beland het. Gedurende sy tydperk as minister het hy die gevangenisse bestudeer en het hy kort voor sy aanstelling as goewerneur-generaal in 1959 begin met nuwe wetgewing wat 'n hele vernuwing in die Gevangenisdiens sou bring.[1] In hierdie nuwe wet sou die Gevangeniswetgewing van 1911 [2] omgewerk word tot 'n stelsel wat vir die land net voordeel sou inhou. Die kerngedagte agter sy idee was om die strafbeleid na 'n rehabilitasiebeleid te verander.[3] Toe hy met hierdie wetgewing begin het, het hy groot lof ontvang, veral van eerw. J.P. Junod, direkteur van die Strafhervormingsvereniging.[4] Die beginsel in hierdie wetsontwerp opgesluit, was die vaslegging van die idee dat die tronke

---

1. Nongqai, Des. 1959, p. 7.
2. Debatte 1959, kol. 1825.
3. Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1959, p. 17.
4. Die Burger, 4. 2. 1958.

nie meer net instellings was waar mense opgesluit moes word om hulle straf uit te dien nie, maar dat dit ook inrigtings geword het waar die gevangene van sy afwykende neigings genees word en gerehabiliteer kon word as 'n bruikbare burger in die samelewing.[5]

In sy pogings om die gevangenisdiens te moderniseer, het hy voortdurend in die oog gehou dat in Suid-Afrika 'n besondere rassesamestelling was. Daar was geen sin in om in die buiteland te gaan ondersoek instel na wat in die tronke aldaar aangaan nie. Elkeen van die rassegroepe in Suid-Afrika is 'n identiteit opsigself en moes volgens sy eie aard behandel word. Dit sou geen betekenis gehad het om die Swartman op dieselfde wyse as die Blanke te rehabiliteer nie. Swart het vir hom om hierdie rede 'n drieledige doel voor oë gestel. In die eerste plek wou hy die groot aantal korttermyn-gevangenes uit die tronk hou. Die tweede doelstelling was om die gevangenes wat wel in die tronk beland het in die kortste moontlike tyd te hervorm sodat hulle as bruikbare en wetsgehoorsame burgers teruggestuur kon word na die samelewing. In die derde instansie was dit ook die doelstelling om te verhoed

---

5. J. Kruger, op. cit., p. 156.

dat die volhardende en geharde misdadigers nie baie gou na die samelewing terugkeer nie, want so 'n mis=dadiger is 'n bedreiging vir sy medemens. Die feit dat hy hom ten doel gestel het vir die rehabilitasie van die gevangene, het nie beteken dat hy geheel en al wou wegdoen met die strafelement nie. Die oortreder moes nog steeds 'n vrees gehad het om gevang en ge=straf te word.[6]

Daar moes dus gepoog word om die potensialiteite en die bekwaamhede van die gevangenes te ontleed en hulle dienooreenkomstig te rehabiliteer. Om hierdie rede het hy waarnemingsentrums in die tronke van die groter sentra soos Pretoria, Johannesburg en Kaapstad laat instel. Daar is die gevangenes vir 'n tydperk na hulle vonnis aangehou om hulle vaardighede te bepaal. Daarna is besluit na watter inrigting 'n persoon moes gaan. Vir hierdie doel het Swart sy personeel deeglik laat oplei. Hierdie klassifisering en rehabilitering van die gevangenes het ook vir die Swartes gegeld waar die waarneming deur opgeleide Swartes gedoen is.[7]

Swart het in die wetsontwerp ook voorsiening gemaak

---

6. Debatte 1959, kol. 1826.
7. Ibid., kol. 1828.

vir die indeling van gevangenisse in sekere groepe. Eerstens was daar die maksimum veiligheidsinrigtings. Vir Blankes sou dit die Sentrale Gevangenis in Pretoria wees, terwyl twee soortgelyke inrigtings vir Swartes opgerig is by Baberton en Baviaanspoort.

Daar is die mees geharde misdadigers aangehou en is die strengste veiligheidsmaatreëls getref om ontsnap= ping te verhoed. Alhoewel die misdadigers daar onder baie streng veiligheidsmaatreëls aangehou is, en deeglik gestraf is, is ook hulle die geleentheid gebied om te verbeter en te rehabiliteer. Hulle moes konstruk= tiewe arbeid verrig en sodra hulle tekens getoon het van vordering, is hulle gekeur en na ander inrigtings oorgeplaas waar hulle korrektiewe opleiding kon ont= vang.[8]

Die tweede groep gevangenisse het die grootste groep uitgemaak. Die bewaking was by hulle nie so streng nie, maar korrektiewe opleiding is daar ook aan die gevangenes verskaf. Die doel was dus om die gevangenes te rehabiliteer en weer doelgerig in die lewe te maak. Daar is op 'n monitorstelsel gewerk, wat beteken het dat elke gevangene sy eie monitor gehad het onder wie

---

8. Ibid.

hy gewerk het en wat verantwoordelik was dat hy gerehabiliteer het en hom ook geleer het om die een of ander werk te doen. Sulke werkswinkels is by tronke te Witbank en Sonderwater ingerig om die gevangenes 'n bedryf te leer. Sulke gevangenisse is ook nuut opge= rig by Leeuwkop, Goedemoed en Grootvlei waar die gevange= nes landbou geleer is. In hierdie gevangenisse is ge= poog om 'n groepsverantwoordelikheid te kweek by die aangehoudenes. Hulle het saam op die landerye en tuine gewerk en is daar gepoog om hulle in 'n normale werksituasie te plaas.[9] Talle oorsese besoekers wat hierdie gevangenisse besoek het, het met groot lof daar= van gepraat — selfs 'n spesiale sending uit een van die buurstate het dit besoek.[10]

Die derde tipe gevangenis wat Swart daar wou stel, was die sogenaamde oop gevangenisse. By hierdie tronke was daar nie tralies, tronkdeure, slotte en sleutels nie. Die mense kon hier vry beweeg terwyl hulle op= leiding ontvang het. Hier is spesiaal gekeurde eerste oortreders asook residiviste wat hervorm is, aangehou. Gevangenes is in dié tronke geplaas om hulle by die samelewing aan te pas nadat hulle uit die tronk gekom het. Die stelsel was gebaseer op die inboeseming van selfver= troue en die ontwikkeling van 'n verantwoordelikheidsin.

---

9. Vgl. Die Noggai, Febr. 1956, p. 119.
10. Ibid., kol. 1830.

Swart het beweer dat hierdie soort aanhouding aan die mense selfvertroue gee en dat hierdie aanhouding ook vir hulle die geleentheid bied om hulself te bewys. Voordat hulle die gevangenis verlaat, was hulle reeds deel van die samelewing en is hulle misdade nie meer teen hulle gehou nie. Sy doel was dus om hulle lang= samerhand in die gewone lewe te laat opneem en die publiek so gewoond daaraan te maak, dat hulle die mense as vanselfsprekend aanvaar sonder dat hulle dit werklik besef het.

Verder het hy 'n beleid van desentralisasie vir die gevangenes voorgestel. Hy het beweer dit is nie 'n goeie beleid om 'n duisend of meer gevangenes in een tronk te hê nie, want dit sou besonder moeilik gewees het om aan so 'n groot groep aandag te gee en almal besig te hou. Die ledigheid wat dan ontstaan het, het dikwels in die verlede, toe groot tronke die beleid was, baie probleme geskep. Dit het ook die individuele behande= ling van die gevangenes bemoeilik. Swart het kleiner tronke laat bou wat 150 tot 300 gevangenes kon huisves. Die gevangenes was nie net in moderne geboue gehuisves nie, maar daar is ook voldoen aan die basiese vereistes vir gesondheid en higiëne.[11]

---

11. Ibid., kol. 1830.

Swart het in sy wetsontwerp voorsiening gemaak vir skeiding tussen die verskillende rasse en geslagte. Blank en Swart is in verskillende tronke geplaas en mans en vrouens in aparte gedeeltes van dieselfde gebou. Diegene wat verhoorafwagtend was en die wat reeds gestraf is, is van mekaar geskei. Hierdeur is die element van beïnvloeding voorkom.

Die nuwe tronke sou hoofsaaklik deur die gevangenes self gebou word. Sy idee hiermee was dat die bewaarder en die gevangene baie nou saam moes werk en dat dit deel van die rehabilitasie van die gevangene moes word. Die gehalte van die werk wat hulle moes lewer, moes van sodanige aard wees dat dit nie die omgewing skend nie, en die eindresultaat moes die trots van die werker wees. Daardeur is die gevangene nie slegs besiggehou nie, of sy aandag afgetrek van die strafelement nie, maar is ook onbewustelik leiding aan hom in die regte rigting gegee.

Daar moes by die gevangene arbeidsaamheid aangekweek word en hy moes geleer word om plesier uit die werk te put. Wanneer hy die tronk verlaat het, moes hy nie werk verafsku het nie, maar 'n lus daarvoor ontwikkel het. Omdat gepoog is om opbouende werk te laat doen, is geen ledigheid in die gevangenisse geduld nie.

---

Die eerlike en harde werk wat van die gevangene ver=wag is, was deel van sy korrektiewe opleiding.[12]

As deel van hierdie skema, het Swart sekere werksgroepe in die tronke laat stig. Die eerste was die groep wat die bouery moes behartig. Hy het eers personeel deeglik laat oplei in die boubedryf sodat hulle weer in staat kon wees om die gevangenes op te lei. Hierdie groep het van plek tot plek gegaan en onder hulle toesig is die bouery van talle nuwe tronke onderneem. By die meeste van die tronke is daar werkswinkels opgerig waar daar tralies en deure vir die geboue gemaak is. Swart het die vroue-gevangenes gebruik om uniforms en ander klere vir die personeel en gevangenes te ver=vaardig.

Swart het ook daarvoor voorsiening gemaak dat wanneer hierdie gevangenes opgelei was, hulle 'n sertifikaat van vaardigheid ontvang het en dat hulle erken is as geskoolde vakmanne.[13]

Aan die gevangenes in die tronke wat hulle toegespits het op die landbou-afdeling, is opleiding verskaf as plaasarbeiders. Vir korttermyn-gevangenes in hierdie tronke het hy die nege pennie-per-dag-skema ingestel.

---

12. Ibid.

13. Ibid., kol. 1831.

Daarvolgens kon 'n gevangene vir nege pennies per dag op die plaas van 'n boer werk, en aan die einde van sy aanhouding is die hele bedrag aan hom uitbetaal. Dit was 'n heeltemal vrywillige skema en die gevangene hoef nie te gegaan het as hy nie wou nie. Die tweede stelsel was die vir langtermyn-gevangenes. Hier het Swart daarvoor voorsiening gemaak dat die gevangene aan die boere verhuur is. As die boer sy eie bewaarder gegee het, het die fooi om die gevangene te huur hom 1/9 per dag gekos. Die gevangene het elke dag na die gevangenis teruggekeer, maar die boer was verseker van sy dienste vir 'n lang tydperk.[14]

Swart het nog 'n verdere stelsel ingestel. Dit het bekend gestaan as die plaastronke. Hierdie tronke is deur die boere self gebou met hulle eie kapitaal, maar die beheer daaroor is uitgeoefen deur die Departement van Justisie. Die groot deug van hierdie tronke het gelê in die feit dat die gevangenes lief gemaak is vir die plaaswerk en dat hulle aangemoedig is om na die plaas terug te keer. Baie boere het hierdie gevangenes weer in diens geneem, omdat die boere gedurende die werksperiode kon sien of 'n werker 'n goeie werker is en hom dan versoek het om weer terug te keer na die plaas by die beëindiging van die vonnistydperk. Swart

14. Ibid., kol. 1832.

het op die regeringsplaas Bienne Donne 'n gevangenis laat bou deur die prisoniers self en hulle het die boerdery op die plaas help behartig. Die gebou wat daar opgerig is, het gelyk soos alle ander geboue op die plaas en die gevangenes is die geleentheid gebied om aan die gemeenskap te vergoed wat hulle verkeerd gedoen het.

Swart het besef dat hy met hierdie maatreëls nie al= gehele sukses sou behaal nie, maar hy het gereken dat, al was sy sukses ook hoe gering, sou dit nogtans die moeite werd wees: "As ons net 25% van die misdadigers as goeie burgers uit die gevangenis laat gaan, dan is dit die moeite werd."[15] Baie van die eerste oortreders is teruggeplaas in die gemeenskap en daar is nooit weer van hulle gehoor nie. Van die langtermyn-gevangenes is teruggeplaas in die gemeenskap as opgeleide ambags= manne wat toegerus was om 'n eerbare lewe te lei, en wat genot uit hulle werk kon put.[16]

Swart het ook gesorg dat die tronke in Suid-Afrika voldoen het aan die standaard-minimumreëls vir die behandeling van gevangenes wat deur die Verenigde Organisasie-kongres oor die voorkoming van misdade en

---

15. Ibid., kol. 1834.

16. J. Kruger, op. cit., p. 156.

die behandeling van gevangenes in Genève bepaal is.[17]

6.1.2. Die reaksie.

Sekere gedeeltes van hierdie wetgewing het die teen=kanting van die pers ontvang, veral nadat Swart 'n verbod geplaas het op die plaas van foto's en berig=te van sekere gevangenes. Hy het dit veral gedoen nadat persfotograwe in Johannesburg op 'n tronk se mure geklim het en naakte gevangenes afgeneem het wat op en af gespring het. In die berigte is die geval heeltemal uit verband geruk, en is die personeel as wreed voorgehou, terwyl dit slegs gevangenes was wat na 'n dag se werk teruggekeer het en wat onder=soek is om weggesteekte goedere te vind.[18]

Swart het ook 'n verbod geplaas oor beriggewing oor terdoodveroordeeldes wat daarop gerig was om sensasie na te jaag. Hy het die koerante daarvan beskuldig dat hulle sensasie soek en deur sodanige berigte gepoog het om hul sirkulasiesyfers te verhoog. Sy verbod was ook 'n besluit wat uitvoering gegee het aan versoeke van kerke en maatskaplike verenigings om hierdie soort van beriggewing te voorkom. Die ondersteunende pers

---

17. Debatte 1959, kol. 1834.
18. Ibid., kol. 1856.

was dit eens met Swart, en het hom verseker dat hy die ondersteuning van die hele "ordentlike" pers het.[19] Daar=enteen het die Engelstalige pers gereken dat die belastingbetaler se geld in die tronke gebruik word en dat hulle dus die reg gehad het om te weet wat daar aangaan. Dit was volgens hulle 'n verbreking van die demokratiese regte van die burgers van die land.[20]

Uit die geledere van die Opposisie het hy teenstand ontvang veral van dr. D.L. Smit, lid vir Oos-Londen-Stad. In die meeste gevalle was sy teenstand tegnies van aard. Sy eerste beswaar was teen die opheffing van die verpligting van landdroste ten opsigte van die tronke. Voorheen was die landdroste in beheer van die kleiner tronke waar daar nie 'n superintendent was nie. Aangesien Swart gereken het dat die landdroste te veel ander pligte gehad het, wou hy hulle in sy nuwe wetge=wing daarvan onthef. Daardeur is die verdere verant=woordelikheid van die landdros wat die oortreder gevonnis het, van hom af weggeneem. Dit was egter nie al`rede waarom Swart die landdroste se beheer oor die tronke wou wegneem nie. Die Departement van Gevangenisdiens was 'n selfstandige Staatsdepartement, maar 'n amptenaar van die Departement Justisie het beheer gehad in hierdie

---

19. Die Burger, 6. 3. 1959.

20. The Rand Daily Mail, 4. 3. 1959 en 8. 3. 1959; Vgl. ook The Cape Argus, 6. 3. 1959.

Departement. Dit het nie slegs tot gevolg gehad dat dit 'n oorskryding van een Departement in 'n ander is nie, maar ook daartoe gelei dat 'n opgeleide persoon bevele moes neem van 'n onopgeleide uit 'n ander De= partement.

Desnieteenstaande die besware is die wetgewing aanvaar en is dit in die wetboeke aangeteken as wet nr. 8 van 1959. Die tronke sou nou in die toekoms konsentreer op die rehabilitasie van die oortreders.

6.1.3. <u>Die verbetering van die toestande van die personeel van die Gevangenisdiens.</u>

Swart het nie net omgesien na die belange van die ge= vangenes nie, maar het ook aandag gegee aan die diens= voordele van die personeel. In die eerste instansie het hy aandag gegee aan die salarisse van die personeel. In sy tydperk as minister het dit feitlik met 80% ver= meerder. 'n Opperbewaarder se salaris het gestyg van R1 200 tot R2 160 per jaar. Die heel junior bewaarder in die Departement se salaris het met 100% gestyg. Ander diensomstandighede is indringend deur Swart verbeter. Tot 1948 was alle administratiewe poste gevul met staatsamptenare wat uit ander staatsdepartemente oorge= plaas is. Dit was 'n baie onbevredigende toestand

aangesien dit dikwels gebeur het dat persone in beheer=poste geen kennis van die Gevangenisdiens gehad het nie. Vanaf 1955 tot 1959 het Swart sy dringende aandag gegee, en geleentheid geskep vir gevangenisdiensperso=neel om te vorder van die nederigste rang tot hoof van die Departement. Van 1948 tot 1955 is deur Swart se toedoen die senior poste in die Gevangenisdiens ver=meerder van 16 tot 88. Hy het die personeel aangemoedig om verder te studeer, wat wel ook dikwels gebeur het. Op sy aandrang het die personeel hulle veral bekwaam in die gedragswetenskappe soos Sosiologie, Sielkunde en Kriminologie. Teen die einde van sy tydperk as minister, was daar reeds 35 gegradueerdes in die Departement, teenoor net een toe hy in 1948 oorgeneem het.[21]

## 6.2. DIE POLISIEDIENS.

### 6.2.1. Agtergrond.

Een van sy ander doelstellings na sy aanstelling as minister, was om 'n doeltreffende, goedtoegeruste polisiemag daar te stel. Die polisiemag het vanaf 1948 tot 1959 vermeerder met 7 458 lede.[22] Hy het

---

21. J. Kruger, op. cit., p. 155.

22. Ibid., p. 148.

hom veral beywer om die werksomstandighede vir die polisie te verbeter. Hy het self van die plekke besoek waar die polisie tydens opstande moes optree, en was hewig ontsteld oor die gevaar waarin hulle hul lewens dikwels moes stel.

Dit was ook sy ideaal om die Swartpolisiemag sodoende uit te brei dat die polisiedienste in die Swartgebiede deur Swartpolisiemanne waargeneem kon word. Die eerste polisiestasie, ten volle beheer deur Swartes, is op 1 Oktober 1951 op Zwelitshia in die landdrosdistrik King Williams Town geopen. 'n Swartpolisieman kon vorder tot die rang van senior sersant, wat ook 'n stof=like verbetering beteken het, aangesien so 'n Swarte se salaris gegaan het tot £450 per jaar.[23]

Swart het ook die verskil tussen polisiemanne en ander staatsamptenare se diensvoorwaardes uitgewis en sorg gedra dat almal dieselfde voordele geniet. 'n Verbeterde pensioenskema is in 1954 vir hulle ingestel.[24] Deur wet 58 van 1955 is byvoorbeeld aan hulle dieselfde aftree-voordele gegee as aan staatsamptenare. Voorheen het die polisie sy eie stelsel gehad en was die pensioen wat die

---

23. Ibid., p. 153.

24. Die Nongqai, Julie 1954, p. 689.

polisiemanne ontvang het nie genoeg om van te leef nie.[25]

Wat behuising betref vir die polisiemag, het Swart ewe=eens gesorg vir 'n verbetering. Behuising is aansienlik verbeter en in 1959 was daar 1 039 woonhuise vir getroude polisiemanne teenoor die 685 in 1948. Deur sy toedoen is die eerste polisiekapelaan in 1952 aangestel, en het hy gepoog om te sorg vir die geestelike bearbeiding van die polisie.[26]

### 6.2.2. Die ontstaan van die Veiligheidspolisie.

Tot 1949 het Suid-Afrika geen Veiligheidsdiens gehad nie. Die vertakking van die Suid-Afrikaanse Polisie wat die naaste daaraan gekom het, het bekend gestaan as die "verdink-personeel". Hierdie mense se taak was slegs om in vredestyd gevangenes en misdadigers wat op parool uitgelaat is, dop te hou. Hierdie afdeling van die polisie het hy uitgebou tot 'n Veiligheidsdiens.

Hierdie afdeling wat nog steeds onder die Kommissaris van Polisie sou ressorteer, sou hulle eie afdelingshoof hê. Hulle sou nie soos die gewone polisieman in uniform

---

25. J. Kruger, op. cit., p. 153; Vgl. ook Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1955, p. 1335. (Wet 58, Art. 2.2.1

26. J. Kruger, op. cit., p. 153.

op straat verskyn nie, maar sou hulle werk in gewone klere doen, en sou hulle veral toespits op aangeleenthede wat geskyn het gevaar in te hou vir die staat. Hulle sou hul dus nie bemoei met die gewone misdaad nie, maar sou konsentreer op staatsveiligheid. Een van hulle groot take sou wees om in te sypel in organisasies waar daar 'n vermoede van staatsondermyning was. Daardeur kon die staat van eerstehandse inligting voorsien word en was spoedige en doeltreffende optrede moontlik. Swart het ook hierdie afdeling in die lewe geroep met sy op=trede teen die Kommunisme in sy agterkop. Hierdie man=ne kon dan gebruik word om die werklike omvang van or=ganisasies wat deur die Kommunisme gebruik is, te bepaal. Aanslae teen die land deur spioenasie sou ook onder hierdie afdeling val.[27]

## 6.2.3. Die instelling van die blitspatrollie.

Kort na sy aanstelling as minister in beheer van die polisie, het hy in die groter stede blitspatrollies laat instel. Hierdie afdeling sou nog 'n inherente deel van die polisie wees en was slegs bedoel vir die groot stede soos Johannesburg, Pretoria, Kaapstad, Durban en Port Elizabeth. Gewone polisiemanne in uniform sou snags die strate en woonbuurtes met motors patrolleer. Hierdie

---

27. Ibid., p. 151.

motors is van radio's voorsien wat met die polisie=stasie en met mekaar verbind was. Die doel hiervan was dat wanneer misdaad gerapporteer is, die motor en polisie wat die naaste was onmiddellik kon optree en dat verskillende groepe polisiemanne mekaar vinniger kon ondersteun en kon help. Swart het dikwels in die nagte saam met hierdie polisiemanne gery om sodoende 'n beter beeld van hulle werk te verkry. In die eerste jaar van hulle bestaan, is ongeveer 23 000 misdadigers deur lede van die blitspatrollies in die verskillende stede aangekeer.[28]

Volgens Swart was die eerste sukses wat die Blits=patrollies en die Veiligheidsdiens gehad het, toe hulle die Torch-Kommando van die vroeë vyftigerjare ontmasker het as 'n organisasie wat die regering ondermyn het.[29] Terwyl die Parlement in sitting was, het hierdie groep opgeruk na die Parlementsgebou. Hulle het beplan om van die ministers te ontvoer. Na die ontvoering sou hulle die regering oorneem. Die Veiligheidspolisiè het tot in die binnekringe van hierdie organisasie gedring en hulle plan aan Swart gerapporteer. Gevolglik kon hy opdrag gee dat gewapende polisie by elke minister

---

28. Die Volksblad, 23. 7. 1949.

29. Sien hoofstuk 4, p. 95.

se huis geplaas word en is die mense se planne in die wiele gery. Die gevolg was dat die hele plan van die organisasie in duie gestort het. Van die Veiligheids=polisie wat ten tye hiervan tussen die lede van die organisasie was, het vertel dat sommige van die leiers aan die huil gegaan het toe hulle besef het dat hulle plan nie sou werk nie en dat die staatsgreep wat hulle eintlik wou uitvoer, misluk het, en dit hoofsaaklik as gevolg van die optrede van die Veiligheidspolisie.[30]

Swart het hom dus werklik ten doel gestel om aan Suid-Afrika 'n beter polisiediens daar te stel en daardeur te verseker dat die land vir die inwoners veilig is. Hy was gevolglik nie net gewild onder die publiek nie, maar besonder gewild in polisiekringe.[31]

---

30. Mondelinge mededeling aan outeur, 16. 8. 1980.

31. J. Kruger, op. cit., p. 151.

# HOOFSTUK V11.

## DIE STRYD OM DIE EERSTE MINISTERSKAP, 1958.

### 7.1. Agtergrond.

Op 12 Julie 1958 het die Eerste Minister, adv. J.G. Strijdom, ernsitg siek geword. Op 26 Julie is hy in die Volks=hospitaal in Kaapstad opgeneem en teen 7 Augustus was dit duidelik dat hy so siek was dat hy sy dienste nie sou kon hervat nie.[1]

Swart is deur Strijdom nie net aangewys as Minister van Justisie nie, maar ook as adjunk-eerste minister. Hy was ook die leier van die Volksraad en die mees senior minister in die kabinet. Daarbenewens is hy ook gereken as die bekwaamste Minister van Justisie wat Suid-Afrika nog gehad het.[2] Hy was ook sedert 1923 slegs met die onder=breking van 1938 tot 1941, lid van die Volksraad en het 'n bepaalde rol in die Suid-Afrikaanse politiek gespeel. Reeds in 1948 het hy 'n leidende rol in die samestelling van dr. D.F. Malan se kabinet gespeel. As leier van die Nasionale Party in die Vrystaat is hy deur die nuwe eerste minister geraadpleeg oor die lede van die kabinet.[3] Alles was dus in sy guns en hy het na die logiese opvolger

---

1. Die Burger, 8. 8. 1958.
2. G.D. Scholtz, Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901 tot 1966, p. 300.
3. H.B. Thom, D.F. Malan, p. 211.

van Strijdom gelyk. Sommiges het selfs gemeen dat indien hy nie verkies sou word nie, dit 'n klap in sy gesig sou wees. Daarby het hy van die begin van die siekte van die eerste minister namens hom in die Parlement opgetree. Strijdom se siekte het lank geduur en dit het noodsaaklik geword dat 'n waarnemende eerste minister aangestel word aangesien sekere pligte slegs deur die eerste minister behartig kon word.[4]

Swart en sy ondersteuners het hierin die geleentheid ge=sien om sy kanse as opvolger vir Strijdom te verstewig. Die rede waarom hulle hierdie geleentheid gebruik het, was omdat hulle besef het dat hy as leier van die Nasionale Party in die Vrystaat nie veel kans gehad het om die paal te haal nie. Die Nasionale Party-koukus het op daardie stadium bestaan uit 47 Volksraadslede en 27 Senatore vir Transvaal, 33 Volksraadslede en 22 Senatore vir Kaapland, 14 Volksraadslede en sewe senatore vir die Vrystaat, ses Volksraadslede en twee senatore vir Suidwes-Afrika en 18 genomineerde senatore. Die Nasionale Party het geen Natalse setels beheer nie. Swart kon slegs seker wees van 21 Vrystaters se stemme uit 'n totaal van 176 kou=kusstemme.[5]

---

4. E.G. Jansen-versameling, lêer 223.
5. The Star, 26. 8. 1958.

Op 7 Augustus 1958 het Swart die Goewerneur-generaal, dr. E.G. Jansen, besoek en aan hom die prentjie rondom die siekte van Strijdom geskets, nl. dat in die lig van die feit dat daar min hoop op herstel was, aan 'n opvolger gedink moes word.[6] Later dieselfde dag het hy 'n brief aan Jansen geskryf en 'n memorandum aangeheg wat deur hom en adv. Eric Louw, Minister van Binnelandse Sake opgestel is. Dit was 'n poging om aan die Goewerneur-generaal leiding te gee wat die konstitusionele posisie is wanneer die premier om persoonlike rede bedank, of sterf terwyl hy nog premier is.[7]

Aangesien die konstitusionele praktyk in die Unie van Suid-Afrika gebaseer was op die Britse stelsel, het Swart en Louw etlike Britse skrywers oor die aangeleentheid geraadpleeg. As hoofbron het hulle die werk van I. Jen= nings "Cabinet Government" gebruik.[8] Volgens die doku= ment wat hulle aan Jansen gestuur het, was Jennings die mees gesaghebbende persoon oor hierdie aangeleentheid in Brittanje.[9]

Die bron het gemeld dat die regering gevorm moes word deur die party wat die verkiesing gewen het en dat die

---

6. E.G. Jansen-versameling, Lêer 223.
7. Ibid.
8. At the University Press, Cambridge, 1951.
9. E.G. Jansen-versameling, Lêer 223.

leier van die party die eerste minister moes word. As die eerste minister egter sterf, was die posisie heel anders: "But the King may have an effective choice where a Prime Minister in office offers a personal resignation, or dies. The King has a real discretion only when the retiring or deceased Prime Minister has no accepted second-in-command, ready to step into his shoes."[10] In 1908 het byvoorbeeld Asquith die premier geword nadat hy waargeneem het in die plek van Campbell-Bannerman tydens sy siekte. In Brittanje het dit by verskeie geleenthede gebeur dat die koning 'n opvolger as eerste minister aangestel het uit die geledere van die regerende party. Uit die ontleding van die gebeure in Brittanje het dit geblyk dat die koning dit ook nie altyd nodig geag het om iemand te raadpleeg oor die opvolger van die premier wat bedank of gesterf het nie. By talle geleenthede was die adjunk- of waarnemende premier die logiese opvolger.

Swart en Louw is verder in hulle optrede gesterk deur dr. Malan se poging om by sy uittrede mnr. N.C. Havenga as sy opvolger te verkry. Dr. Malan het aan die kabinet gesê dat hy die Goewerneur-generaal wou adviseer om Havenga as sy opvolger aan te stel, aangesien hy gereken

---

10. Ibid.

het dat die Goewerneur-generaal die mag daartoe het.[11] Malan het ook destyds na Engelse voorbeeld, en veral sy tydge=noot, Winston Churchill, wat op soortgelyke wyse aangestel is, verwys.[12] Die situasie het egter geheel anders ver=loop, en toe Havenga gesien het dat Strijdom 'n sterk kandidaat was, het hy hom nie beskikbaar gestel nie en aan die politiek onttrek.[13]

Tydens 'n tweede besoek aan Jansen vier dae later het Swart 'n uittreksel uit die boek van Arthur Barriedale Keith "The British Cabinet System"[14] aan Jansen oorhandig. Hierdie werk het, anders as Jennings se werk, spesifiek gehandel oor wat in Brittanje gebeur het as die premier in die tuig gesterf het. Dit het dan ook getuig dat die gewone prosedure is om die logiese opvolger aan te stel, en dit 'n taak van die Koning was.[15]

Hy het egter die Goewerneur-generaal daarop gewys dat hy rekening moes hou met die konstitusie van die Nasionale Party wat bepaal het dat die hoofleier van die Party deur die koukus verkies moes word, en wat dan uit die aard van

---

11. B.M. Schoeman, Van Malan tot Verwoerd, pp. 94/95. Vgl. ook M.C. Botha, Premierverkiesings sedert 1910, pp. 66 en 73 en G. Coetsee, Hans Strijdom, p. 44.

12. M.C. Botha, op. cit., p. 67.

13. Ibid. p. 82.

14. Stevens and Sons, London, 1952.

15. E.G. Jansen-versameling, Lêer 223.

die saak die eerste minister word indien die Party regeer. Hy het dus die Goewerneur-generaal versoek om 'n waarnemende eerste minister aan te stel, en dit dan duidelik te stel dat indien 'n ander persoon verkies sou word, hy dadelik sou moes bedank om die nuutgekose leier geleentheid te bied om 'n kabinet saam te stel.

7.2. Die Goewerneur-generaal se optrede.

Gedurende die siekte van Strijdom het dr. Jansen, self 'n oud-minister en ervare politikus, nie slegs aantekeninge in sy eie handskrif gehou van die gebeure nie, maar ook vir homself helderheid oor die saak verkry.[16]

Met al die inligting wat hy bekom het, het hy besef dat onder die Britse stelsel hy iemand sou moes aanstel. In hierdie geval sou dit Swart moes wees. In 'n dokument wat hy opgestel het oor die hele aangeleentheid, het hy die volgende geskryf: "..... in South Africa circumstances are different from those in Britain — Having some knowledge of political conditions, I feel certain that if I were to appoint Mr. Swart, there could be considerable dissatisfaction."[17] Die Nasionale Party waaruit die

---

16. Ibid.

17. Ibid. Behalwe die geskrewe dokument bevat die versameling ook 'n getikte een. Die titel daarvan is: Memorandum by his Excellency, dr. the honourable E.G. Jansen, Governor General, on the appointment of Prime Ministers.

leier moes kom, was georganiseer op 'n federale basis en elke provinsie het sy leier. Swart was die leier in die Vrystaat en was derhalwe die leier van 'n klein aantal lede in verhouding met die twee groter provinsies, nl. die Kaapprovinsie en Transvaal. Jansen het ook die werk van Jennings geraadpleeg, en daar opgemerk wat nie in Swart en Louw se memorandum gestaan het nie, nl. dat die Koning nie altyd in die beste posisie was om die regte persoon aan te stel nie. Een van die oplossings wat hy oorweeg het, was dat die ministers kon aanbly en hulle werk kon doen tot tyd en wyl 'n nuwe premier verkies is. In 1919 toe genl. Louis Botha, die Unie se premier in die tuig gesterf het, was genl. Smuts sy logiese opvolger. Genl. Botha is op 26 September 1919 oorlede en genl. Smuts se kabinet is eers 'n week later ingesweer.

Afgesien van die feit dat hy besef het dat die veiligste weg was om te wag totdat 'n nuwe leier deur die Nasionale Party verkies kon word, het Jansen tog op 21 Augustus 'n dokument onderteken waarin hy Swart aangestel het as waarnemende premier om sodoende toe te sien dat die nood=saaklike take afgehandel word.

Op 24 Augustus 1958 is Strijdom oorlede en is die spanning

______________________________

om die premierskap tot 'n spits gedryf. Dieselfde mid=dag het mnr. Luttig, voorsitter van die Nasionale Party-koukus, die Goewerneur-generaal besoek en hom meegedeel dat daar 'n bekommerde en gespanne gevoel onder die onder=steuners van die Party was. Hy was bekommerd dat die aanstelling van Swart drie dae tevore as waarnemende-Eerste Minister hom 'n voorsprong sou gee -- iets waarmee sommige van die koukuslede ontevrede was. Dieselfde middag het Swart, vergesel van ministers Sauer en Serfontein, die Goewerneur-generaal weer besoek en hom meegedeel dat die kabinet besluit het om hom te vra dat die ministers in hulle portefeuljes aanbly totdat 'n nuwe eerste minister verkies is. Jansen het ook nog dieselfde middag 'n dokument onderteken waarin hy opdrag gegee het dat Swart die administrasie van die premier se Departement moes waarneem totdat 'n nuwe premier aangewys is. Jansen het hierdie stap gedoen in die lig van artikel 14(2) van die Suid-Afrikawet wat bepaal dat die Goewerneur-generaal-in-Rade enige lid van die kabinet mag aanstel om in die plek van 'n ander minister te ageer omdat die betrokke lid nie by magte is om self sy pligte uit te voer nie. Dit was geen poging van hom om rigting te gee aan die verkiesing van die nuwe premier nie.

---

18. Ibid.

## 7.3. Die verkiesing van die premier.

Na die dood van Strijdom is Swart, dr. T.E. Dönges, leier van die Nasionale Party in Kaapland en dr. H.F. Verwoerd, leier van die Party in Transvaal, genoem as sy opvolgers. Die agente van die drie kandidate het dadelik aan die werk gespring met die werwingswerk. 'n Kandidaat het hom nie self aangemeld nie, maar hy moes deur een of 'n aantal ondersteuners genader word om hom verkiesbaar te stel. Wanneer hy dan ingewillig het, is dit bekend ge= maak en kon sy agente vir hom begin werk. Dit was 'n proses wat redelik ongeorden verloop het.[19]

Van die persone wat hulle vir Swart beywer het, was minister J.J. Serfontein, bygestaan deur twee Volksraadslede uit die Vrystaat, mnr. Simon Papenfus, Vrystaatse sweep van die Nasionale Party en mnr. M.C.J.E. van Rensburg.[20] Adv. Eric Louw het openlik verklaar dat hy Swart steun, maar nooit werwingswerk vir enige kandidaat gedoen nie.[21]

Daar het uiteraard allerhande gerugte ontstaan oor wie die volgende premier sou wees. Die Opposisie-pers het berig dat Swart van plan was om hom te onttrek indien hy

---

19. J.J. van Rooyen, Ons politiek van naby, p. 27
20. M.C. Botha, op. cit., p. 109
21. B.M. Schoeman, op. cit., p. 134.

geopponeer word, en dat indien hy nie as eerste minister verkies word nie, uit die politiek te tree.[22]

Swart het onmiddellik hierop gereageer in 'n persverklaring waarin hy verklaar het dat hy wel beskikbaar was as premier.[23] Gerugte het ook die rondte gedoen dat druk op Swart uitgeoefen is om terug te staan ten gunste van ander kandidate.[24] Daar was ook sprake dat Strijdom aan Swart voorkeur gegee het as sy opvolger.[25]

Die feit dat provinsialisme 'n groot rol sou speel, het nou ook sterk na vore getree. Min. Ben Schoeman het beweer dat hy 'n afsku het van provinsialisme en daar= om van plan was om Swart voor te stel.[26] Jan de Klerk, swaer van die ontslape premier, het hom ook nie aan provin= sialisme gesteur nie en as sekondant opgetree toe B.J. Schoe= man Swart as premier voorgestel het.[27]

Rondom die verkiesing van die premier het allerhande ander gebeure gesentreer. In die stryd van die agente om hulle

---

22. The Star, 28. 8. 1958.
23. Die Volksblad, 30. 8. 1958; Vgl. ook M.C. Botha, op. cit., p. 108.
24. Die Burger, 1. 9. 1958; Die Transvaler, 2. 9. 1958.
25. The Sunday Express, 7. 9. 1953.
26. B. Schoeman, My lewe in die politiek, p. 240; Vgl. ook J.J. van Rooyen, Ons politiek van naby, p. 27; B.M. Schoeman, op. cit., p. 130 en J.J. van Rooyen, P.W. Botha, 40 jaar, p. 71.
27. The Sunday Express, 7. 9. 1953.

kandidate te bevoordeel, is verskeie onwaarhede die wêreld ingestuur. So is op een staduim beweer dat Verwoerd onverskillig teenoor die kerk en die godsdiens gestaan het. Ook is daar beweer dat Swart en Dönges ooreengekom het op 'n plan om Verwoerd uit te skakel, en dat hulle dan met die verkiesing van een van hulle sekere ampte aan die ander een sou verseker. Wat werklik gebeur het, was dat 'n medelid van die kabinet Swart op versoek van Dönges meegedeel het dat hy en 'n groepie van sy ondersteuners besluit het om Swart onvoorwaardelik te steun. Enkele dae later het Dönges Swart egter self meegedeel dat hy weer besluit het om hom as kandidaat beskikbaar te stel.[28]

Op die treinrit vanaf die begrafnis van Strijdom het baie werwingswerk plaasgevind. Strijdom is in Pretoria begrawe en omdat die Parlement in sitting was, is van die ministers en volksraadslede per trein na die begrafnis vervoer. Min. Serfontein wat in die ministeriële kompartement gery het, het talle van die koukuslede wat op die trein was, na sy kompartement genooi en hulle daar probeer oorhaal om vir Swart te stem. Sy twee helpers, Papenfus en Van Rensburg, het gedurende die reis B.J. Vorster, die latere eerste minister, en sy vriend P.C. Pelser ook na die minister se kompartement genooi. Omdat hulle reeds aan 'n ander kandidaat steun beloof het, het hulle die twee Swart-onder=

---

28. M.C. Botha, op. cit., p. 107.

steuners omgepraat om eerder 'n potjie kaart saam met hulle in die kompartement te speel.[29]

Die agente van die drie kandidate het eintlik nooit ge=weet waar hulle gestaan het nie, aangesien baie koukuslede hulle steun aan meer as een kandidaat beloof het. Ook P.W. Botha wat eintlik vir Dönges ondersteun het, het sy mense intensief bearbei om vir Swart te stem om sodoende vir Verwoerd uit te skakel.[30]

Dit is opmerklik dat die Opposisie-koerant, The Star, sy steun aan Swart gegee het: "Not only the tallest M.P., he is also one of the most versatile and colourful politicians the country has had." In die lig van die feit dat hulle telkens sy skerpste teenstanders was met die grootste meerderheid van sy wette, was dit eienaardig dat juis hierdie koerant hom verkies het. Die koerant het beweer dat Verwoerd die een of ander tyd 'n krisis in die land sou veroorsaak.[31]

Die pro-regeringspers het behalwe hulle gewone beriggewing oor die aangeleentheid nie kant gekies nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die verskillende koerante in die provinsies hulle eie kandidate nie wou skade aandoen

---

29. Ibid., p. 109.

30. J.J. van Rooyen, P.W. Botha 40 jaar, p. 72; Vgl. ook M.C. Botha, op. cit., p. 109.

31. The Star, 26. 8. 1958.

deur onnodige propaganda te maak nie.

Dit sou die eerste keer in die geskiedenis van die Nasionale Party wees dat 'n hoofleier verkies moes word. By vorige geleenthede het van die aspirant-kandidate teruggestaan en het slegs een oorgebly. Met die verkiesing van Strij=dom in 1954 het die ander kandidaat, min. N.C. Havenga, teruggestaan en hom trouens aan die politiek onttrek. Die keer was daar nie sodanige vooruitsigte nie. Swart en die ander twee kandidate het die Nasionale Party voor 'n samehorigheidstoets geplaas.[32] Die nuwe premier sou dus binne die Party die moeilikste taak hê van enige van sy voorgangers -- naamlik dat hy hom aanneemlik sou moes maak by 'n groot groep van die Party wat 'n ander man in sy plek wou sien, terwyl die ander kandidate aktief en 'n krag in die Party sou bly.[33]

Op 2 September 1958 het die Nasionale Party-koukus vergader om die nuwe hoofleier, en dus ook die nuwe premier, aan te wys. Swart is, soos beplan, deur min. Ben Schoeman voorgestel. Baie lede het dit vertolk as 'n wens van die kabinet. Dit was egter nie die geval nie. Schoeman het op daardie stadium 'n vete met Verwoerd gehad. Hy het geglo dat Swart hom in die kabinet sou hou, terwyl Verwoerd hom daaruit sou wou hê.[34] Tog het Schoeman driekeer

---

32. Die Burger, 21.8.1958.

33. Ibid.

34. B. Schoeman, op. cit., pp. 240/341.

die sin herhaal toe hy Swart voorgestel het: "Ek stel Swart voor terwille van die Party."[35] In die binnekringe is beweer dat indien dr. Verwoerd hom op daardie staduim sou onttrek, Dönges sy voorbeeld sou volg.[36] Verwoerd was egter nooit van plan om dit te doen nie, aangesien hy geweet het dat hy in 'n verkiesing die voorsprong sou hê.[37]

Verwoerd en Dönges is hierna ook genomineer. Dr. Verwoerd is voorgestel deur min. M.D.C. de Wet Nel, en gesekondeer deur sen. M.J. Vermeulen, adjunk-president van die senaat, en dr. Dönges deur min. F.C. Erasmus, gesekondeer deur mnr. A. Webster, L.V. vir Etosha.[38]

'n Verkiesing moes gehou word. Gedurende die eerste uitdun-verkiesing het Swart 41 stemme getrek, Dönges 52 en Verwoerd 80.[39] Swart het dus reeds hier by die eerste verkiesing uitgeval. Swart het 21 stemme van lede buite sy provinsie getrek, Verwoerd slegs ses en Dönges moes drie uit sy provinsie afstaan. Op aandrang van min. Paul Sauer, 'n ondersteuner van Swart, wat bitter teleurgesteld was dat Swart so min stemme getrek het, is die stemme weer

---

35. B.M. Schoeman, op. cit., p. 144.
36. Ibid.
37. J.J. van Rooyen, Ons politiek van naby, p. 27; Vgl. ook The Star, 26. 8. 1958.
38. M.C. Botha, op. cit., p. 114.
39. Die Volksblad, 2. 9. 1958.

oorgetel.[40] Die senaat wat kort vantevore vergroot is, het ook 'n groot rol gespeel in die uitslag. Verwoerd was vir etlike jare die leier van die Senaat. Op daardie staduim was daar 90 senatore waarvan 78 Nasionaliste was en die meeste vir Verwoerd gestem het.[41]

Swart moes hom berus. Hy het na die uitslag sy steun aan Verwoerd gegee: "Ek lê my nie 100% by die beslissing van die koukus neer nie, maar 103%"[42] Hierdie opmerking het hy gemaak n.a.v. die feit dat die Nasionale Party 103 Volksraadslede in die Parlement gehad het.

Swart het die eenheid van die Party bo alles gestel, en die Party kon as eenheid sy werk verder doen. Selfs Ver=woerd het daarvan getuig toe hy in 'n brief aan 'n onder=steuner geskryf het: "Ons voel nog almal seer oor die te vroeë heengaan van ons geliefde leier en vriend, maar voel ons oortuig daarvan dat indien hy sou weet, hy gelukkig sou voel oor die eenstemmigheid en liefde wat daar na af=loop van die verkiesing van'n opvolger nog bestaan."[43]

---

40. B.M. Schoeman, op. cit., p. 145.
41. Die Volksblad, 2. 9. 1958.
42. Ibid., 3. 9. 1958.
43. H.F. Verwoerd-versameling, Lêer A/15, Brief 12.

Verwoerd het Swart in sy kabinet opgeneem en hy sou voort=gaan met sy pligte as minister van Justisie totdat hy op 12 Januarie 1960 aangestel is as Goewerneur-generaal.

# HOOFSTUK V111.

## SLOTBESKOUING.

Swart se hele politieke loopbaan was gekenmerk deur 'n strewe om die beste vir Suid-Afrika te doen. Enersyds wou hy 'n republiek daarstel om Suid-Afrika vry te maak van enige buitelandse beïnvloeding en bedreiging en andersyds wou hy die land van binne laat gedy tot voordeel van elke inwoner.

Swart het ook die saak van die Afrikaner en die Afrikaanse taal sterk probeer bevorder. In die Volksraad het hy reeds in 1924 'n opmerking gemaak dat hy gehoop het dat alle verslae spoedig ook in Afrikaans sou wees.[1] As voorsitter van die Gekose Komitee op Pensioene moes hy 'n verslag in Nederlands voorlees, en het gesê: "Dit is moeilik om 'n rapport in Nederlands voor te lees in die loop van 'n Afrikaanse toespraak."[2] Hierdie strewe om Afrikaans uit te bou het hy voortdurend gehandhaaf. Later toe hy minister geword het, het hy deur 'n administratiewe reëling in sy Departement die woord landdros herstel in die plek van magistraat. Hy het dit gedoen omdat hy wou gehad het Afrikaans moet 'n term eie aan die taal gebruik, en nie 'n term wat deur ander tale gebruik

---

1. J. Kruger, op. cit., p. 41.
2. Ibid.
3. Mondelinge mededeling aan outeur, 16. 8. 1980.

word nie. Tot 1955 moes wette wat nog in Nederlands opgestel is, steeds in Nederlands geamendeer word ter= wille van eenvormigheid. Amptenare wat Nederlands magtig was, was skaars en het dit 'n moeilike taak geword.[4] Swart het die leiding geneem om al die wette in Afrikaans te laat vertaal. Ook wette wat voor Uniewording uitgereik is en slegs in Engels beskikbaar was, het hy in Afrikaans laat vertaal. Dit was 'n reusetaak, maar het 'n groot bydrae gelewer tot die bevordering van Afrikaans.[5]

Swart het ook 'n leidende rol gespeel in die besliste optrede van die regering in 1955 om Provinsiale Rade en munisipaliteite te dwing om ordonnansies en regulasies in beide landstale af te kondig.[6] Die Provinsiale Raad van Natal en die stadsraad van Durban het dadelik heftig beswaar gemaak en hom om uitstel gevra. Uitstel is ver= leen, maar toe daar twee jaar later nog niks aan gedoen is nie, het Swart hulle verplig om aandag daaraan te gee en dit uit te voer.[7]

Die Departement van Justisie het onder leiding van Swart hieroor sterk standpunt ingeneem en geweier om langer oortreders kragtens eentalige ordonnansies te vervolg.

---

4. J. Kruger, op. cit., p. 41.
5. Ibid., p. 45.
6. The Friend, 1. 2. 1957.
7. J. Kruger, op. cit., p. 47.

Swart het ook geen regter op die regbank aangestel indien hy nie ten volle tweetalig was nie en gedurende sy tydperk as minister het Afrikaanssprekende regs=praktisyns die eerste keer 'n redelike mate van be=vordering tot die regbank gekry.[8]

In 1952 het Swart 'n komitee aangestel wat bestaan het uit regters Toon van den Heever en L.C. Steyn, asook drie akademici as adviseurs, om die bronne van die Romeins-Hollandse reg in Afrikaans te vertaal. Hy het hierdie stap gedoen omdat al hoe minder regsgeleer=des die oorspronklike Latyn kon verstaan. Dit het al hoe meer gebeur dat Engelse bronne en Engelse uitsprake in die howe gebruik is en dat die Romeins-Hollandse kultuurerfenis verlore gegaan het.

Verder is sy ministerstydperk gekenmerk deur die ideaal om 'n republiek daar te stel. Behalwe vir die wetgewing wat noodsaaklik was om die regspraak in die land sy ordelike gang te laat gaan, het hy hom beywer vir die daarstelling van wetgewing wat hierdie republikeinse ideaal sou verwesenlik. Daarom het hy hom ook pas na sy aanstelling as minister beywer vir die wet wat voor=siening gemaak het vir die afskaffing van die appèl na

---

8. Ibid.

die Britse Geheime Raad. In hierdie raad het nie net vir hom die herinnering gelê van die mag wat Brittanje eens in Suid-Afrika gehad het nie, maar ook dat dit die ontstaan van 'n republiek kon verhinder. Verder was hierdie reg tot appèl na 'n buitelandse liggaam vir hom soos 'n kanker in die Suid-Afrikaanse regstelsel aangesien daarin 'n vernedering en 'n miskenning van die land se eie regspraak gelê het.

Ook in die felheid waarmee hy die Kommunisme beveg het, het die belangrikheid van 'n onafhanklike Suid-Afrika na vore gekom. Suid-Afrika het 'n ingewikkelde rasse= samestelling, en 'n groot gedeelte van die Gekleurde bevolking sou baie vatbaar wees vir die ideologie van die Kommunisme. In die tydperk voordat hy minister ge= word het, het hy die gevaar van die Kommunisme gesien en besef dat daarin 'n bedreiging lê vir die vreedsame ontwikkeling van die verskillende volke in die land. Swart het die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme deurgevoer ongeag die binnelandse sowel as die buitelandse kritiek. In Brittanje sou hierdie twee wette hom nie lig vergewe word nie. Selfs toe hy op 12 Januarie 1960 dr. E.G. Jansen, wat oorlede is, opgevolg het as Goewerneur-generaal, is dit nog altyd teen hom gehou. Die Britse pers het hom tydens sy besoek aan die koningin, net voordat hy die amp aanvaar het, voorgehou as 'n vyand van Brittanje en veragter

van die Statebond. Een van die koerante, The Sunday Graphic, het hom selfs 'n duiwel genoem en oor die ete waartydens die koningin Swart onthaal het, geskryf: "I trust Her Majesty used a long spoon."[9]

Intussen het die republikeinse idee al sterker geword in Suid-Afrika en is daar op 5 Oktober 1960 'n referendum oor republiekwording gehou. Met 'n meerderheid van stemme is toestemming aan die regering gegee om voort te gaan met die omskepping van die Unie van Suid-Afrika in 'n republiek. Die nodige wysiginge is deur die regering aan die grondwet aangebring en sou Suid-Afrika op 31 Mei 1961 'n republiek word. Die finale bande met Brittanje sou verbreek word en die koningshuis sou nie meer 'n verteenwoordiger in Suid-Afrika hê nie. Die koningin se plek as staatshoof sou ingeneem word deur 'n staatspresident.

Reeds op 10 Mei 1961 het die kieskollege wat die staats=president volgens die veranderde grondwet moes aanwys, byeengekom. Swart is by hierdie geleentheid aangewys om op 31 Mei 1961 ingehuldig te word in hierdie amp. Sy ideaal van 'n vrye republiek sou dus verwesenlik word,

---

9. Ibid., p. 194.

en sou hy die voorreg gehad het om die eerste staatshoof daarvan te wees.[10]

In sy toespraak na sy inhuldiging as Staatspresident, het Swart nog sy laaste hulde gebring aan Brittanje en sy vors, en het ten opsigte van die koningin gesê: "Ons neem afskeid van haar met vriendskap, met aangename betrekkinge en met hoë agting gepaard met opregte goeie wense vir eie persoonlike welsyn en vir die volk oor wie sy regeer.[11]

Vir die volk van Suid-Afrika was die presidentskap in= derdaad 'n simbool van wat oor die jare heen nagestreef is. Die instelling daarvan kan as een van die grootste dade van republiekwording beskou word -- dit het beteken die vervanging van die Goewerneur-generaal en die verbreking van die laaste band met die Britse monargie -- en vir die Suid-Afrikaner het die persoon van Swart in hierdie hoe= danigheid die simbool van vryheid geword, veral vir diegene wat nog onthou het, en wat saam met hom gewerk en gestreef het om 'n onafhanklike republiek daar te stel. Hierdie amp was ook die beloning vir die werk wat feitlik 'n lewensideaal was.

---

10. Die Volksblad, 31. 5. 1961.
11. Ibid.

As staatspresident het hy vir hom in die vooruitsig gestel 'n harmonieuse Suid-Afrika en dit as volg te woord gestel: "Vreugde vir onsself en vir ons kinders, vreugde vir ons landgenote van alle rasse en kleure, vreugde vir ons land in die gemeenskap van volkere."[12]

Die amp van staatspresident het Swart beklee vir 'n tydperk van sewe jaar -- die tydperk waarvoor die grondwet voorsiening maak. Alhoewel hy herkies kon word, het hy op 31 Mei 1967 uitgetree as staats=president en afskeid geneem van die openbare lewe waar=toe hy toegetree het in 1923 as Volksraadslid vir Ladybrand.

In die sewe jaar as staatspresident het hy sy pligte net so nougeset uitgevoer as in die tyd as volksraadslid en as minister. Na sy aftrede het hy op sy plaas De Aap naby Brandfort gaan woon om die kragte wat hy nog gehad het op 73-jarige ouderdom, op sy boerdery toe te spits.

Op 16 Mei 1981 het Swart tydens die Republiekfees in Bloemfontein, waar die twintigjarige bestaan van die Republiek van Suid-Afrika in die Vrystaat herdenk is, die feesrede gelewer en getoon dat hy nog net so 'n vurige republikein was. Sy toespraak het hy begin met

---

12. Ibid.

woorde wat hy ook in 1961 gebruik het: "Na 20 jaar ge=gedenk ons 31 Mei 1961, die grootste en belangrikste dag in die geskiedenis van drie eeue -- naas die volksplanting deur Jan van Riebeeck in 1652."[13]

En ook op hierdie huldigingsdag het die volksleier met sy volk gepraat, en het hy hom veral gerig tot die jeug met die woorde: "Moenie skaam of huiwerig wees, of bang en ongelowig om vir ons land en nasie en jouself hoë ideale te stel en op te bou, hoe hoër die mikpunte, hoe beter. Bou dit uit op grondslag van ons geskiedenis met die lesse van die verlede -- want hoe dieper jy in die verlede kan kyk, hoe verder sal jy in die toekoms kan sien.

Daarom, hou aan om mooi drome te droom en groot verge=sigte te sien -- en jaag dit na met strewe en stryd, oor=tuiging en geloof.

Ek herhaal nou my wekroep op daardie dag van 31 Mei 1961:

'Hoede af vir die Verlede --
Vir die Toekoms, baadjies uit!'"[14]

Dit sou dan ook Swart se laaste openbare optrede wees.

---

13. Ibid., 26. 5. 1981.
14. Ibid.

Op 10 Junie 1982 is hy weens ligte hartversaking in die Universitas-hospitaal in Bloemfontein opgeneem. Vir meer as 'n maand was hy ernstig siek.

Op 16 Julie 1982 het hy in die hospitaal gesterf, en is nog 'n wens van hom, om in 'n vrye republiek te sterf, verwesenlik. Op 22 Julie is hy uit die Tweetoringkerk in Bloemfontein begrawe. In 'n laaste huldeblyk het mnr. P.W. Botha, die Eerste Minister, Swart so vereer: "Oud-president C.R. Swart was 'n Vrystater in murg en been. Met sy geliefde Vrystaat as magsbasis het hy sy hele land in verskeie hoedanighede gedien ......... Sy liefde vir sy vaderland, vir Afrikaans, sy humorsin en sy waardigheid het bygedra om die rysige gestalte van C.R. Swart 'n groot leier van sy volk te maak. 'n Groot stryder is nie meer daar nie."[15]

---

15. Ibid., 17. 7. 1982.

# BRONNELYS.

## 1. LITERATUUR.

Basson, J.L., 1980. J.G. Strijdom: Sy politieke loopbaan van 1929 tot 1948. Pretoria: Wonder boom.

Ballinger, M., 1969. From Union to Apartheid -- A Trek to Isolation. Cape Town: Juta.

Botha, M.C., 1979. Premierverkiesings sedert 1910. Johannesburg: Perskor.

Cater, G.M., 1958. The Politics of inequality, South Africa since 1948. London: Thames and Hudson.

Coetsee, G., 1958. Hans Strijdom, Lewensloop en beleid van Suid-Afrika se vyfde premier. Kaapstad: Tafel=berg Uitgewers.

Cronje, G., (red.) 1969. Kommunisme: Teorie en praktyk, enkele aspekte. Pretoria: J.L. van Schaik.

De Villiers, Dirk en Johanna, 1977. Paul Sauer. Kaapstad: Tafelberg.

De Villiers, Dawid, 1970. The case of South Africa. London: Tom Stacey.

Giniewski, Paul, 1961. Bantustans -- A trek towards the future. Cape Town: Human & Rousseau.

Harrel, M., 1954. A survey of Race Relations in South Africa, 1953-1954. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

Jordaan, A.C., 1974. Charles Robberts Swart, eerste staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, 'n bibliografie. Stellenbosch: Universiteit, Departement Biblioteekkunde.

Kotze, D.J., 1972. Kommunisme vandag. Kaapstad: Tafelberg.

Kotze, D.J., 1972. Soeklig op die Kommunisme. Kaapstad: Tafelberg.

Kruger, D.W., 1969. The making of a nation -- a history of the Union of South Africa, 1910-1961. Johannesburg: MacMillan.

Kruger, Jannie, 1961. Staatspresident C.R. Swart. Kaapstad Nasionale Boekhandel.

Louw, E.H., s.a. Die Kommunistiese gevaar. Kaapstad: Publikasie van die Voorligtingsdiens van die Herenigde Nasionale Party, nr. 1.

Meiring, Piet, 1972. Ons eerste ses premiers, 'n persoon= like terugblik. Kaapstad: Tafelberg.

Metrowich, F.R., 1969. Communism and Terrorism in Southern Africa. Pretoria: Africa Institute of S.A.

Moodie, T.D., 1975. The Rise of Afrikanerdom, Power, Apartheid and the Afrikaner Civil Religion. Berkeley: University of California Press.

Muller, C.F.J., 1969. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Kaapstad: Academica.

Roskam, K.L., 1960. Inter -- Racial Relationship in the Union of South Africa and the International Com= munity. Leiden: A.W. Stijthoff's Uitgevers= maatschappij.

Schoeman, Ben, 1978. My lewe in die politiek. Johannesburg Perskor.

Schoeman, B.M., 1973. Van Malan tot Verwoerd. Kaapstad Human & Rousseau.

Scholtz, G.D., 1974. Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901 tot 1966, Band 1. Johannesburg: Perskor.

Strydom, C.J. Scheepers, 1967. Black and White Africans. Cape Town: Tafelberg.

Suid-Afrika, 1975. Amptelike Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika. Johannesburg: Perskor.

Thom, H.B., 1980. D.F. Malan. Kaapstad: Tafelberg.

Thompson, L.M., 1960. The Unification of South Africa, 1902 - 1910. Oxford: Clarendon Press.

Van Jaarsveld, F.A., 1979. Die evolusie van Apartheid. Kaapstad: Tafelberg.

Van Rensburg, A.P.J., s.a. Biografie: C.R. Swart -- Briljante veelsydige mens. Artikel in Gedenk=uitgawe. Pretoria: Hoërskool Staatspresident C.R. Swart, Môregloed.

Van Rooyen, J.J., 1971. Ons politiek van naby. Kaapstad: Tafelberg.

Van Rooyen, J.J., 1976. P.W. Botha, 40 jaar. Kaapstad: Hoofraad van die Kaaplandse Nasionale Party.

Van Schoor, M.C.E. en Van Rooyen, J.J., 1960. Republieke en Republikeine. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Venter, E.A., 1980. 400 Leiers in Suid-Afrika oor vier eeue. Potchefstroom: Skrywer.

Visser, Dalena, s.a. My vader, die Staatspresident. Artikel in Gedenkuitgawe. Pretoria: Hoërskool Staatspresident C.R. Swart, Môregloed.

Weiss, P.F.D., 1964. Die Kommunistiese program in Afrika met spesiale verwysing na Suid-Afrika. Referate gelewer by die Volkskongres oor Kommunisme. Pretoria: Potchefstroom Herald.

Weyl, Nathaniel, 1970. Traitor's End. The Rise and Fall of the Communist Movement in South Africa. Cape Town: Tafelberg.

Wolmarans, H.P., 1960. Kommunisme en die Suid-Afrikaanse vakunies. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Ziedel, K., 1973. Schwarz und Weiss in Afrika - Wirklich=keit und Legenden. München: J.F. Lehmanns Verlag.

## 2. DEBATTE VAN DIE VOLKSRAAD.

Suid-Afrika (Unie). Volksraad. 1937. Debatte. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika (Unie). Volksraad. 1947. Debatte. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika (Unie). Volksraad. 1949. Debatte. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika (Unie). Volksraad. 1950. Debatte. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika (Unie). Volksraad. 1953. Debatte. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika (Unie). Volksraad. 1959. Debatte. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika (Unie). Volksraad. 1960. Debatte. Pretoria: Staatsdrukker.

3. <u>WETTE</u>.

Wette van die Unie van Suid-Afrika. 1945. Parow: Staatsdrukker.

Wette van die Unie van Suid-Afrika. 1949. Parow: Staatsdrukker.

Wette van die Unie van Suid-Afrika. 1950. Parow: Staatsdrukker.

Wette van die Unie van Suid-Afrika. 1951. Parow: Staatsdrukker.

Wette van die Unie van Suid-Afrika. 1953. Parow. Staatsdrukker.

Wette van die Unie van Suid-Afrika. 1954. Parow: Staatsdrukker.

Wette van die Unie van Suid-Afrika. 1959. Parow: Staatsdrukker.

Wette van die Republiek van Suid-Afrika. 1976. Parow: Staatsdrukker.

4. ONGEPUBLISEERDE PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS.

Van der Schyff, P.F., 1974. Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse Politiek. (Proefskrif, D.Litt, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.)

Waite, Sheridan Johns, 1965. Marxism-Leninism in a multi-racial environment: The origins and early history of the Communist Party in South Africa -- A thesis presented to the Depart= ment Political Science for the degree Doctor of Philosophy. Massachusetts: Harvard University. (Mikrofiche).

Wessels, H.A. 1972. Die stryd van Suid-Afrika teen Kommunistiese Imperialisme -- 'n Staatsfiloso= fiese studie. (Proefskrif, D.Phil., Universi= teit van die Oranje-Vrystaat.)

## 5. KOERANTE & TYDSKRIFTE.

Die Burger, 1 Jan. 1946 tot 31 Des. 1959.

Die Transvaler, 1 Jan. 1946 tot 31 Des. 1959.

Die Volksblad, 1 Jan. 1946 tot 31 Des. 1959;
31 Mei 1961; 26 Mei 1981; 17 Jul. 1982.

The Cape Argus, 1 Jan. 1950 tot 31 Des. 1959.

The Friend, 1 Jan. 1950 tot 31 Des. 1959.

The Rand Daily Mail, 1 Jan 1946 tot 31 Des. 1959.

The Star, 1 Jan. 1953 tot 31 Mrt. 1960..

The Sunday Express, 1 Jan. 1953 tot 31 Des. 1958.

Die Volkstem, 27 Febr. 1947.

Unie Buitengewone Staatskoerant, 4 Mrt. 1953.

Die Nongqai -- Amptelike Nuustydskrif van die Suid-Afrikaanse Polisie- en Gevangenisdienste, Jan.1954 - Des. 1959.

## 6. ONGEPUBLISEERDE BRONNE.

### 6.1. INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS, UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE VRYSTAAT.

P.V. 18, C.R. Swart-versameling.

P.V. 21, Nasionale Party-versameling.

P.V. 93, H.F. Verwoerd-versameling.

P.V. 94, E.G. Jansen-versameling.

6.2. Briewe van C.R. Swart, gedateer 26 Maart 1979 en 18 Mei 1979.

6.3. Persoonlike onderhoud met C.R. Swart op sy plaas De Aap, Brandfort, 16 Augustus 1980. (Onderhoud op band).

C.R. SWART: HIS ROLE AS MINISTER OF STATE, 1948 - 1959

G.J. KRUGER.

Charles Robberts Swart was born on 5 December 1894 in the district of Marquard.

In 1923 he entered public life when he became the Member of Parliament for Ladybrand, O.F.S.

Since then the only period during which he was not a member of Parliament, was from 1938 tot 1940. In 1938 he lost his seat as a result of the fusion between the National Party and the South African Party. In 1940 he returned to the House of Assembly as member for Winburg.

On 12 May 1949 he declared in the House of Assembly: "Let me say beforehand that republicanism is the centre of my political creed ever since I first entered politics. Twenty six years ago when I was first elected as a member of this assembly, I told my electors at the occasion of my election, 'If you elect me, you must know you have elected a repulican.' I am a republican. I was born a republican; I am still a republican by sentiment and through conviction." Through the whole period while he was Minister of State, he was lead by this strife for republicanism.

Shortly after his appointment as Minister of Justice, he

passed his first legislation, namely the Act for the Abolition of Appeal to the British Privy Council (1950). His main aim with this step was the prevention of the veto of a possible declaration of a republic by the council. This act was followed by legislature, e.g. the Act of the Suppression of Communism (1950), the Act on Public Safety (1953) and several others aiming to guarantee the safety and freedom of South Africa.

In 1958 mr. Swart was one of the strongest candidates for the Prime Minister's portfolio and he eventually lost his chance because provincialism played a decisive role.

In 1958 he became the last Governor General of South Africa. When the Union of South Africa became a republic in 1961, his republican ideal was fulfilled and as reward he became the first State President of this new free Republic.

This office he held until 31 May 1967 with great distinction. After retiring, he settled on his farm De Aap near Brandfort where he farmed until his death of July 16, 1982.

Ek hoop u sal my 84-jarige handskrif (veral as dit hard moeg word) kan lees

1949.

C.R. Swart
POSBUS 135
TEL. 372
BRANDFORT.
9400

Mnr. Gerrit Kruger,
Welkom

Geagte mnr. Kruger, Na aanleiding van u brief van 2 Mei —

Die plan vir die verhandeling wat u opgestel het lyk vir my goed en omvattend en ek doen 'n paar opmerkings.

Hiernee stuur ek 'n kort begrip van my lewensloop wat moontlik vir u behulpsaam sal wees. Nog 'n paar gedagtes —

I Voorbereiding vir my taak as Minister van Justisie: 1) eerste aanstelling na skool was in Dept. van Justisie toe ek nog maar 14 jaar oud was — landdroskantoor op Winburg.
2) praktiseer as advokaat in Hooggeregshof op Bloemfontein, 1919–1948
3) Sedert lidmaatskap van Volksraad (1923) altyd in Justisie-sake opgetree. — En vanaf 1934, leier van Justisie groep in Opposisie tot 1948., ~~en~~ ~~[illegible]~~ en hoof-spreker daaroor.

II Appèl na Geheime Raad. Deur my hele loopbaan ~~[illegible]~~ vir afskaffing geywer.
1934: Mosie in Volksraad daaroor — in stemming verslaan.
(?) 1947: Wetsontwerp ingedien as privaat lid — ook verslaan
1949: As Minister ingedien: Sonder teenstand aangeneem

2

III   M III d. iii)

Kommunisme - wette

Deur hierdie optrede is 'n groot ramp vir S.A. afgewer deur die agitators en ander mynere, veral in die Vakbonde, te neutraliseer in hul plan om in 1963 die groot revolusie te bewerkstellig.

IV   IV III d. x. Rehabilitasie

Beleid vasgestel en uitgevoer van opleiding van gevangenes as vakmanne ~~in~~ in 'n aantal vakke met verskaffing van nodige sertifikate. Langtermyners vrygelaat eers na dat hulle in vakke gekwalifiseer het en werk buite gekry.

V   Doodvonnisse

In dieselfde tyd as Minister en Staatspresident - is 1430 bekragtig en uitgevoer ~~maar~~ en 620: versag na gevangenisstraf maar ook 3 vrygespreek na nuwe getuienis.

Bronne: Hansard van Volksraad oor indiening van die wetsontwerpe sal baie insiggewend wees.

---

As daar verdere aangeleenthede is waaroor 'n inligting verlang, laat maar weet:

Groete u dw

C.R. Swart

BYLAE C.



26/3/79

C.R. Swart
[illegible]
Tel. 377
BRANDFORT
9400

Mrs. G. J. Kruger
Welkom

Beste mev. Kruger,
Hopende dat dit u sal help, stuur ek hier vir u 'n paar nota's oor my tydperk as Minister van Justisie waarop u kan uitbrei.

As u miskien nog inligting verlang oor een of ander aangeleentheid, vra maar.

Goeie wense

C. R. Swart

15 Wetgewing

Van groot trefkrag en betekenis o.m.

1) Afskaffing van regs voor appèl van ons Hooggeregshof na die Geheime Raad in Londen (1949).

Hierdeur is verseker dat die Geheime Raad nie in staat sou wees om ons uiteindelike Republiekwording as onwettig te verklaar nie.

2) Wet vir bestryding van Kommunisme en die oor Staatsveiligheid. Dit het die groot gevaar van beplande revolusie deur linkses in S.A. afgeweer, (soos later uit hofsake geblyk het). daar o.m. verbanning van Kommuniste leiers uit die vakbonde, wat algemene stakings beplan het; inperking van bekende bedrywige Kommuniste en opstokers. 'n Aantal het toe die land uitgevlug.

2

3) Rehabilitasie van Misdadigers.
Stelsel van opleiding in verskeie vakke van nuttige aard om veral die lang-termyn gevangenes geskoolde vakmanne te maak om dan goeie werk te kry wanneer hulle vrygelaat word en sertifikate van die Vakleerlingwette besit.

# C.R. Swart se historiese boodskap

DIE oud-Staatspresident mnr. C. R. Swart se wekroep van „baadjies uit vir die toekoms" op die Vrystaatse Republiekfees in Bloemfontein 'n week gelede het wye aanklank gevind. Dit was waarskynlik mnr. Swart se laaste groot openbare optrede en die toespraak is daarom van besondere historiese waarde. Omdat dit 'n versamelstuk kan word, volg Die Volksblad vandag die uitvoerige verslag wat hy van die toespraak geplaas het op met die volledige teks soos dit deur mnr. Swart in sy eie handskrif uitgeskryf is.

TR20

Bloemfontein 16 Mei 1981

C.R. Swart

**Boodskap**

Na 20 jaar gedenk ons 31 Mei 1961, die grootste en belangrikste dag in ons geskiedenis van drie eeue — naas die volksplanting deur Jan van Riebeeck in 1652.

Na meer as 300 jaar en die oorheersing van ons land deur regerings en konings oorsee het al ons strewe en stryd uiteindelik vir ons 'n onafhanklike en vrye Republiek met ons eie President, regering, vlag en volkslied gebring.

Op daardie dag was daar groot dankbaarheid in ons harte teenoor ons Skepper vir die vervulling van ons voorvaders se verlange en ons gebede oor al die jare.

Toe ek as eerste Staatspresident ingehuldig word, kom daarby my die groot besef dat edele en reine ideale vir 'n mens en 'n volk verwesenlik kan word.

2

C.R. Swart

Vir ons land en ons volk het ons drome gedroom en visioene gesien. Nou weet ons dat ideale nie noodwendig skimme is wat jy nooit kan vang nie, of net lugkastele wat jy nooit kan bereik nie, of reënboogpunte wat jy nie kan inhaal nie.

Nee, ideale kan bereik word.

E. On that great day with the coming of our own Republic in 1961 — in peace, without violence or bloodshed, a burning desire in our hearts over many generations was fulfilled. From now on we would have one common loyalty and that to our own beautiful and beloved country, South Africa.

I shall never forget my feelings on that day when I realised that I was the first person in our history to take an oath of allegiance and loyalty — not to governments or kings faraway overseas as in the past but to our own South Africa.

We are all bound by one common loyalty.

3

C.R. Swart

A. My boodskap vandag veral aan ons jong mense is dit: Moenie skaam of huiwerig wees of bang en ongelowig wees om vir jouself en vir ons land en volk hoë ideale te stel en op te bou nie — hoe hoër die mikpunte hoe beter. Bou die opsit of grondslag van ons geskiedenis met die lesse van die verlede — want hoe dieper jy in die verlede kan kyk, hoe verder sal jy die toekoms in kan sien.

Daarom hou aan om mooi drome te droom en groot visioene te sien — en jaag dit na met strewe en stryd, volharding en geloof.

Ek herhaal nou my wekroep op daardie dag van 31 Mei 1961.

"Hoede af vir die Verlede — Vir die Toekoms baadjies uit!"

C.R. Swart

-185-

BYLAE D.

